Republiek van Suid-Afrika ◆ Republic of South Africa

Buitengewone
Staatskoerant
Government Gazette
Extraordinary

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) *(Registered at the Post Office as a Newspaper)*

(REGULASIEKOERANT No. 437) Prys 10c Price Oorsee 15c Overseas POSVRY—POST FREE **(REGULATION GAZETTE No. 437)**

VOL. 15] KAAPSTAD, 12 JANUARIE 1965. CAPE TOWN, 12TH JANUARY, 1965. [No. 999

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. R. 48] [12 Januarie 1965

REËLS WAARBY DIE VERRIGTINGS VAN DIE VERSKILLENDE PROVINSIALE EN PLAASLIKE AFDELINGS VAN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA GEREËL WORD.

Die reëls in die Bylae vervat, waarby die verrigtings van die provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word, word kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (2) van artikel *drie-en-veertig* van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959), met ingang van 15 Januarie 1965 deur die Hoofregter na oorlegpleging met die regters-president van die onderskeie afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika met die goedkeuring van die Staatspresident uitgevaardig.

BYLAE.

INHOUDSOPGAWE.

GOVERNMENT NOTICE.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. R. 48] [12th January 1965

RULES REGULATING THE CONDUCT OF THE PROCEEDINGS OF THE SEVERAL PROVINCIAL AND LOCAL DIVISIONS OF THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA.

The Chief Justice after consultation with the judges president of the several divisions of the Supreme Court of South Africa has, in terms of paragraph (*a*) of subsection (2) of section *forty-three* of the Supreme Court Act, 1959 (Act No. 59 of 1959), with the approval of the State President made, with effect from the 15th January, 1965, the rules contained in the Annexure regulating the conduct of the proceedings of the provincial and local divisions of the Supreme Court of South Africa.

ANNEXURE.

INDEX.

REËL

VORMS—EERSTE BYLAE.

VORMS—TWEEDE BYLAE.

REËL 1.

WOORDBEPALING.

In hierdie reëls en aangehegte vorms, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

„advokaat" ook 'n persoon in artikel *een* van die Natalse Advokate en Prokureurs Behoud van Regte Wet, 1939 (Wet No. 27 van 1939) bedoel;

RULE

FORMS—FIRST SCHEDULE.

FORMS—SECOND SCHEDULE.

RULE 1.

DEFINITIONS.

In these rules and attached forms, unless the context otherwise indicates—

"Act" shall mean the Supreme Court Act, 1959 (Act No. 59 of 1959);

"action" shall mean a proceeding commenced by summons or by writ in terms of rule 9;

„aflewer" die betekening van afskrifte aan alle partye en die indiening van die oorspronklike by die griffier;

„aksie" 'n verrigting wat met 'n dagvaarding of met 'n lasbrief ingevolge reël 9 begin is;

„balju" ook 'n addisionele balju, 'n adjunk-balju en 'n assistent van 'n adjunk-balju;

„gekombineerde dagvaarding" 'n dagvaarding met 'n opgawe van feite daaraan geheg soos bedoel in subreël (2) van reël 17;

„griffier" ook 'n assistent-griffier;

„hof", met betrekking tot siviele aangeleenthede, 'n hof saamgestel ingevolge artikel *dertien* van die Wet;

„hofdag" enige dag wat nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie, en by die berekening van 'n tydperk van dae by dié reëls voorgeskryf of in 'n hofbevel bepaal, word slegs hofdae ingesluit;

„party" of 'n uitdruklike verwysing na 'n eiser of ander gedingvoerder, ook sy prokureur met of sonder 'n advokaat, soos die samehang mag vereis;

„prokureur" 'n prokureur wat in die betrokke afdeling toegelaat en ingeskryf is, en geregtig is om as sodanig aldaar te praktiseer;

„regter" 'n regter wat elders as in die ope hof sit;

„regter-president" ook, totdat 'n regter-president vir daardie afdeling aangestel is, die senior regter van die Plaaslike Afdeling Griekwaland-Wes;

„Republiek" ook die gebied Suidwes-Afrika;

„siviele dagvaarding" 'n siviele dagvaarding soos in die Wet omskryf;

„Wet" die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959).

REËL 2.

SITTINGS VAN DIE HOF EN VAKANSIES.

(1) Die termyne en sittings van die hof van elke provinsiale en plaaslike afdeling soos deur die regter-president ingevolge artikel *drie-en-veertig* van die Wet voorgeskryf, word in die *Staatskoerant* aangekondig en 'n afskrif daarvan word op die openbare kennisgewingbord by die kantoor van die griffier aangebring.

(2) As die eerste dag van 'n voorgeskrewe siviele termyn of strafsitting nie 'n hofdag is nie, begin die termyn of sitting op die eersvolgende hofdag en, as die laaste dag nie 'n hofdag is nie, eindig die termyn of sitting op die voorafgaande hofdag.

(3) Die tydperke tussen genoemde termyne is vakansie en die gewone werksaamhede van die hof word dan opgeskort, onderworpe aan subreël (4), maar minstens een regter bly beskikbaar vir werksaamhede *en* op dae deur die regter-president bepaal.

(4) Te alle tye sit dié regters op dié dae vir afhandeling van dié werksaamhede wat die regter-president bepaal.

(5) As 'n voorsittende regter dit geleë ag, kan die hof op enige plek of op ander tye sit as dié wat voorgeskryf is ingevolge hierdie reëls of reëls uitgevaardig kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (2) van artikel *drie-en-veertig* van die Wet, en die hof kan te eniger tyd gedurende 'n vakansie sit.

REËL 3.

KANTOORURE VAN GRIFFIER.

Behalwe op Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae, is die griffier se kantoor van 9 vm. tot 1.00 nm. en van 2 nm. tot 4 nm. oop: Met dien verstande dat na 3 nm. geen prosesstukke uitgereik of ingedien mag word nie behalwe 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig. In buitengewone omstandighede kan, en indien daartoe deur 'n regter gelas, moet die griffier te eniger tyd prosesstukke uitreik en dokumente ontvang.

"advocate" shall include a person referred to in section *one* of the Natal Advocates and Attorneys Preservation of Rights Act, 1939 (Act No. 27 of 1939);

"attorney" shall mean an attorney admitted, enrolled and entitled to practise as such in the division concerned;

"civil summons" shall mean a civil summons as defined in the Act;

"combined summons" shall mean a summons with a statement of claim annexed thereto in terms of subrule (2) of rule 17;

"court" in relation to civil matters shall mean a court constituted in terms of section *thirteen* of the Act;

"court day" shall mean any day other than a Saturday, Sunday or Public Holiday, and only court days shall be included in the computation of any time expressed in days prescribed by these rules or fixed by any order of court;

"deliver" shall mean serve copies on all parties and file the original with the registrar;

"judge" shall mean a judge sitting otherwise than in open court;

"judge-president" shall, until the appointment of a judge-president to that Division, include the senior judge of the Griqualand West Local Division;

"party" or any reference to a plaintiff or other litigant in terms, shall include his attorney with or without an advocate, as the context may require;

"registrar" shall include assistant registrar;

"Republic" shall include the territory of South West Africa;

"sheriff" shall include an additional sheriff, a deputy sheriff, and an assistant to a deputy sheriff.

RULE 2.

SITTINGS OF THE COURT AND VACATIONS.

(1) Notice of the terms and sessions of the court of every provincial or local division prescribed by the Judge-President in terms of section *forty-three* of the Act shall be published in the *Government Gazette* and a copy thereof shall be affixed to the public notice board at the office of the registrar.

(2) If the day prescribed for the commencement of a civil term or a criminal session is not a court day, the term or session shall commence on the next succeeding court day and, if the day prescribed for the end of a term or session is not a court day, the term or session shall end on the court day preceding.

(3) The periods between the said terms shall be period vacation, during which, subject to the provisions of subrule (4), the ordinary business of the court shall be suspended, but at least one judge shall be available on such days to perform such duties as the Judge-President shall direct.

(4) During and out of term such judges shall sit on such days for the discharge of such business as the Judge-President may direct.

(5) If it appears convenient to the presiding judge, the court may sit at any place or at a time other than a time prescribed in terms of these rules or rules made under paragraph (*b*) of sub-section (2) of section *forty-three* of the Act and may sit at any time during vacation.

RULE 3.

REGISTRAR'S OFFICE HOURS

Except on Saturdays, Sundays and Public Holidays, the offices of the registrar shall be open from 9 a.m. to 1.00 p.m. and from 2 p.m. to 4 p.m., save that, for the purpose of issuing any process or filing any document, other than a notice of intention to defend, the offices shall be open from 9 a.m. to 1.00 p.m., and from 2 p.m. to 3 p.m. The registrar may in exceptional circumstances issue process and accept documents at any time, and shall do so when directed by a judge.

REËL 4.

BETEKENING.

(1) (*a*) Prosesstukke van die hof en dokumente in aansoeke word op een van die volgende maniere deur die balju beteken:

(i) deur 'n afskrif daarvan aan die betrokke persoon persoonlik te oorhandig: Met dien verstande dat as hy minderjarig of andersins handelingsonbevoeg is, betekening aan die voog, kurator of dergelike belangewaarnemer van die handelingsonbevoegde persoon moet geskied;

(ii) deur by die woon- of besigheidsplek van die betrokke persoon of van sy voog, kurator of ander belangewaarnemer 'n afskrif daarvan by iemand te laat wat ten tye van die aflewering skynbaar in beheer van die perseel is en nie jonger as sestien jaar voorkom nie. As 'n gebou wat nie 'n hotel, losieshuis, hostel of soortgelyke woonplek is nie, deur meer as een persoon of gesin bewoon word, beteken „woon- of besigheidsplek", vir die doel van hierdie paragraaf, dié gedeelte van die gebou wat deur die persoon aan wie betekening moet geskied, bewoon word;

(iii) deur by die werkplek van die betrokke persoon of van sy voog, kurator of ander belangewaarnemer, 'n afskrif daarvan aan iemand af te lewer wat nie jonger as sestien jaar voorkom nie en skynbaar in 'n gesagsposisie teenoor hom staan;

(iv) deur in die geval waar die betrokke persoon 'n *domicilium citandi* gekies het, 'n afskrif daarvan by die *domicilium* af te lewer of te laat;

(v) deur in die geval van 'n maatskappy of ander regspersoon by die geregistreerde kantoor of vernaamste besigheidsplek binne die hof se regsgebied 'n afskrif aan 'n verantwoordelike werknemer daarvan af te gee, of as daar nie so 'n werknemer is wat bereid is om die betekening te aanvaar nie, 'n afskrif aan die hoofdeur van so 'n kantoor of besigheidsplek te heg, of deur 'n ander metode te volg wat regtens geoorloof is;

(vi) deur 'n afskrif daarvan aan enige verteenwoordiger af te gee wat behoorlik skriftelik gemagtig is om betekening namens die betrokke persoon te aanvaar;

(vii) deur in die geval van 'n vennootskap, firma of vrywillige vereniging te beteken onderskeidelik aan 'n vennoot, die eienaar of die voorsitter of sekretaris van die bestuur of ander beherende liggaam daarvan, op een van die maniere in hierdie reël beskryf;

(viii) deur in die geval van 'n plaaslike bestuur te beteken aan die stadsklerk, assistentstadsklerk of burgemeester, en in die geval van 'n statutêre liggaam aan die sekretaris of 'n dergelike amptenaar, of aan 'n lid van die bestuur, of deur 'n ander metode te volg wat regtens geoorloof is; of

(ix) deur in 'n geval waar twee of meer persone gesamentlik as trustees, likwidateurs, eksekuteurs, administrateurs, kurators of voogde aangespreek word, of op enige ander wyse as gesamentlike verteenwoordigers, aan elkeen van hulle te beteken op enige wyse in die reël uiteengesit.

(*b*) Betekening geskied so na as moontlik tussen die ure 7 vm. en 7 nm.

(*c*) Op 'n Sondag kan geen geldige betekening van 'n siviele dagvaarding, bevel of kennisgewing geskied nie, en kan geen prosesregtelike stap, behalwe die uitreiking of tenuitvoerlegging van 'n lasbrief tot arrestasie, gedoen word nie tensy die hof of 'n regter dit gelas het.

(*d*) Dit is die plig van die balju of ander persoon wat die prosesstukke of dokumente beteken, om die aard en inhoud daarvan aan die betrokke persoon te verduidelik en in sy relaas te meld dat hy dit gedoen het.

(2) As dit nie moontlik is om op enige van die voornoemde maniere te beteken nie, kan die hof op aansoek van die persoon wat die betekening verlang, 'n wyse van betekening voorskryf. As die verblyf van die persoon aan wie betekening moet geskied, onbekend is, maar dit is

RULE 4.

SERVICE.

(1) (*a*) Service of any process of the court, including any document in any application proceedings, on the person to be served shall be effected by the sheriff in one or other of the following manners:

(i) By delivering a copy thereof to the said person personally:
Provided that where such person is a minor or a person under legal disability, service shall be effected upon the guardian, tutor, curator or the like of such minor or person under disability;

(ii) by leaving a copy thereof at the place of residence or business of the said person, guardian, tutor, curator or the like with the person apparently in charge of the premises at the time of delivery, being a person apparently not less than sixteen years of age. For the purposes of this paragraph when a building, other than an hotel, boarding-house, hostel or similar residential building, is occupied by more than one person or family, "residence" or "place of business" means that portion of the building occupied by the person upon whom service is to be effected;

(iii) by delivering a copy thereof at the place of employment of the said person, guardian, tutor, curator or the like to some person apparently not less than sixteen years of age and apparently in authority over him;

(iv) if the person so to be served has chosen a *domicilium citandi*, by delivering or leaving a copy thereof at the *domicilium* so chosen;

(v) in the case of a corporation or company, by delivering a copy to a responsible employee thereof at its registered office or its principal place of business within the court's jurisdiction, or if there be no such employee willing to accept service, by affixing a copy to the main door of such office or place of business, or in any manner provided by law;

(vi) by delivering a copy thereof to any agent who is duly authorised in writing to accept service on behalf of the person upon whom service is to be effected;

(vii) where any partnership, firm or voluntary association is to be served, service shall be effected on a partner, the proprietor or on the chairman or secretary of the committee or other managing body of such association, as the case may be, in one of the manners set forth in this rule;

(viii) where a local authority or statutory body is to be served, service shall be effected by delivering a copy to the town clerk or assistant town clerk or mayor of such local authority or to the secretary or similar officer or member of the board or committee of such body, or in any manner provided by law; or

(ix) if two or more persons are sued in their joint capacity as trustees, liquidators, executors, administrators, curators or guardians, or in any other joint representative capacity, service shall be effected upon each of them in any manner set forth in this rule.

(*b*) Service shall be effected as near as possible between the hours of 7 a.m. and 7 p.m.

(*c*) No service of any civil summons, order or notice and no proceeding or act required in any civil action, except the issue or execution of a warrant of arrest, shall be validly effected on a Sunday unless the court or a judge otherwise directs.

(*d*) It shall be the duty of the sheriff or other person serving the process or documents to explain the nature and contents thereof to the person upon whom service is being effected and to state in his return that he has done so.

(2) If it is not possible to effect service in any manner aforesaid, the court may, upon the application of the person wishing to cause service to be effected, give directions in regard thereto. Where such directions are sought in regard to service upon a person known or believed

bekend of word vermoed dat hy in die Republiek is, geld die bepalinge van subreël (2) van reël 5 *mutatis mutandis*.

(3) In 'n vreemde land word 'n prosesstuk of dokument beteken—

(*a*) deur iemand wat volgens 'n sertifikaat van—

(i) die hoof van 'n Suid-Afrikaanse diplomatieke of konsulêre missie, iemand in die administratiewe of vakkundige afdeling van die Staatsdiens wat by 'n Suid-Afrikaanse diplomatieke, konsulêre of handelskantoor diens doen, 'n Suid-Afrikaanse buitelandse diensbeampte graad X of 'n Suid-Afrikaanse erekonsul-generaal, konsul, vise-konsul of handelskommissaris;

(ii) 'n diplomatieke of konsulêre beampte van 'n vreemde land wat die betekening van prosesstukke of dokumente namens die Republiek aldaar behartig;

(iii) 'n diplomatieke of konsulêre beampte van so 'n land wat in die Republiek of Suidwes-Afrika diens doen; of

(iv) 'n beampte wat teken as of namens die hoof van die departement wat met die regspleging in daardie land handel,

in daardie land regtens gemagtig is om prosesstukke of dokumente te beteken; of

(*b*) deur iemand in subparagraaf (i) of (ii) van paragraaf (*a*) genoem, indien hy in so 'n land regtens gemagtig is om sodanige prosesstuk of dokument te beteken of indien die reg van so 'n land nie sodanige betekening verbied nie en die owerhede van daardie land geen beswaar daarteen geopper het nie.

(4) In die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord Ierland, Rhodesië, Basoetoland, die Betsjoeanaland-Protektoraat of Swaziland kan 'n prosesstuk of dokument, ondanks die bepalinge van subreël (3), ook beteken word deur 'n prokureur, notaris of ander regspraktisyn aldaar wat ingevolge die reg van daardie land gemagtig is om prosesstukke of dokumente te beteken.

(5) (*a*) 'n Prosesstuk of dokument wat in 'n vreemde land beteken moet word, gaan vergesel van 'n beëdigde vertaling daarvan in 'n amptelike taal van daardie land of deel van daardie land waarin die prosesstuk of dokument beteken moet word, en van 'n gesertifiseerde afskrif van die prosesstuk of dokument en sodanige vertaling.

(*b*) 'n Prosesstuk of dokument wat beteken moet word soos in subreël (3) bepaal, word aan die griffier afgelewer met inkomsteseëls ten bedrae van R4 daaraan geheg, en met soveel geld daarby as wat die griffier voldoende ag vir die koste van betekening: Met dien verstande dat inkomsteseëls nie vereis word waar betekening namens die Regering van die Republiek of die Administrasie van Suidwes-Afrika moet geskied nie.

(*c*) Die griffier stuur 'n prosesstuk of dokument wat ingevolge paragraaf (*b*) aan hom afgelewer is, na rojering van die inkomsteseëls aan die Sekretaris van Buitelandse Sake of na 'n bestemming deur die Sekretaris van Buitelandse Sake aangedui, saam met die in paragraaf (*a*) bedoelde vertaling, vir betekening in die betrokke vreemde land. Die griffier moet homself vergewis dat die prosesstuk of dokument 'n voldoende tydperk toelaat vir tydige betekening.

(6) Betekening word op een van die volgende maniere bewys:

(*a*) waar betekening deur die balju geskied het, deur sy relaas van betekening;

(*b*) waar betekening nie deur die balju of ingevolge subreël (4) geskied het nie, deur 'n beëdigde verklaring van die persoon wat beteken het, en waar betekening in amptelike hoedanigheid aanvaar word deur 'n prokureur of 'n lid van sy personeel, of deur iemand namens die Regering van die Republiek (insluitende die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens), die Administrasie van 'n provinsie of die gebied Suidwes-Afrika of deur 'n Minister, Administrateur, of 'n ander amptenaar van die Regering of so 'n Administrasie, deur die voorlegging van 'n getekende kwitansie daarvoor.

(7) Betekening van 'n prosesstuk of dokument in 'n vreemde land word bewys—

to be within the Republic, but whose whereabouts therein cannot be ascertained, the provisions of sub-rule (2) of rule 5 shall, *mutatis mutandis*, apply.

(3) Service of any process of the court or of any document in a foreign country shall be effected—

(*a*) by any person who is, according to a certificate of—

(i) the head of any South African diplomatic or consular mission, any person in the administrative or professional division of the public service serving at a South African diplomatic, consular or trade office, any South African foreign service officer grade X or any honorary South African consul-general, consul, vice-consul or trade commissioner;

(ii) any foreign diplomatic or consular officer attending to the service of process or documents on behalf of the Republic in such country;

(iii) any diplomatic or consular officer of such country serving in the Republic or in South West Africa; or

(iv) any official signing as or on behalf of the head of the department dealing with the administration of justice in that country,

authorized under the law of such country to serve such process or document; or

(*b*) by any person referred to in sub-paragraph (i) or (ii) of paragraph (*a*), if the law of such country permits him to service such process or document or if there is no law in such country prohibiting such service and the authorities of that country have not interposed any objection thereto.

(4) Service of any process of the court or of any document in the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, Rhodesia, Basutoland, the Bechuanaland Protectorate or Swaziland may, notwithstanding the provisions of sub-rule (3), also be effected by an attorney, solicitor, notary public or other legal practitioner in the country concerned who is under the law of that country authorized to serve process of court or documents.

(5) (*a*) Any process of court or document to be served in a foreign country shall be accompanied by a sworn translation thereof into an official language of that country or part of that country in which the process or document is to be served, together with a certified copy of the process or document and such translation.

(*b*) Any process of court or document to be served as provided in sub-rule (3) shall be delivered to the registrar together with revenue stamps to the value of R4, fixed thereto, and such sum of money as the registrar considers sufficient for the costs of service: Provided that no revenue stamps shall be required where service is to be effected on behalf of the Government of the Republic or the Administration of South West Africa.

(*c*) Any process of court or document delivered to the registrar in terms of paragraph (*b*) shall, after defacement of the revenue stamps affixed thereto, be transmitted by him together with the translation referred to in paragraph (*a*), to the Secretary for Foreign Affairs or to a destination indicated by the Secretary for Foreign Affairs, for service in the foreign country concerned. The registrar shall satisfy himself that the process of court or document allows a sufficient period for service to be effected in good time.

(6) Service shall be proved in one of the following manners:

(*a*) Where service has been effected by the sheriff, by the return of service of such sheriff;

(*b*) where service has not been effected by the sheriff, nor in terms of sub-rule (4), by an affidavit of the person who effected service, or in the case of service on an attorney or a member of his staff, the Government of the Republic (including the South African Railways and Harbours), the Administration of any Province or of the territory of South West Africa or on any Minister, Administrator, or any other officer of such Government or Administration, in his capacity as such, by the production of a signed receipt therefor.

(7) Service of any process of court or document in a foreign country shall be proved—

(*a*) deur 'n sertifikaat van die persoon wat ingevolge paragraaf (*a*) van subreël (3) of subreël (4) beteken het, waarin hy homself identifiseer, vermeld dat hy deur die reg van daardie land gemagtig is om prosesstukke of dokumente te beteken en dat die prosesstuk of dokument beteken is ooreenkomstig die reg van daardie land, en die wyse en die datum waarop sodanige betekening geskied het, uiteensit: Met dien verstande dat die sertifikaat van iemand in subreël (4) bedoel behoorlik gewaarmerk moet word; of

(*b*) deur 'n sertifikaat van die persoon wat ingevolge paragraaf (*b*) van subreël (3) beteken het, waarin hy vermeld dat die prosesstuk of dokument deur hom beteken is, die wyse en datum waarop sodanige betekening geskied het en bevestig dat hy in die betrokke land regtens gemagtig is om prosesstukke of dokumente te beteken of dat die reg van so 'n land nie sodanige betekening verbied nie en dat die owerhede van daardie land nie enige beswaar daarteen geopper het nie.

(8) Dit is nie vir die balju nodig om die handtekening op die relaas van 'n adjunk-balju wat in die Republiek maar buite die regsgebied van die hof waar dit uitgereik is, 'n prosesstuk beteken het, te waarmerk nie.

(9) In elke geding waarin 'n Minister verweerder of respondent is, soos in artikel *twee* van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957 (Wet No. 20 van 1957) bedoel, kan die dagvaarding of kennisgewing waarby die geding ingestel word, aan die kantoor van die Staatsprokureur, Pretoria, beteken word.

(10) As die hof nie oortuig is dat die betekening effektief was nie, kan hy na goeddunke verdere stappe voorskryf.

(11) Wanneer 'n versoek om betekening aan iemand in die Republiek van 'n siviele prosesstuk of sitasie van 'n staat, gebied of hof buite die Republiek ontvang word en ingevolge subartikel (2) van artikel *drie-en-dertig* van die Wet aan die griffier van 'n provinsiale of plaaslike afdeling gestuur word, stuur die griffier aan die balju of adjunk-balju of aan iemand wat deur 'n regter van die betrokke afdeling aangestel is vir die betekening van sodanige prosesstuk of sitasie—

(*a*) twee afskrifte van die prosesstuk of sitasie; en

(*b*) twee afskrifte van 'n vertaling daarvan in Afrikaans of Engels, indien die oorspronklike in 'n ander taal is.

(12) Betekening geskied deur oorhandiging aan die persoon aan wie beteken moet word, van een afskrif van die prosesstuk of sitasie en een afskrif van die in hierdie reël bedoelde vertaling (as daar een is).

(13) Na betekening besorg die balju of adjunk-balju of die persoon wat vir die betekening van sodanige prosesstuk of sitasie aangestel is, aan die griffier van die betrokke afdeling een afskrif van die prosesstuk of sitasie tesame met—

(*a*) bewys van die betekening in die vorm van 'n beëdigde verklaring deur die betekenaar afgelê voor 'n landdros, vrederegter of kommissaris van ede, en bevestiging daarvan, as die betekenaar die balju of adjunk-balju, was, deur die sertifikaat en ampseël van sodanige balju, of as dit 'n persoon was deur 'n regter aangestel, deur die sertifikaat en ampseël van die griffier van die betrokke afdeling; en

(*b*) besonderhede van die koste van die betekening.

(14) Die besonderhede van die koste van betekening word aan die takseermeester van die betrokke afdeling voorgelê vir sertifisering van die juistheid daarvan.

(15) Wanneer 'n versoek om betekening van 'n siviele prosesstuk of sitasie, nagekom is, besorg die betrokke griffier aan die Sekretaris van Justisie—

(*a*) die versoek om betekening in sub-reël (11) bedoel;

(*b*) die bewys van betekening tesame met 'n sertifikaat soos in vorm 'J' van die Tweede Bylae bewoord, behoorlik geseël met die seël van die betrokke afdeling vir gebruik buite die jurisdiksie; en

(*a*) by a certificate of the person effecting service in terms of paragraph (*a*) of sub-rule (3) or sub-rule (4) in which he identifies himself, states that he is authorized under the law of that country to serve process of court or documents therein and that the process of court or document in question has been served as required by the law of that country and sets forth the manner and the date of such service: Provided that the certificate of a person referred to in sub-rule (4) shall be duly authenticated; or

(*b*) by a certificate of the person effecting service in terms of paragraph (*b*) of sub-rule (3) in which he states that the process of court or document in question has been served by him, setting forth the manner and date of such service and affirming that the law of the country concerned permits him to serve process of court or documents or that there is no law in such country prohibiting such service and that the authorities of that country have not interposed any objection thereto.

(8) Whenever any process has been served within the Republic by a deputy-sheriff outside the jurisdiction of the court from which it was issued, the signature of such deputy-sheriff upon the return of service shall not require authentification by the sheriff.

(9) In every proceeding in which a Minister is defendant or respondent as in section *two* of the State Liability Act, 1957 (Act No. 20 of 1957) provided, the summons or notice instituting such proceeding may be served at the office of the State Attorney, Pretoria.

(10) Whenever the court is not satisfied as to the effectiveness of the service, it may order such further steps to be taken as to it seems meet.

(11) Whenever a request for the service on a person in the Republic of any civil process or citation is received from a State, territory or court outside the Republic and is transmitted to the registrar of a provincial or local division in terms of sub-section (2) of section *thirty-three* of the Act, the registrar shall transmit to the sheriff or a deputy-sheriff or any person appointed by a judge of the division concerned for service of such process or citation—

(*a*) two copies of the process or citation to be served; and

(*b*) two copies of a translation in English or Afrikaans of such process or citation if the original is in any other language.

(12) Service shall be effected by delivering to the person to be served one copy of the process or citation to be served and one copy of the translation (if any) thereof in accordance with the provisions of this rule.

(13) After service has been effected the sheriff or the deputy-sheriff or the person appointed for the service of such process or citation shall return to the registrar of the division concerned one copy of the process or citation together with—

(*a*) proof of service, which shall be by affidavit made before a magistrate, justice of the peace or commission of oaths by the person by whom service has been effected and verified, in the case of service by the sheriff or a deputy-sheriff, by the certificate and seal of office of such sheriff or, in the case of service by a person appointed by a judge of the division concerned, by the certificate and seal of office of the registrar of the division concerned; and

(*b*) particulars of charges for the cost of effecting such service.

(14) The particulars of charges for the cost of effecting service shall be submitted to the taxing officer of the division concerned, who shall certify the correctness if such charges or other amount payable for the cost of effecting service.

(15) The registrar concerned shall, after effect has been given to any request for service of civil process or citation, return to the Secretary for Justice—

(*a*) the request for service referred to in sub-rule (11);

(*b*) the proof of service together with a certificate in accordance with form "J" of the Second Schedule duly sealed with the seal of the division concerned for use out of the jurisdiction; and

(*c*) die besonderhede van die koste van betekening en die bevestigende sertifikaat, of 'n afskrif daarvan.

REËL 5.

EDIKTALE SITASIE.

(1) Buite die Republiek mag 'n prosesstuk of dokument waarby 'n geding ingestel word, alleen met verlof van die hof beteken word.

(2) Verlof word deur die persoon wat dit verlang aangevra by aansoek, wat 'n saaklike uiteensetting van die aard en omvang van die eis moet bevat, die gronde waarop dit berus en waarop die hof jurisdiksie het om die eis te bereg, en die wyse van betekening wat die hof gevra word om te magtig. As dit nie persoonlike betekening is nie, moet in die aansoek die laas bekende verblyfplek van die betrokke persoon vermeld word en die navrae wat gedoen is om sy huidige verblyfplek te bepaal. Die hof kan na goeddunke die wyse van betekening voorskryf en die tyd bepaal waarbinne kennis van voorneme om te verdedig gegee moet word of enige ander stap gedoen moet word deur die persoon aan wie betekening moet geskied. Waar betekening deur publikasie beveel word, kan dit in 'n vorm so na moontlik bewoord soos Vorm 1 in die Eerste Bylae wees, goedgekeur en onderteken deur die griffier.

(3) As die betrokke dokument nie een is waarby 'n geding ingestel word nie, kan verlof vir betekening daarvan buite die Republiek, deur die persoon wat dit verlang, aangevra word ingevolge subreël (2), of terwyl die saak voor die hof dien, in watter geval geen dokumente ter stawing van die aansoek ingedien hoef te word nie, en mondelinge inligting van die balie af voldoende is, of inligting soos deur die hof vereis, en die hof kan dan na goeddunke 'n bevel gee.

REËL 6.

AANSOEKE.

(1) Behalwe waar 'n petisie by wet voorgeskryf is, geskied 'n aansoek by kennisgewing van mosie, gesteun deur n beëdigde verklaring wat die feite bevat waarop die aansoek berus.

(2) Wanneer prestasie van iemand geëis word of waar dit nodig of wenslik is om iemand kennis van 'n aansoek te gee, word die kennisgewing van mosie aan sowel die griffier as die betrokke persoon gerig; anders net aan die griffier.

(3) Elke petisie eindig met die vorm van bevel wat gevra word en word deur of namens die petisionaris onder eed bevestig.

(4) (*a*) Elke aansoek wat *ex parte* gedoen word (hetsy by wyse van petisie of by kennisgewing aan die griffier gesteun deur 'n beëdigde verklaring soos voormeld), word twee hofdae voor die dag waarop dit aangehoor moet word, by die griffier ingedien en ter rolle geplaas. As dit by kennisgewing aan die griffier geskied, moet die kennisgewing die vorm van die bevel wat aangevra word, bevat en die beëdigde verklaring waarop gesteun word noem, en die griffier moet daarin gevra word om die saak vir beregting ter rolle te plaas, so na moontlik soos Vorm 2 in die Eerste Bylae.

(*b*) Iemand wat 'n belang het wat geraak kan word deur die beslissing van 'n aansoek *ex parte*, kan kennis gee van 'n aansoek om verlof om te bestry, gesteun deur 'n beëdigde verklaring waarin hy die aard van sy belang en die gronde waarop hy verlang om aangehoor te word, uiteensit, waarop die griffier die aansoek ter rolle plaas vir beregting saam met eersgenoemde aansoek.

(*c*) Die hof kan by die verhoor die aansoeke onderskeidelik toestaan of afwys, of uitstel op sodanige voorwaardes betreffende die indiening van verdere beëdigde verklarings as wat hy goed dink.

(5) (*a*) Elke aansoek wat nie 'n *ex parte*-aansoek is nie, geskied by kennisgewing van mosie so na moontlik bewoord soos Vorm 2 (*a*) van die Eerste Bylae, en juiste afskrifte van die kennisgewing en alle aanhangsels daartoe

(*c*) the particulars of charges for the cost of effecting service and the certificate, or copy thereof, certifying the correctness of such charges.

RULE 5.

EDICTAL CITATION.

(1) Save by leave of the court no process or document whereby proceedings are instituted shall be served outside the Republic.

(2) Any person desiring to obtain such leave shall make application to the court setting forth concisely the nature and extent of his claim, the grounds upon which it is based and upon which the court has jurisdiction to entertain the claim and also the manner of service which the court is asked to authorize. If such manner be other than personal service, the application shall further set forth the last known whereabouts of the person to be served and the enquiries made to ascertain his present whereabouts. Upon such application the court may make such order as to the manner of service as to it seems meet and shall further order the time within which notice of intention to defend is to be given or any other step is to be taken by the person to be served. Where service by publication is ordered, it may be in a form as near as may be in accordance with Form 1 of the First Schedule, approved and signed by the registrar.

(3) Any person desiring to obtain leave to effect service outside the Republic of any document, other than one whereby proceedings are instituted, may either make application for such leave in terms of sub-rule (2) or request such leave at any hearing at which the court is dealing with the matter, in which latter event no papers need be filed in support of such request, and the court may act upon such information as may be given from the bar or given in such other manner as it may require, and may make such order as to it seems meet.

RULE 6.

APPLICATIONS.

(1) Save where proceedings by way of petition are prescribed by law, every application shall be brought on notice of motion supported by an affidavit as to the facts upon which the applicant relies for relief.

(2) When relief is claimed against any person, or where it is necessary or proper to give any person notice of such application, the notice of motion shall be addressed to both the registrar and such person, otherwise it shall be addressed to the registrar only.

(3) Every petition shall conclude with the form of order prayed and be verified upon oath by or on behalf of the petitioner.

(4) (*a*) Every application brought *ex parte* (whether by way of petition or upon notice to the registrar supported by an affidavit as aforesaid) shall be filed with the registrar and set down, on the court day but one preceding the day upon which it is to be heard. If brought upon notice to the registrar, such notice shall set forth the form of order sought, specify the affidavit filed in support thereof, request him to place the matter on the roll for hearing, and be as near as may be in accordance with Form 2 of the First Schedule.

(*b*) Any person having an interest which may be affected by a decision on an application being brought *ex parte*, may deliver notice of an application by him for leave to oppose, supported by an affidavit setting forth the nature of such interest and the ground upon which he desires to be heard, whereupon the registrar shall set such application down for hearing at the same time as the application first mentioned.

(*c*) At the hearing the court may grant or dismiss either of or both such applications as the case may require, or may adjourn the same upon such terms as to the filing of further affidavits by either applicant or otherwise as to it seems meet..

(5) (*a*) Every application other than one brought *ex parte* shall be brought on notice of motion as near as may be in accordance with Form 2 (*a*) of the First Schedule and true copies of the notice, and all annexures thereto, shall

word aan elke party aan wie kennis daarvan gegee moet word, beteken.

(*b*) In die kennisgewing noem die applikant 'n adres binne vyf myl van die kantoor van die griffier, waar hy kennisgewing en betekening van alle dokumente in die geding sal aanvaar, en gee hy minstens vyf dae tyd waarbinne die respondent na betekening skriftelik die applikant kennis moet gee of hy van voorneme is om die aansoek te bestry, en meld hy verder dat as kennis nie aldus gegee word nie, die aansoek op 'n bepaalde dag, minstens sewe dae na betekening van die kennisgewing aan die respondent, vir beregting ter rolle geplaas sal word.

(*c*) As die respondent nie binne die in die kennisgewing vasgestelde tyd kennis gee van sy voorneme om te bestry nie, kan die applikant die saak vir beregting ter rolle plaas deur die griffier voor middag op die tweede hofdag voor die dienende dag kennis van terrolleplasing te gee.

(*d*) Iemand wat die toestaan van 'n bevel in die kennisgewing van mosie aangevra, bestry—

(i) gee die applikant binne die tyd in die kennisgewing vermeld, skriftelik kennis dat hy van voorneme is om die aansoek te bestry, met vermelding van 'n adres binne vyf myl van die kantoor van die griffier, waar hy kennisgewing en betekening van alle dokumente sal aanvaar;

(ii) lewer binne veertien dae na betekening aan hom van die kennisgewing van mosie, sy antwoordende beëdigde verklaring af, as hy een het, tesame met enige desbetreffende dokumente; en

(iii) as hy net 'n regspunt wil opper, lewer hy 'n kennisgewing te dien effekte af binne die tyd bepaal in die voorafgaande subparagraaf, waarin die regspunt uiteengesit is.

(*e*) Die applikant kan binne sewe dae na betekening aan hom van die in subparagraaf (ii) van paragraaf (*d*) bedoelde beëdigde verklaring en dokumente 'n repliserende beëdigde verklaring aflewer. Die hof kan na goeddunke die indiening van verdere beëdigde verklarings toelaat.

(*f*) As geen antwoordende verklaring of kennisgewing van 'n regspunt binne die in subparagraaf (ii) van paragraaf (*d*) voorgeskrewe tyd afgelewer word nie, kan die applikant binne vier dae na die verstryking daarvan by die griffier 'n verhoordatum aanvra. As so 'n verklaring of kennisgewing wel afgelewer word, kan die applikant binne vier dae na die aflewering van sy repliserende beëdigde verklaring, of as hy nie een indien nie, binne vier dae na die verstryking van die in paragraaf (*e*) genoemde tydperk 'n datum aanvra. As hy nie binne die betrokke tyd 'n datum aanvra nie, kan die respondent dit onmiddellik doen. Skriftelike kennis van die toegewese datum word onverwyld deur die applikant of respondent, na gelang van die geval, aan die teenparty gegee.

(*g*) As 'n aansoek nie behoorlik op beëdigde verklaring beslis kan word nie, kan die hof die aansoek van die hand wys of na goeddunke 'n bevel gee om 'n regverdige en spoedige beslissing te verseker. In die besonder, maar sonder om die omvang van die voorgaande in te kort, kan hy beveel dat mondelinge getuienis aangehoor word ten einde 'n bepaalde feitegeskil te beslis en kan hy vir daardie doel 'n deponent beveel om persoonlik te verskyn of kan hy verlof gee dat hy of enigiemand anders gedagvaar word om te verskyn en ondervra en gekruisvra te word as 'n getuie, of hy kan die saak vir verhoor verwys met gepaste voorskrifte betreffende pleitstukke, die omskrywing van geskilpunte, of iets anders.

(6) Die hof kan na aanhoring van 'n aansoek, hetsy *ex parte* of andersins, 'n bevel weier (behalwe betreffende koste, as daar is) maar die applikant verlof gee om die aansoek op dieselfde stukke, aangevul met sodanige verdere beëdigde verklarings as wat nodig mag wees, te hernieu.

(7) (*a*) 'n Party tot enige aansoek kan 'n teenaansoek doen of kan enige party daarby voeg soos hy dit sou kon gedoen het as hy verweerder in 'n aksie was en die ander partye tot die aansoek partye tot so 'n aksie was. Reël 10 geld dan *mutatis mutandis*.

be served upon every party to whom notice thereof is to be given.

(*b*) In such notice the applicant shall appoint an address within five miles of the office of the registrar at which he will accept notice and service of all documents in such proceedings, and shall set forth a day, not less than five days after service thereof on the respondent, on or before which such respondent is required to notify the applicant in writing whether he intends to oppose such application, and shall further state that if no such notification is given the application will be set down for hearing on a stated day, not being less than seven days after service on the said respondent of the said notice.

(*c*) If the respondent does not, on or before the day mentioned for that purpose in such notice, notify the applicant of his intention to oppose, the applicant may place the matter on the roll for hearing by giving the registrar notice of set down before noon on the court day but one preceding the day upon which the same is to be heard.

(*d*) Any person opposing the grant of an order sought in the notice of motion shall:

(i) within the time stated in the said notice, give applicant notice in writing that he intends to oppose the application, and in such notice appoint an address within five miles of the office of the registrar at which he will accept notice and service of all documents;

(ii) within fourteen days of the service on him of the notice of motion, deliver his answering affidavit, if any, together with any relevant documents; and

(iii) if he intends to raise any question of law only he shall deliver notice of his intention to do so, within the time stated in the preceding subparagraph, setting forth such question.

(*e*) Within seven days of the service upon him of the affidavit and documents referred to in sub-paragraph (ii) of paragraph (*d*) of sub-rule (5) the applicant may deliver a replying affidavit. The court may in its discretion permit the filing of further affidavits.

(*f*) Where no answering affidavit, or notice in terms of sub-paragraph (ii) of paragraph (*d*), is delivered within the period referred to in sub-paragraph (ii) of paragraph (*d*) the applicant may within four days of the expiry thereof apply to the registrar to allocate a date for the hearing of the application. Where an answering affidavit or notice is delivered the applicant may apply for such allocation within four days of the delivery of his replying affidavit or, if no replying affidavit is delivered, within four days of the expiry of the period referred to in paragraph (*e*). If the applicant fails so to apply within the appropriate period aforesaid, the respondent may do so immediately upon the expiry thereof. Notice in writing of the date allocated by the registrar shall forthwith be given by applicant or respondent, as the case may be, to the opposite party.

(*g*) Where an application cannot properly be decided on affidavit the court may dismiss the application or make such order as to it seems meet with a view to ensuring a just and expeditious decision. In particular, but without affecting the generality of the aforegoing, it may direct that oral evidence be heard on specified issues with a view to resolving any dispute of fact and to that end may order any deponent to appear personally or grant leave for him or any other person to be subpoenaed to appear and be examined and cross-examined as a witness or it may refer the matter to trial with appropriate directions as to pleadings or definition of issues, or otherwise.

(6) The court, after hearing an application whether brought *ex parte* or otherwise, may make no order thereon (save as to costs if any) but grant leave to the applicant to renew the application on the same papers supplemented by such further affidavits as the case may require.

(7) (*a*) Any party to any application proceedings may bring a counter-application or may join any party to the same extent as would be competent if the party wishing to bring such counter-application or join such party were a defendant in an action and the other parties to the application were parties to such action. In the latter event rule 10 shall apply *mutatis mutandis*.

(*b*) Die tydperke ten opsigte van aansoeke voorgeskryf is *mutatis mutandis* van toepassing op teenaansoeke: Met dien verstande dat die hof indien goeie gronde aangevoer word, die beregting van die aansoek kan uitstel.

(8) Iemand teen wie 'n bevel *ex parte* toegestaan is, kan die keerdatum vervroeg met vier-en-twintig uur kennisgewing.

(9) 'n Afskrif van elke aansoek in verband met die boedel van 'n gestorwene of van iemand wat beweer word 'n verkwister te wees, of wat handelsonbevoegd is op geestelike of ander gronde, word, voor so 'n aansoek by die griffier ingedien word, aan die Weesheer vir oorweging en verslag voorgelê; en as iemand by die hof aanbeveel staan te word vir aanstelling as kurator van eiendom, word so 'n aanbeveling ook aan die Weesheer vir verslag voorgelê.

(10) Die bepalings van subreël (9) geld ook vir alle aansoeke om aanstelling van administrateurs en trustees ingevolge aktes of kontrakte betreffende trustfondse of vir die administrasie van trusts wat by testamentêre beskikking geskep is.

(11) Ondanks die voorgaande subreëls, kan interlokutoriese aansoeke en aansoeke wat betrekking het op hangende gedinge, geskied by kennisgewing, gesteun deur desbetreffende beëdigde verklarings, en ter rolle geplaas word vir 'n tyd deur die griffier toegewys of deur 'n regter vasgestel.

(12) (*a*) By dringende aansoeke kan die hof of 'n regter afsien van die vorms en betekening wat die reëls voorskryf en kan hy so 'n aangeleentheid afhandel waar en wanneer en soos hy goeddink, maar sover moontlik in ooreenstemming met die reëls.

(*b*) In elke beëdigde verklaring of petisie wat ter ondersteuning van 'n aansoek ingevolge paragraaf (*a*) van hierdie subreël ingedien word, moet die applikant uitdruklik die omstandighede vermeld wat volgens hom die aangeleentheid dringend maak en die redes waarom hy beweer dat hy nie mettertyd wesenlike verhaal by gewone beregting sal kry nie.

(13) By 'n aansoek ampshalwe teen 'n Minister of ander amptenaar of dienaar van die Staat is die onderskeie tydperke bepaal in paragraaf (*b*) van subreël (5), of vir die keerdatum van 'n bevel *nisi*, minstens veertien dae na die betekening van die kennisgewing van mosie of die bevel *nisi*, tensy die hof spesiaal 'n korter tydperk gemagtig het.

(14) Reëls 10, 11, 12 en 13 geld *mutatis mutandis* vir alle aansoeke.

(*b*) Such notice shall be complied with within seven days.

(*c*) Paragraphs (*a*) and (*b*) shall apply *mutatis mutandis* to a defendant sued by an association.

(10) Paragraphs (*d*) to (*h*) of sub-rule (5) shall apply *mutatis mutandis* when—

(*a*) A plaintiff alleges that any member, servant or agent of the defendant association is liable in law for its alleged debt;

(*b*) a defendant alleges that any member, servant or agent of the plaintiff association will be responsible in law for the payment of any costs which may be awarded against the association.

(11) Sub-rule (7) shall apply *mutatis mutandis* in regard to the continuance of the proceedings against any member, servant or agent referred to in paragraph (*a*) of sub-rule (10).

(12) Sub-rule (6) of rule 21 shall apply *mutatis mutandis* in the circumstances set out in paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-rule (5) and in sub-rule (9) hereof.

REËL 15.

VERANDERING VAN PARTYE.

(1) Geen verrigtinge word beëindig bloot vanweë die dood, huwelik of ander statusverandering van 'n party daartoe nie, tensy die oorsaak van die verrigtinge daardeur uitgewis word.

(2) Wanneer in omstandighede soos in subreël (1) bedoel, dit nodig word of gepas is om nog iemand as 'n party in te bring (hetsy bykomend tot of in die plek van die party op wie die verrigtinge betrekking het), kan enige party daartoe onverwyld by kennisgewing aan so iemand, aan elke ander party en aan die griffier, so iemand as 'n party byvoeg of in die plek stel en behoudens enige bevel kragtens subreël (4) hiervan, gaan die verrigtinge daarop voort ten opsigte van die persoon aldus bygevoeg of in die plek gestel, asof hy 'n aanvanklike party was, en alle stappe regsgeldig gedoen voor die byvoeging of indieplekstelling bly ten volle van krag: Met dien verstande dat na die aanvang van die verhoor van 'n bestrede saak so 'n kennisgewing alleen gegee kan word met verlof van die hof op voorwaardes betreffende uitstel of iets anders wat hy goeddink; en met dien verstande verder dat die kennisgewing wat beteken word aan iemand wat daardeur as 'n party gevoeg word, in aansoekverrigtinge vergesel moet gaan van afskrifte van alle kennisgewings, beëdigde verklarings en belangrike dokumente wat voorheen afgelewer is, en in verhoorsake van afskrifte van al die pleitstukke en soortgelyke dokumente wat reeds ingedien is, tensy so iemand deur 'n prokureur verteenwoordig word wat reeds in besit daarvan is.

(3) Wanneer 'n party te sterwe kom of onbevoeg word om as party op te tree, kan sy eksekuteur, kurator, trustee of dergelike verteenwoordiger by kennisgewing aan alle ander partye en aan die griffier te kenne gee dat hy verlang om in sy verteenwoordigende hoedanigheid in die plek van so 'n party gestel te word, en tensy die hof anders gelas, word hy daarna vir alle doeleindes geag aldus in die plek gestel te wees.

(4) Die hof kan op aansoek van 'n party, by kennisgewing afgelewer binne een-en-twintig dae na betekening van die kennisgewing in subreël (2) of (3) bedoel, 'n aldus verkreë byvoeging of indieplekstelling ter syde stel of wysig, of die aansoek afwys, of die byvoeging of indieplekstelling bekragtig met of sonder voorskrifte aangaande die aflewering van beëdigde verklarings of pleitstukke, of aangaande uitstel of verdaging of koste of iets anders.

REËL 16.

VERTEENWOORDIGING VAN PARTYE.

(1) 'n Party wat persoonlik 'n geding instel of verdedig, kan te eniger tyd 'n prokureur aanstel om namens hom op te tree, wat dan 'n volmag moet indien en kennis van sy naam en adres aan alle ander partye moet gee.

(2) 'n Party wat in enige verrigtinge deur 'n prokureur verteenwoordig word, kan te eniger tyd behoudens die bepalings van reël 40 so 'n prokureur se magtiging om namens hom op te tree opsê en daarna persoonlik optree of 'n ander prokureur aanstel, waarna hy onverwyld aan die griffier en aan alle ander partye kennis moet gee van die opsegging, en as hy 'n ander prokureur aangestel het, van laasgenoemde se naam en adres. Die ander prokureur moet onverwyld by die griffier 'n prokurasie indien waarby hy gemagtig word om in die saak op te tree. As hy nie 'n ander prokureur aanstel nie, moet die party in die kennisgewing van opsegging ook 'n adres aangee wat binne vyf myl van die hof is, vir die betekening aan hom van alle dokumente in die verrigtinge.

(3) By ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge subreël (1) of (2) word die adres van die prokureur of van die party, na gelang van die geval, die adres vir die betekening aan hom van alle dokumente in die verrigtinge, maar 'n betekening behoorlik uitgevoer op 'n ander plek voor die ontvangs van so 'n kennisgewing is ondanks die verandering vir alle doeleindes geldig.

RULE 15.

CHANGE OF PARTIES.

(1) No proceedings shall terminate solely by reason of the death, marriage or other change of status of any party thereto unless the cause of such proceedings is thereby extinguished.

(2) Whenever by reason of an event referred to in subrule (1) it becomes necessary or proper to introduce a further person as a party in such proceedings (whether in addition to or in substitution for the party to whom such proceedings relate) any party thereto may forthwith by notice to such further person, to every other party and to the registrar, add or substitute such further person as a party thereto, and subject to any order made under subrule (4) hereof, such proceedings shall thereupon continue in respect of the person thus added or substituted as if he had been a party from the commencement thereof and all steps validly taken before such addition or substitution shall continue of full force and effect: Provided that save with the leave of the court granted on such terms (as to adjournment or otherwise) as to it may seem meet, no such notice shall be given after the commencement of the hearing of any opposed matter; and provided further that the copy of the notice served on any person joined thereby as a party to the proceedings shall (unless such party is represented by an attorney who is already in possession thereof), be accompanied in application proceedings by copies of all notices, affidavits and material documents previously delivered, and in trial matters by copies of all pleadings and like documents already filed of record.

(3) Whenever a party to any proceedings dies or ceases to be capable of acting as such, his executor, curator, trustee or similar legal representative, may by notice to all other parties and to the registrar intimate that he desires in his capacity as such thereby to be substituted for such party, and unless the court otherwise orders, he shall thereafter for all purposes be deemed to have been so substituted.

(4) The court may upon notice of application delivered by any party within twenty-one days of service of notice in terms of sub-rule (2) or (3), set aside or vary any addition or substitution of a party thus effected or may dismiss such application or confirm such addition or substitution, on such terms, if any, as to the delivery of any affidavits or pleadings, or as to postponement or adjournment, or as to costs or otherwise, as to it may seem meet.

RULE 16.

REPRESENTATION OF PARTIES.

(1) Any party bringing or defending any proceedings in person may at any time appoint an attorney to act on his behalf, who shall file a power of attorney and give notice of his name and address to all other parties to the proceedings.

(2) Any party represented by an attorney in any proceedings may at any time, subject to the provisions of rule 40, terminate such attorney's authority to act for him, and thereafter act in person or appoint another attorney to act for him therein, whereupon he shall forthwith give notice to the registrar and to all other parties of the termination of his former attorney's authority, and if he has appointed a further attorney so to act for him, of the latter's name and address. The further attorney so appointed shall forthwith file with the registrar a power of attorney authorising him so to act. If no further attorney is so acting, such person shall in the notice of the termination of his former attorney's authority, as aforesaid, also notify all other parties of an address within five miles of the court for the service on him of all documents in such proceedings.

(3) Upon receipt of a notice in terms of sub-rule (1) or (2) the address of the attorney or of the party, as the case may be, shall become the address of such party for the service upon him of all documents in such proceedings, but any service duly effected elsewhere before receipt of such notice shall notwithstanding such change, for all purposes be valid.

(4) 'n Prokureur wat in enige verrigtinge ophou om 'n party te verteenwoordig, moet onverwyld die griffier en alle partye skriftelik daarvan kennis gee. So 'n kennisgewing het dieselfde regsgevolge as een ingevolge subreël (2): Met dien verstande dat geen stukke meer aan so 'n party beteken hoef te word nie tensy hy self binne drie dae alle ander partye van 'n nuwe adres vir betekening kennis gegee het, of tensy die hof anders beveel.

REËL 17.

DAGVAARDING.

(1) Iedereen wat 'n eis teen iemand anders instel, kan deur die kantoor van die griffier 'n dagvaarding of 'n gekombineerde dagvaarding uitreik, so na moontlik bewoord soos Vorm 9 of Vorm 10 in die Eerste Bylae, gerig aan die balju, waarin hy gelas word om die verweerder onder andere mee te deel dat as hy die eis betwis en wil verdedig, hy—

(*a*) binne die daarin genoemde tyd kennis moet gee van sy voorneme om te verdedig; en

(*b*) as die dagvaarding 'n gekombineerde dagvaarding is, binne veertien dae daarna 'n pleit (met of sonder teeneis) 'n eksepsie of 'n aansoek om deurhaling moet aflewer.

(2) Behalwe waar die eis vir skuld is of 'n gelikwideerde eis is, moet aan die dagvaarding 'n verklaring geheg word wat die wesenlike feite bevat waarop die eiser ter stawing van sy eis steun en wat onder andere aan reëls 18 en 20 voldoen.

(3) Elke dagvaarding moet deur die eiser se prokureur onderteken wees en 'n prokureur se adres bevat wat binne vyf myl van die hofsetel af is, of as geen prokureur optree nie, moet dit deur die eiser onderteken wees en ook 'n adres binne vyf myl van die hofsetel af bevat, waar hy betekening van alle daaropvolgende dokumente in die geding sal aanvaar; daarna word dit deur die griffier onderteken en uitgereik, met opdrag aan die balju om deur die griffier aan die hof relaas te gee.

(4) Elke dagvaarding moet vermeld—

(*a*) die naam (met waar moontlik die voornaam of voorletters) waaronder die verweerder aan die eiser bekend is, sy woon- of besigheidsplek en, waar bekend, sy beroep en, indien hy as verteenwoordiger gedagvaar word, sy desbetreffende hoedanigheid, asook sy geslag en, in die geval van 'n vrouspersoon, haar huwelikstaat;

(*b*) die volle naam, geslag en beroep en die woon- of besigheidsplek van die eiser en, waar hy as verteenwoordiger dagvaar, sy desbetreffende hoedanigheid, en as die eiser 'n vrouspersoon is, ook haar huwelikstaat.

REËL 18.

PLEITSTUKKE IN DIE ALGEMEEN.

(1) 'n Gekombineerde dagvaarding en elke ander pleitstuk behalwe 'n dagvaarding word deur 'n advokaat en 'n prokureur onderteken of as 'n party persoonlik optree, deur homself.

(2) Die titel van die aksie, wat die name van die partye bevat, en die nommer daaraan deur die griffier toegeken, moet bo-aan elke pleitstuk verskyn: Met dien verstande dat waar die partye talryk is of die titel lank en 'n verkorting redelik moontlik is, dit verkort moet word.

(3) Elke pleitstuk word in paragrawe (insluitende subparagrawe) verdeel wat agtereenvolgens genommer word en wat elk, sover moontlik, 'n afsonderlike bewering bevat.

(4) Elke pleitstuk bevat 'n duidelike en bondige stelling van die wesenlike feite waarop die eis, verweer of antwoord, na gelang van die geval, berus, in voldoende besonderhede om die teenparty in staat te stel om daarop te antwoord.

(5) Wanneer 'n party in 'n pleitstuk 'n feitebewering in die vorige pleitstuk van die teenparty ontken, moet hy die wesenlike punt beantwoord en nie ontwyk nie.

(4) Where an attorney acting in any proceedings for a party ceases so to act, he shall forthwith notify the registrar and all parties in writing accordingly. Such notification shall be of the same force and effect as a notice under sub-rule (2): Provided that, unless the party for whom such attorney was acting himself within three days notifies all other parties to the proceedings of a new address for service, it shall not, save in so far as the court otherwise orders, be necessary to serve any documents upon him.

RULE 17.

SUMMONS

(1) Every person making a claim against any other person may, through the office of the registrar, sue out a summons or a combined summons as near as may be in accordance with Form 9 or Form 10 of the First Schedule addressed to the sheriff directing him to inform the defendant *inter alia* that, if he disputes the claim, and wishes to defend he shall,

(*a*) within the time stated therein, give notice of his intention to defend;

(*b*) thereafter, if the summons is a combined summons, within fourteen days after giving such notice, deliver, with or without a claim in reconvention, a plea, exception, or application to strike out.

(2) In every case where the claim is not for a debt or liquidated demand there shall be annexed to the summons a statement of the material facts relied upon by the plaintiff in support of his claim, which statement shall *inter alia* comply with rules 18 and 20.

(3) Every summons shall be signed by the attorney acting for the plaintiff and shall bear an attorney's address, within five miles of the seat of the court, or if no attorney is acting, it shall be signed by the plaintiff, who shall in addition append an address within five miles of the seat of the court at which he will accept service of all subsequent documents in the suit, and shall thereafter be signed and issued by the registrar and made returnable by the sheriff to the court through the registrar.

(4) Every summons shall set forth—

(*a*) the name (including where possible the first name or initials) by which the defendant is known to the plaintiff, his residence or place of business and, where known, his occupation and, if he is sued in any representative capacity, such capacity. The summons shall also state the defendant's sex and, if a female, her marital status;

(*b*) the full names, sex and occupation and the residence or place of business of the plaintiff, and where he sues in a representative capacity, such capacity. If the plaintiff is a female the summons shall state her marital status.

RULE 18.

RULES RELATING TO PLEADING GENERALLY.

(1) A combined summons, and every other pleading except a summons, shall be signed by an advocate and an attorney, or if a party sues or defends personally, by such party.

(2) The title of the action describing the parties thereto and the number assigned thereto by the registrar, shall appear at the head of each pleading, provided that where the parties are numerous or the title lengthy and abbreviation is reasonably possible, it shall be so abbreviated.

(3) Every pleading shall be divided into paragraphs (including sub-paragraphs) which shall be consecutively numbered and shall, as nearly as possible, each contain a distinct averment.

(4) Every pleading shall contain a clear and concise statement of the material facts upon which the pleader relies for his claim, defence or answer to any pleading, as the case may be, with sufficient particularity to enable the opposite party to reply thereto.

(5) When in any pleading a party denies an allegation of fact in the previous pleading of the opposite party, he shall not do so evasively but shall answer the point of substance.

(6) 'n Party wat in sy pleitstuk op 'n kontrak steun, moet meld of die kontrak skriftelik of mondeling was en wanneer, waar en deur wie dit gesluit is.

(7) Dit is nie nodig om in 'n pleitstuk die omstandighede te meld waarvan 'n beweerde stilswyende bepaling afgelei kan word nie.

(8) Waar 'n party wat vir herstel van huweliksregte, egskeiding of geregtelike skeiding dagvaar, skuldig is aan owerspel, moet hy die tyd en plek daarvan in sy dagvaarding meld en kondonasie daarvan aanvra.

(9) 'n Party tot 'n huweliksgeding wat op afgeleide verlating steun, moet besonderhede daarvan in sy pleitstuk gee.

(10) 'n Eiser wat vir skadevergoeding dagvaar, moet die skade so uiteensit dat die verweerder redelik in staat is om die *quantum* daarvan te skat: Met dien verstande dat 'n eiser wat vergoeding vir persoonlike beserings eis, die aard en gevolge van die ongeskiktheid wat na bewering die skade veroorsaak, moet aangee en sover doenlik afsonderlik moet meld hoeveel, indien iets, geëis word vir—

(*a*) mediese koste en hospitaal- en ander soortgelyke uitgawes;
(*b*) pyn en lyding; en
(*c*) ongeskiktheid ten opsigte van—

(i) verdienste (met vermelding van die verdienste tot datum verloor en die beraamde toekomstige verlies);
(ii) lewensgenietinge (met vermelding van besonderhede).

REËL 19.

KENNISGEWING VAN VOORNEME OM TE VERDEDIG.

(1) Behoudens die bepalinge van artikel *sewe-en-twintig* van die Wet kry die verweerder in elke siviele aksie sewe dae na betekening van 'n dagvaarding aan hom (en as hy meer as vyftig myl van die naaste spoorwegstasie woon, veertien dae) waarin hy 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig hetsy persoonlik of deur sy prokureur kan aflewer.

(2) In aksies teen 'n Minister of teen die Administrateur van Suidwes-Afrika of teen 'n ander amptenaar of werknemer van die Staat in sy amptelike hoedanigheid moet minstens een maand na betekening van die dagvaarding toegelaat word vir aflewering van 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig tensy die hof 'n korter tydperk gemagtig het.

(3) 'n Verweerder se kennisgewing van voorneme om te verdedig moet 'n adres bevat, nie synde 'n posbus of poste restante nie, binne vyf myl van die hof, vir die betekening aan hom aldaar van alle dokumente in so 'n aksie, en betekening daarvan by die adres aldus aangegee is geldig en afdoende, behalwe waar 'n hofbevel of die hofpraktyk persoonlike betekening vereis.

(4) 'n Party word nie vanweë sy aflewering van 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig geag afstand te gedoen het van enige reg om teen die regsbevoegdheid van die hof of teen enige onreëlmatigheid of tekortkoming in die verrigtinge beswaar te maak nie.

REËL 20.

DEKLARASIE.

(1) In alle aksies waarin die eis vir skuld is of 'n gelikwideerde eis is en die verweerder 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig afgelewer het, moet die eiser binne veertien dae na ontvangs daarvan 'n deklarasie aflewer.

(2) Die deklarasie moet die aard van die eis bevat, die regskonklusie wat die eiser geregtig sal wees om af te lei van die feite daarin vermeld, en 'n bede om die verlangde regshulp.

(3) Wanneer meerdere afsonderlike vorderinge elk op afsonderlike feite berus, moet die vorderinge en feite afsonderlik aangegee word.

(6) A party who in his pleading relies upon a contract shall state whether the contract is written or oral, and when, where and by whom it was concluded.

(7) It shall not be necessary in any pleading to state the circumstances from which an alleged implied term can be inferred.

(8) Where a party suing for restitution of conjugal rights, divorce or judicial separation has been guilty of adultery he shall state the time and place of such adultery in his summons and pray for condonation thereof.

(9) A party to matrimonial proceedings relying on constructive desertion, shall in his pleading set out the particulars thereof.

(10) A plaintiff suing for damages shall set them out in such manner as will enable the defendant reasonably to assess the quantum thereof: Provided that a plaintiff suing for damages for personal injury shall specify the nature and effects of the disability alleged to give rise to such damages, and shall as far as practicable state separately what amount, if any, is claimed for—

(*a*) medical, hospital and other similar expenses;
(*b*) pain and suffering; and
(*c*) disability in respect of:

(i) the earning of income (stating the earnings lost to date and the estimated future loss);
(ii) the enjoyment of amenities of life (giving particulars).

RULE 19.

NOTICE OF INTENTION TO DEFEND.

(1) Subject to the provisions of section *twenty-seven* of the Act, the defendant in every civil action shall be allowed seven days after service of summons on him (and where he resides more than fifty miles from the nearest railway station, fourteen days) within which to deliver a notice of intention to defend, either personally or through his attorney.

(2) In actions against any Minister or against the Administrator of South West Africa or against any other officer or servant of the State, in his capacity as such, the time to be allowed for delivery of notice of intention to defend shall be not less than one month after service of summons, unless in any case the court has specially authorised a shorter period.

(3) When a defendant delivers notice of intention to defend, he shall therein appoint an address, not being a post office box or *poste restante*, within five miles of the court for the service on him thereat of all documents in such action, and service thereof at the address so given shall be valid and effectual, except where by any order or practice of the court personal service is required.

(4) A party shall not by reason of his delivery of notice of intention to defend be deemed to have waived any right to object to the jurisdiction of the court or to any irregularity or impropriety in the proceedings.

RULE 20.

DECLARATION.

(1) In all actions in which the plaintiff's claim is for a debt or liquidated demand and the defendant has delivered notice of intention to defend, the plaintiff shall, within fourteen days of his receipt thereof, deliver a declaration.

(2) The declaration shall set forth the nature of the claim, the conclusions of law which the plaintiff shall be entitled to deduce from the facts stated therein, and a prayer for the relief claimed.

(3) Where the plaintiff seeks relief in respect of several distinct claims founded upon separate and distinct facts, such claims and facts shall be separately and distinctly stated.

REËL 21.

VERDERE BESONDERHEDE.

(1) 'n Party wat 'n pleitstuk ontvang het kan, binne veertien dae na ontvangs daarvan of nadat hy 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig afgelewer het, na gelang van die geval, 'n kennisgewing aflewer waarin hy alleen sodanige verdere besonderhede aanvra as wat streng gesproke nodig mag wees om hom in staat te stel om daarop te pleit of om 'n bedrag tot skikking aan te bied.

(2) (*a*) Besonderhede aldus aangevra moet binne veertien dae na ontvangs van die versoek afgelewer word en maak saam met die versoek deel uit van die pleitstukke.

(*b*) Die versoek om verdere besonderhede en die antwoord daarop moet, behalwe waar die party die geding persoonlik voer, deur 'n advokaat en 'n prokureur onderteken word.

(3) Die party wat die besonderhede ontvang, kry veertien dae tyd vanaf die ontvangs daarvan, om 'n verdere pleitstuk af te lewer.

(4) Na die sluiting van pleitstukke kan 'n party, laatstens een-en-twintig dae voor die verhoor, 'n versoek aflewer waarby uitsluitend besonderhede wat streng gesproke nodig is om hom vir die verhoor te kan voorberei, aangevra word, en daaraan moet binne tien dae na ontvangs voldoen word.

(5) Die versoek om verdere besonderhede vir die verhoor en die antwoord daarop moet, behalwe waar die party die geding persoonlik voer, deur 'n prokureur onderteken word.

(6) As die party by wie besonderhede aangevra is, versuim om dit betyds of in voldoende mate te lewer, kan die party wat dit aangevra het, by die hof aansoek doen om 'n bevel tot verskaffing daarvan, of om afwysing van die aksie of skrapping van die verweer, en die hof kan na goeddunke 'n bevel gee.

(7) Die hof moet na afloop van die verhoor *mero motu* beoordeel of die verdere besonderhede streng gesproke nodig was en alle koste van en voortvloeiende uit 'n onnodige versoek of antwoord, onverhaalbaar verklaar en hy kan enigeen van die partye beveel om die koste wat daardeur verspil is, te betaal, desverkiesend op die basis van prokureur en kliënt.

REËL 22.

PLEIT.

(1) 'n Verweerder wat 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig afgelewer het, moet in die geval van 'n gekombineerde dagvaarding binne een-en-twintig dae na aflewering van sy kennisgewing en in ander gevalle binne een-en-twintig dae na betekening aan hom van 'n deklarasie, 'n pleit aflewer met of sonder teeneis, of 'n eksepsie met of sonder 'n aansoek om deurhaling.

(2) Die verweerder moet in sy pleit al die wesenlike feite wat in die gekombineerde dagvaarding of in die deklarasie beweer word, erken of ontken of met teenwerping erken, of meld welke van die genoemde feite nie erken word nie en in watter mate, en duidelik en bondig alle wesenlike feite aangee waarop hy steun.

(3) Elke feitebewering in die gekombineerde dagvaarding of deklarasie wat nie in die pleit uitdruklik beweer word ontken of nie erken te wees nie, word geag erken te wees. As 'n verduideliking of kwalifisering van 'n ontkenning nodig is, moet dit in die pleit vermeld word.

(4) 'n Verweerder wat 'n teeneis het wat, as dit slaag, die eiser se eis geheel of gedeeltelik sal uitwis, kan in sy pleit versoek dat uitspraak ten opsigte van die eis of soveel daarvan as wat deur die teeneis uitgewis sal word, uitgestel word totdat uitspraak op die teeneis gegee is. Uitspraak op die geheel of die betrokke gedeelte van die eis word dan uitgestel tensy die hof op aansoek van 'n belanghebbende persoon anders beveel, maar die hof kan, as geen ander verweer geopper is nie, vonnis gee vir soveel van die eis as wat nie uitgewis sal word nie, asof die verweerder in verstek is met sy pleit ten opsigte daarvan, of hy kan op aansoek van enige van die partye na goeddunke 'n bevel gee.

RULE 21.

FURTHER PARTICULARS.

(1) A party may, before delivering any pleading in answer to a pleading delivered to him and for the purpose of enabling him to plead thereto or to tender an amount in settlement, deliver a notice within fourteen days of receipt of such pleading or of the delivery of a notice of intention to defend, as the case may be, calling for only such further particulars as may be strictly necessary for either purpose aforesaid.

(2) (*a*) Particulars so required shall be delivered within fourteen days of receipt of the request which, together with the reply thereto, shall form part of the pleadings.

(*b*) The request for further particulars and the reply thereto shall, save where the party is litigating in person, be signed by an advocate and an attorney.

(3) The party receiving the particulars shall have fourteen days from receipt thereof within which to deliver a further pleading.

(4) After the close of pleadings any party may, not less than twenty-one days before trial, deliver a notice calling for only such further particulars as are strictly necessary to enable him to prepare for trial. Such request shall be complied with within ten days of receipt thereof.

(5) The request for further particulars for trial and the reply thereto shall, save where the party is litigating in person, be signed by an attorney.

(6) If the party requested to furnish any particulars as aforesaid fails to deliver them timeously or sufficiently, the party requesting the same may apply to court for an order for their delivery or for the dismissal of the action or the striking out of the defence, whereupon the court may make such order as to it seems meet.

(7) The court shall at the conclusion of the trial *mero motu* consider whether the further particulars were strictly necessary, and shall disallow all costs of and flowing from any unnecessary request or reply, or both, and may order either party to pay the costs thereby wasted, on an attorney and client basis or otherwise.

RULE 22.

PLEA.

(1) Where the defendant has delivered notice of intention to defend, he shall within twenty-one days after the service upon him of a declaration or within twenty-one days after delivery of such notice in respect of a combined summons, deliver a plea with or without a claim in reconvention, or an exception with or without application to strike out.

(2) The defendant shall in his plea either admit or deny or confess and avoid all the material facts alleged in the combined summons or declaration or state which of the said facts are not admitted and to what extent, and shall clearly and concisely state all material facts upon which he relies.

(3) Every allegation of fact in the combined summons or declaration which is not stated in the plea to be denied or to be not admitted, shall be deemed to be admitted. If any explanation or qualification of any denial is necessary, it shall be stated in the plea.

(4) If by reason of any claim in reconvention, the defendant claims that on the giving of judgment on such claim, the plaintiff's claim will be extinguished either in whole or in part, the defendant may in his plea refer to the fact of such claim in reconvention and request that judgment in respect of the claim or any portion thereof which would be extinguished by such claim in reconvention, be postponed until judgment on the claim in reconvention. Judgment on the claim shall, either in whole or in part, thereupon be so postponed unless the court, upon the application of any person interested, otherwise orders, but the court, if no other defence has been raised, may give judgment for such part of the claim as would not be extinguished, as if the defendant were in default of filing a plea in respect thereof, or may, on the application of either party, make such order as to it seems meet.

REËL 23.

EKSEPSIES EN AANSOEKE OM DEURHALING.

(1) Waar 'n pleitstuk vaag en verwarrend is of beweringe mis wat nodig is om die aksie of verweer te staaf, na gelang van die geval, kan die teenparty in die tyd wat vir die indiening van 'n daaropvolgende pleitstuk toegelaat word, 'n eksepsie daarteen aflewer en dit ingevolge paragraaf (*f*) van subreël (5) van reël 6 vir verhoor ter rolle plaas: Met dien verstande dat waar die eksepsie is dat 'n pleitstuk vaag en verwarrend is, hy binne die bedoelde tyd by kennisgewing sy teenparty die geleentheid moet gee om die oorsaak van die beswaar binne veertien dae te verwyder: Met dien verstande verder dat as die party dan nog eksepsie wil opwerp, hy dit moet aflewer binne sewe dae van die dag af waarop hy antwoord op so 'n kennisgewing ontvang of waarop die antwoord ingelewer moes gewees het.

(2) As 'n pleitstuk aanstootlike, kwelsugtige of irrelevante beweringe bevat, kan die teenparty binne die tyd wat vir die indiening van 'n daaropvolgende pleitstuk toegelaat word, deurhaling aanvra en sy aansoek ingevolge paragraaf (*f*) van subreël (5) van reël 6 vir verhoor ter rolle plaas, maar die hof mag dit alleen toestaan as hy meen dat die applikant anders in die voer van sy saak benadeel sal word.

(3) Wanneer teen 'n pleitstuk geëksipieer word, moet die gronde waarop die eksepsie berus, duidelik en bondig aangegee word.

(4) Wanneer teen 'n pleitstuk geëksipieer of deurhaling aangevra word, is 'n pleit, repliek of ander pleitstuk nie nodig nie.

REËL 24.

TEENEIS.

(1) 'n Verweerder wat 'n teeneis instel, moet die desbetreffende wesenlike feite ooreenkomstig reëls 18 en 20 daarin uiteensit en dit tesame met sy pleit aflewer. Die teeneis kan 'n afsonderlike dokument vorm of deel uitmaak van die dokument wat die pleit bevat, maar dan onder die hoof „Teeneis", en dit is nie nodig om die name of beskrywing van die partye tot die hoofeis daarin te herhaal nie.

(2) As die verweerder geregtig is om aksie in te stel teen 'n ander persoon sowel as die eiser, hetsy gesamentlik, gesamentlik en afsonderlik, afsonderlik of in die alternatief, kan hy met verlof van die hof by wyse van 'n teeneis teen die eiser en so 'n ander persoon ageer soos die hof mag voorskryf.

(3) 'n Verweerder aan wie verlof verleen is om 'n teeneis in te stel soos voormeld, moet hy die titel van sy pleit 'n verdere titel voeg in die vorm asof dit 'n aksie is teen die partye teen wie hy 'n teeneis instel, en alle verdere pleitstukke in die aksie moet dié titel ook dra, onderworpe aan die voorbehoud by subreël (2) van reël 18.

(4) 'n Verweerder kan sy teeneis onderworpe stel daaraan dat die hoofeis of die verweer daarop misluk.

REËL 25.

REPLIKASIE EN PLEIT OP DIE TEENEIS.

(1) Binne veertien dae na die betekening aan hom van 'n pleit en behoudens subreël (2) hiervan moet die eiser waar nodig 'n replikasie op die pleit en 'n pleit op 'n teeneis aflewer, welke pleit aan reël 22 moet voldoen.

(2) 'n Replikasie of daaropvolgende pleitstuk wat 'n blote ingedingtreding of blote ontkenning van bewerings in die vorige pleitstuk sou wees, is onnodig en ingedingtreding word veronderstel en die pleitstukke ingevolge paragraaf (*b*) van reël 29 as gesluit beskou.

(3) Waar 'n replikasie of daaropvolgende pleitstuk nodig is, kan 'n party daarin op die bewerings in die vorige pleitstuk in geding tree. Vir sover hy nie die bewerings

RULE 23.

EXCEPTIONS AND APPLICATIONS TO STRIKE OUT.

(1) Where any pleading is vague and embarrassing or lacks averments which are necessary to sustain an action or defence, as the case may be, the opposing party may, within the period allowed for filing any subsequent pleading, deliver an exception thereto and may set it down for hearing in terms of paragraph (*f*) of sub-rule (5) of rule 6: Provided that where a party intends to take an exception that a pleading is vague and embarrassing he shall within the period allowed as aforesaid by notice afford his opponent an opportunity of removing the cause of complaint within fourteen days provided that the party excepting shall have seven days from the date whereon a reply to such notice is received or from the date on which such reply is due within which to deliver his exception.

(2) Where any pleading contains averments which are scandalous, vexatious, or irrelevant, the opposite party may, within the period allowed for filing any subsequent pleading, apply for the striking out of the matter aforesaid, and may set such application down for hearing in terms of paragraph (*f*) of sub-rule (5) of rule 6, but the court shall not grant the same unless it is satisfied that the applicant will be prejudiced in the conduct of his claim or defence if it be not granted.

(3) Wherever an exception is taken to any pleading the grounds upon which the exception is founded shall be clearly and concisely stated.

(4) Wherever any exception is taken to any pleading or an application to strike out is made, no plea, replication or other pleading over shall be necessary.

RULE 24.

CLAIM IN RECONVENTION.

(1) A defendant who counterclaims shall, together with his plea, deliver a claim in reconvention setting out the material facts thereof in accordance with rules 18 and 20. The claim in reconvention shall be set out either in a separate document or in a portion of the document containing the plea, but headed "Claim in Reconvention". It shall be unnecessary to repeat therein the names or descriptions of the parties to the proceedings in convention.

(2) If the defendant is entitled to take action against any other person and the plaintiff, whether jointly, jointly and severally, separately or in the alternative, he may with the leave of the court proceed in such action by way of a claim in reconvention against the plaintiff and such other person, in such manner and on such terms as the court may direct.

(3) A defendant who has been given leave to counterclaim as aforesaid, shall add to the title of his plea a further title corresponding with what would be the title of any action instituted against the parties against whom he makes claim in reconvention, and all further pleadings in the action shall bear such title, subject to the proviso to sub-rule (2) of rule 18.

(4) A defendant may counterclaim conditionally upon the claim or defence in convention failing.

RULE 25.

REPLICATION AND PLEA IN RECONVENTION.

(1) Within fourteen days of the service upon him of a plea, and subject to sub-rule (2) hereof, the plaintiff shall where necessary deliver a replication to the plea and a plea to any claim in reconvention, which plea shall comply with rule 22.

(2) No replication or subsequent pleading which would be a mere joinder of issue or bare denial of allegations in the previous pleading shall be necessary, and issue shall be deemed to be joined and pleadings closed in terms of paragraph (*b*) of rule 29.

(3) Where a replication or subsequent pleading is necessary, a party may therein join issue on the allegations in the previous pleading. To such extent as he has not dealt

in die pleit of ander pleitstuk spesifiek behandel het nie, geld die ingedingtreding as ontkenning van elke wesenlike feitebewering in die pleitstuk waarop in geding getree is.

(4) 'n Teeneiser moet, behoudens die bepalinge *mutatis mutandis* van subreël (2) hiervan, binne veertien dae na aflewering van die teenpleit 'n teenreplikasie aflewer.

(5) Verdere pleitstukke kan, behoudens die bepalinge *mutatis mutandis* van subreël (2), deur die onderskeie partye afgelewer word binne agt dae na aflewering van die vorige pleitstuk deur die teenparty. Sulke pleitstukke word met die gebruiklike name onderskei.

REËL 26.

VERSUIM OM PLEITSTUKKE AF TE LEWER: BELET.

'n Party wat versuim om 'n replikasie of daaropvolgende pleitstuk binne die tyd in reël 25 vasgestel, af te lewer, is *ipso facto* onder belet. As 'n party versuim om enige ander pleitstuk binne die in hierdie reëls vasgestelde tyd of binne 'n behoorlik toegelate verlenging daarvan af te lewer, kan enige ander party by kennisgewing aan hom beteken, vereis dat hy so 'n pleitstuk inlewer binne drie dae na die dag waarop die kennisgewing afgelewer word. 'n Party wat versuim om die pleitstuk in die kennisgewing genoem af te lewer binne die tyd daarin bepaal of binne 'n ooreengekome verdere tyd, is in verstek daarmee en *ipso facto* onder belet: Met dien verstande dat vir die doel van hierdie reël die dae van 16 Desember af tot en met 15 Januarie nie ingereken word by die toegestane tyd vir die inlewering van 'n pleitstuk nie.

REËL 27.

VERLENGING VAN TYD, OPHEFFING VAN BELET EN KONDONASIE.

(1) Tensy die partye ooreengekom het, kan die hof op aansoek by kennisgewing en as goeie redes aangevoer is, enige tydperk wat by hierdie reëls of by hofbevel voorgeskryf is in verband met enige verrigting hoegenaamd, verleng of verkort asook enige tydperk wat bepaal is by 'n bevel wat die termyn verleng of verkort waarbinne 'n handeling verrig of 'n stap gedoen moet word in verband met enige sodanige verrigting, en wel met sodanige bepalings daarby as wat hy goedvind.

(2) So 'n verlenging kan gegee word hoewel die aansoek eers na verstryking van die voorgeskrewe of vasgestelde tyd geskied, en die hof kan na goeddunke 'n bevel gee betreffende die tenietdoening of verandering van die gevolge wat op die verstryking van 'n aldus voorgeskrewe of vasgestelde tyd sou intree hetsy uit hoofde van 'n hofbevel of van hierdie reëls.

(3) Die hof kan in uitsonderlike gevalle, as goeie redes aangevoer is, die nie-nakoming van hierdie reëls kondoneer.

REËL 28.

WYSIGING VAN PLEITSTUKKE EN DOKUMENTE.

(1) 'n Party wat 'n pleitstuk of dokument, nie synde 'n beëdigde verklaring nie, wat in verband met enige verrigtinge ingedien is, wil wysig, kan aan alle ander partye kennis gee van sy voorneme om te wysig.

(2) Die kennisgewing moet meld dat tensy beswaar skriftelik binne veertien dae teen die voorgestelde wysiging gemaak word, die party wat kennis gee, die betrokke pleitstuk of dokument dienooreenkomstig sal wysig.

(3) As geen skriftelike beswaar aldus gemaak word nie, word die party wat so 'n kennisgewing ontvang, geag tot die wysiging toe te gestem het.

(4) As beswaar binne die genoemde tydperk gemaak word, moet die party wat met die wysiging wil voortgaan, binne tien dae na ontvangs van die beswaar by die hof by kennisgewing aansoek doen om verlof om te wysig en die aangeleentheid vir verhoor ter rolle plaas. Die hof kan daarop na goeddunke 'n bevel gee.

specifically with the allegations in the plea or such other pleading, such joinder of issue shall operate as a denial of every material allegation of fact in the pleading upon which issue is joined.

(4) A plaintiff in reconvention shall, subject to the provisions *mutatis mutandis* of sub-rule (2) hereof, within fourteen days from the delivery of the plea in reconvention deliver a replication in reconvention.

(5) Further pleadings may, subject to the provisions *mutatis mutandis* of sub-rule (2), be delivered by the respective parties within eight days of the previous pleading delivered by the opposite party. Such pleadings shall be designated by the names by which they are customarily known.

RULE 26.

FAILURE TO DELIVER PLEADINGS—BARRING.

Any party who fails to deliver a replication or subsequent pleading within the time stated in rule 25 shall be *ipso facto* barred. If any party fails to deliver any other pleading within the time laid down in these rules or within any extended time allowed in terms thereof, any other party may by notice served upon him require him to deliver such pleading within three days after the day upon which the notice is delivered. Any party failing to deliver the pleading referred to in the notice within the time therein required or within such further period as may be agreed between the parties, shall be in default of filing such pleading, and *ipso facto* barred: Provided that for the purposes of this rule the days between 16 December and 15 January both inclusive shall not be counted in the time allowed for the delivery of any pleading.

RULE 27.

EXTENSION OF TIME AND REMOVAL OF BAR AND CONDONATION.

(1) In the absence of agreement between the parties, the court may upon application on notice and on good cause shown, make an order extending or abridging any time prescribed by these rules or by an order of court or fixed by an order extending or abridging any time for doing any act or taking any step in connection with any proceedings of any nature whatsoever upon such terms as to it seems meet.

(2) Any such extension may be ordered although the application therefor is not made until after the expiry of the time prescribed or fixed, and the court ordering any such extension may make such order as to it seems meet as to the recalling, varying or cancelling of the results of the expiry of any time so prescribed or fixed, whether such results flow from the terms of any order or from these rules.

(3) The court may in exceptional cases, on good cause shown, condone any non-compliance with these rules.

RULE 28.

AMENDMENTS TO PLEADINGS AND DOCUMENTS.

(1) Any party desiring to amend any pleading or document other than an affidavit, filed in connection with any proceeding, may give notice to all other parties to the proceeding of his intention so to amend.

(2) Such notice shall state that unless objection in writing is made within fourteen days to the proposed amendment, the party giving the notice will amend the pleading or document in question accordingly.

(3) If no objection in writing be so made, the party receiving such notice shall be deemed to have agreed to the amendment.

(4) If any objection be made within the said period, the party wishing to pursue the amendment, shall within ten days of the receipt of such objection apply to court on notice for leave to amend and set the matter down for hearing. The court may make such order thereon as to it seems meet.

(5) Wanneer die hof 'n wysiging beveel het of geen beswaar binne die in subreël (2) voorgeskrewe tyd aangeteken is nie, moet die party wat wysig, die wysiging aflewer binne die tyd in die hofbevel vasgestel, of binne sewe dae na verstryking van die in subreël (2) voorgeskrewe tyd, na gelang van die geval.

(6) Wanneer 'n wysiging van 'n pleitstuk ingevolge hierdie reël afgelewer is, kan die ander party daarop pleit of 'n pleitstuk wat reeds deur hom ingedien is, wysig binne veertien dae na die ontvangs van die gewysigde pleitstuk.

(7) 'n Party wat kennis van wysiging gee, is, tensy die hof anders gelas, aanspreeklik vir die koste wat daardeur vir 'n ander party veroorsaak is.

(8) Die hof kan tydens die verhoor in enige stadium voor uitspraak verlof tot wysiging van 'n pleitstuk of dokument gee met sodanige bepalings betreffende koste of ander aangeleenthede as wat hy goedvind.

(9) So 'n wysiging moet op 'n afsonderlike bladsy verskyn, wat op 'n gepaste plek by die betrokke pleitstuk of dokument gevoeg word.

REËL 29.

SLUITING VAN PLEITSTUKKE.

Pleitstukke word as gesluit beskou—

(*a*) as enigeen van die partye in geding getree het sonder om nuwe bewerings te maak en sonder om 'n verdere pleitstuk by te voeg;

(*b*) as die laaste dag vir die indiening van 'n replikasie of daaropvolgende pleitstuk verstryk het sonder dat dit ingedien is;

(*c*) as die partye skriftelik ooreenkom dat die pleitstukke gesluit is en so 'n ooreenkoms by die griffier ingedien is; of

(*d*) as die partye nie oor die sluiting van die pleitstukke kan ooreenkom nie en die hof op aansoek van 'n party hulle gesluit verklaar.

REËL 30.

ONREËLMATIGE VERRIGTINGE.

(1) 'n Party tot 'n geding waarin 'n stap op onreëlmatige wyse gedoen is deur 'n ander party, kan binne veertien dae daarna by die hof tersydestelling daarvan aanvra: Met dien verstande dat geen party wat 'n verdere stap in die geding gedoen het terwyl hy geweet het van die onreëlmatigheid, geregtig is om so 'n aansoek te doen nie.

(2) 'n Aansoek ingevolge subreël (1) geskied by kennisgewing aan alle partye, met 'n uiteensetting van besonderhede van die beweerde onreëlmatigheid.

(3) As die hof by die verhoor van so 'n aansoek van mening is dat die stap onreëlmatig gedoen is, kan hy dit gedeeltelik of in die geheel ter syde stel, ten opsigte van al of sommige van die partye, en verlof gee om te wysig of na goeddunke 'n ander bevel gee.

(4) Totdat 'n party 'n hofbevel wat teen hom gegee is, uitgevoer het, mag hy geen verdere stap in die geding doen nie behalwe om verlenging aan te vra van die tyd waarin hy aan die bevel moet voldoen.

(5) As 'n party versuim om betyds aan 'n versoek of kennisgewing kragtens hierdie reëls te voldoen, kan die party wat die versoek gerig of kennis gegee het, die party wat in verstek is, kennis gee dat hy van voorneme is om na verloop van sewe dae 'n bevel aan te vra dat aan die kennisgewing of versoek voldoen moet word, of dat die eis of verweer geskrap word. By versuim van nakoming binne die sewe dae kan aansoek by die hof gedoen word en die hof kan daarop na goeddunke 'n bevel gee.

REËL 31.

TOESTEMMING TOT VONNIS EN VONNIS BY VERSTEK.

(1) Behalwe in aksies om egskeiding, herstel van huweliksregte, geregtelike skeiding of nietigverklaring van 'n huwelik, kan 'n verweerder te eniger tyd geheel of

(5) Whenever the court has ordered an amendment or no objection has been made within the time prescribed in sub-rule (2), the party amending shall deliver the amendment to the pleading or document within the time specified in the court's order or within seven days of the expiry of the time prescribed in sub-rule (2) as the case may be.

(6) When an amendment to a pleading has been delivered in terms of this rule, the other party shall be entitled to plead thereto or amend any pleading already filed by him within fourteen days of the receipt of the amended pleading.

(7) A party giving notice of amendment shall, unless the court otherwise orders, be liable to pay the costs thereby occasioned to any other party.

(8) The court may during the hearing at any stage before judgment grant leave to amend any pleading or document on such terms as to costs or otherwise as to it seems meet.

(9) Where any amendment is made it shall be made on a separate page to be added in an appropriate place to the pleading or the document amended.

RULE 29.

CLOSE OF PLEADINGS.

Pleadings shall be considered closed—

(*a*) if either party has joined issue without alleging any new matter, and without adding any further pleading;

(*b*) if the last day allowed for filing a replication or subsequent pleading has elapsed and it has not been filed;

(*c*) if the parties agree in writing that the pleadings are closed and such agreement is filed with the registrar; or

(*d*) if the parties are unable to agree as to the close of pleadings, and the court upon the application of a party declares them closed.

RULE 30.

IRREGULAR PROCEEDINGS.

(1) Any party to any cause in which an irregular or improper step or proceeding has been taken by any party, may within fourteen days of the taking of such step or proceeding apply to court to set it aside: Provided that no party who has taken any further step in the cause with knowledge of the irregularity or impropriety shall be entitled to make such application.

(2) Application in terms of sub-rule (1) shall be on notice to all parties specifying particulars of the irregularity or impropriety alleged.

(3) If at the hearing of such application the court is of opinion that the proceeding or step is irregular or improper it may set it aside in whole or in part, either as against all the parties or as against some of them, and grant leave to amend or make any such order as to it seems meet.

(4) Until a party has complied with any order of court made against him, he shall not take any further step in the cause, save to apply for an extension of time within which to comply with such order.

(*c*) any amounts paid by a party as aforesaid shall be costs in the cause unless the court otherwise directs.

(3) The person receiving such notice shall within seven days of the service thereof notify the person delivering it in writing of the nature and grounds of any objection which he may have in relation to—

(*a*) the nature of the proposed examination,

(*b*) the person or persons by whom the examination is to be conducted,

(*c*) the place, date or time of the examination,

(*d*) the amount of the expenses tendered to him;

and shall further—

(i) in the case of his objection being to the place, date or time of the examination furnish an alternative date, time and place as the case may be;

(ii) in the case of the objection being to the amount of the expenses tendered furnish particulars of such increased amount as may be required.

Should the person receiving the notice not deliver such objection within the said period of seven days, he shall be deemed to have agreed to the examination upon the terms set forth by the person giving the notice. Should the person giving the notice regard the objection raised by the person receiving it as invalid in whole or in part he may on notice make application to a judge to determine the conditions upon which the examination, if any, is to be conducted.

(4) Any party to such an action may at any time by notice in writing require any person claiming such damages to make available in so far as he is able to do so to such party within ten days any medical reports, hospital records, X-ray photographs, or other documentary information of a like nature relevant to the assessment of such damages.

(5) If it appears from any medical examination carried out either by agreement between the parties or pursuant to any notice given in terms of this rule, or by order of a judge, that any further medical examination by any other person is necessary or desirable for the purpose of giving full information on matters relevant to the assessment of such damages, any party may require a second and final medical examination in accordance with the provisions of this rule.

(6) If it appears that the state or condition of any thing of any nature whatsoever whether movable or immovable may be relevant with regard to the decision of any matter at issue in any action, any party thereto may at any stage thereof not later than fourteen days before the hearing, give notice requiring the party relying upon the existence of such state or condition of such thing or having such thing in his possession or under his control to make it available for inspection or examination in terms of this sub-rule, and may in such notice require him to submit the thing or a fair sample thereof for inspection or examination within a period of not more than ten days from the date of the receipt of the notice.

(7) The party called upon to submit such thing for examination may require the party requesting it to specify the nature of the examination to which it is to be submitted, and shall not be bound to submit such thing thereto if this will materially prejudice such party by reason of the effect thereof upon such thing. In the event of any dispute whether the thing should be submitted for examination, such dispute shall be referred to a judge on notice delivered by either party stating that the examination is required and that objection is taken in terms of this sub-rule. In considering any such dispute the judge may make such order as to him seems meet.

(8) Any party causing an examination to be made in terms of sub-rules (1) and (6) shall—

(*a*) cause the person making the examination to give a full report in writing of the results of his examination and the opinions that he formed as a result thereof on any relevant matter;

(*b*) after receipt of such report and upon request furnish any other party with a complete copy thereof; and

(*c*) bear the expense of the carrying out of any such examination: Provided that such expense shall form part of such party's costs.

(9) Niemand mag, behalwe met verlof van die hof of die toestemming van alle partye tot die geding, iemand roep om as deskundige te getuig oor aangeleenthede waaroor deskundige getuienis toelaatbaar is nie, tensy hy—

(*a*) minstens veertien dae voor die verhoor 'n kennisgewing dat hy dit wil doen, afgelewer het; en

(*b*) minstens tien dae voor die verhoor 'n opsomming van so 'n deskundige se menings en sy redes daarvoor, afgelewer het.

(10) (*a*) Niemand mag, behalwe met verlof van die hof of die toestemming van al die partye, 'n plan, tekening, model of foto as getuienis aanbied nie tensy hy minstens tien dae voor die verhoor 'n kennisgewing afgelewer het dat hy dit wil doen, dat hy dit ter insae aanbied en dat hy verlang dat die party wat die kennisgewing ontvang, die bewysstuk binne sewe dae erken.

(*b*) As die party wat die kennisgewing ontvang, versuim om binne die genoemde tyd so 'n erkenning te doen, word die plan, tekening, model of foto by blote voorlegging en sonder verdere bewys daarvan, in getuienis aanvaar. As so 'n party weier om te erken, kan die plan, tekening, model of foto by die verhoor bewys word en die party wat geweier het, kan beveel word om die koste van die bewys te betaal.

REËL 37.

INKORTING VAN VERRIGTINGE.

(1) (*a*) 'n Prokureur wat 'n aksie vir verhoor ter rolle wil plaas of 'n verhoordatum daarvoor wil verkry, moet so spoedig doenlik na die sluiting van pleitstukke en voor aflewering van 'n kennisgewing van terrolleplasing of indiening van 'n skriftelike versoek vir 'n verhoordatum, na gelang van die geval, die prokureurs wat namens alle ander partye optree, skriftelik vra om 'n samespreking by te woon op 'n wedersyds geskikte tyd met die doel om ooreen te kom oor maniere van inkorting van die verhoor, en meer bepaald oor soveel moontlik van die volgende aangeleenthede:

(i) erkenning van feite en van dokumente;
(ii) die hou van 'n inspeksie of ondersoek;
(iii) ooplegging van stukke;
(iv) uitwisseling tussen partye van die verslae van deskundiges;
(v) verskaffing van verdere besonderhede wat redelik nodig is vir verhoordoeleindes;
(vi) die planne, tekeninge, foto's, modelle en dergelike wat by die verhoor gebruik staan te word;
(vii) konsolidasie van verhore;
(viii) die quantum van skadevergoeding;
(ix) voorbereiding en inlewering by die verhoor van afskrifte van korrespondensie en ander stukke in die vorm van 'n gepagineerde bundel met eksemplare vir die regbank en alle partye.

(*b*) Na afloop van die samespreking moet die prokureurs 'n minuut opstel van die sake waaroor hulle ooreengekom het, en dit onderteken.

(2) In sy kennisgewing van terrolleplasing of skriftelike versoek om 'n verhoordatum, na gelang van die geval, moet die prokureur meld dat paragraaf (*a*) van subreël (1) behoorlik nagekom is.

(3) By die aanvang van die verhoor moet die advokate van die onderskeie partye aan die hof rapporteer of so 'n samespreking behoorlik gehou is en so ja, die in paragraaf (*b*) van subreël (1) bedoelde ondertekende minuut inlewer.

(4) Voordat daar met die verhoor voortgegaan word, kan die regter die advokate van die partye in sy kamers inroep ten einde ooreenkoms te probeer verkry oor dinge waardeur die verhoor waarskynlik ingekort kan word.

(5) Wanneer hy uitspraak gee, kan die hof 'n party beveel om 'n deel van die koste te betaal as sy prokureur geweier het om 'n samespreking ingevolge subreël (1) by te woon.

(9) No person shall, save with the leave of the court or the consent of all parties to the suit, be entitled to call as a witness any person to give evidence as an expert upon any matter upon which the evidence of expert witnesses may be received unless he shall—

(*a*) not less than fourteen days before the hearing, have delivered notice of his intention so to do, and

(*b*) not less than ten days before the trial, have delivered a summary of such expert's opinions and his reasons therefor.

(10) (*a*) No person shall, save with the leave of the court or the consent of all the parties, be entitled to tender in evidence any plan, diagram, model or photograph unless he shall not less than ten days before the hearing have delivered a notice stating his intention to do so, offering inspection thereof and requiring the party receiving notice to admit the same within seven days of his receipt of the notice.

(*b*) If the party receiving the notice fails within the said period so to admit, the said plan, diagram, model or photograph shall be received in evidence upon its mere production and without further proof thereof. If such party states that he does not admit them, the said plan, diagram, model or photograph may be proved at the hearing and the party receiving the notice may be ordered to pay the cost of their proof.

RULE 37.

CURTAILMENT OF PROCEEDINGS.

(1) (*a*) An attorney desirous of setting an action down for trial or of obtaining a date for the hearing thereof shall as soon as possible after the close of pleadings and before delivering a notice of set down or filing a written request for such date, as the case may be, in writing request the attorneys acting for all other parties to such action to attend a conference at a mutually convenient time with the object of reaching agreement as to possible ways of curtailing the duration of such trial and in particular as to all or any of the following matters, namely:

(i) The possibility of obtaining admissions of fact and of documents;
(ii) the holding of any inspection or examination;
(iii) the making of any discovery of documents;
(iv) the exchange between parties of the reports of experts;
(v) the giving of any further particulars reasonably required for the purposes of trial;
(vi) the plans, diagrams, photographs, models, and the like, to be used at the trial;
(vii) the consolidation of trials;
(viii) the quantum of damages;
(ix) the preparation and handing in at the trial of copies of correspondence and other documents in the form of a paged bundle with copies for the bench and all parties.

(*b*) At the conclusion of such conference the attorneys shall draw up and sign a minute of the matters upon which they are agreed.

(2) In his notice of set down or written request for a date for the hearing of the trial, as the case may be, such an attorney shall state that the requirements of paragraph (*a*) of sub-rule (1) have been duly observed.

(3) At the commencement of the trial the advocates for the respective parties shall report to the court whether such conference has been duly held and, if so, shall hand in the signed minute referred to in paragraph (*b*) of sub-rule (1).

(4) Before the trial proceeds the judge may call in to his chambers the advocates for the parties with a view to securing agreement on any matters likely to curtail the duration of the trial.

(5) When giving judgment in the action the court may make an order for the payment by a party of portion of the costs when the attorney for such party has refused a request to attend a conference in terms of sub-rule (1).

REËL 38.

VERKRYGING VAN GETUIENIS VIR VERHOOR.

(1) 'n Party wat die bywoning van iemand wil verkry om getuienis by die verhoor te lewer, kan van regsweë, sonder enige voorafgaande verrigtinge van watter aard ookal, by die kantoor van die griffier een of meer getuiedagvaardings vir daardie doel uitneem, so na moontlik bewoord soos Vorm 16 in die Eerste Bylae, wat elk die name van hoogstens vier persone bevat. Die balju of sy adjunk beteken hulle soos voorgeskryf in reël 4.

As 'n getuie 'n akte, stuk, geskrif of voorwerp in sy besit of onder sy beheer het wat die party wat sy bywoning vereis, as bewys wens voor te lê, moet dit in die getuiedagvaarding vermeld word en moet hy aangesê word om dit by die verhoor beskikbaar te hê.

(2) Die getuies word by die verhoor *viva voce* ondervra, maar 'n hof kan te eniger tyd as daar voldoende rede voor bestaan, beveel dat al die getuienis of 'n deel daarvan by wyse van beëdigde verklaring gelewer word of dat die beëdigde verklaring van 'n getuie by die verhoor voorgelees word, met sodanige voorbehoude as wat die hof goedvind: Met dien verstande dat as die hof meen dat 'n ander party rede het om 'n getuie te wil kruisvra, en die getuie gebring kan word, 'n beëdigde verklaring nie toegelaat word nie.

(3) 'n Hof kan op aansoek by kennisgewing, geriefshalwe of waar dit nodig skyn te wees ten einde reg te laat geskied, beveel dat die getuienis van 'n getuie voor of tydens die verhoor voor 'n kommissaris van die hof afgeneem word, en 'n party tot die geding toelaat om so 'n deposisie as getuienis te gebruik met sodanige voorbehoude as wat die hof goedvind, en meer bepaald kan hy beveel dat die getuienis eers na sluiting van pleitstukke of eers na blootlegging of die verskaffing van besonderhede afgeneem word.

(4) Waar die getuienis van iemand op kommissie voor 'n kommissaris in die Republiek afgeneem moet word, kan so iemand gedagvaar word om voor die kommissaris te verskyn en getuienis af te lê soos by die verhoor.

(5) Tensy die hof wat die kommissie beveel, voorskryf dat ondervraging by wyse van vraagpunte en kruisvraagpunte moet geskied, moet 'n getuie wat voor 'n kommissaris verskyn ingevolge 'n bevel kragtens subreël (3), mondeling ondervra word in die teenwoordigheid van die partye, hul advokate en prokureurs, en staan hy bloot aan kruisondervraging en herondervraging.

(6) 'n Kommissaris beslis nie of aangebode getuienis toelaatbaar is nie, maar noteer enige besware, wat deur die verhoorhof beslis word.

(7) Getuienis wat op kommissie afgeneem word, word genotuleer soos in 'n hof en die transkripsie van snelskrifaantekeninge of van 'n meganiese opname, behoorlik gesertifiseer deur die transkriptor en die kommissaris, vorm die oorkonde van die ondersoek: Met dien verstande dat die getuienis voor die kommissaris in verhalende vorm genotuleer mag word.

(8) Die oorkonde van die getuienis word deur die kommissaris aan die griffier gestuur met sy sertifikaat dat dit die oorkonde van die getuienis is wat voor hom gelewer is, en dit word daarop deel van die oorkonde van die saak.

REËL 39.

VERHOOR.

(1) As die eiser, wanneer 'n verhoor uitgeroep word, verskyn en die verweerder nie verskyn nie, kan die eiser sy eis bewys vir sover die bewyslas op hom rus en uitspraak word dienooreenkomstig gegee vir sover hy aan sy bewyslas voldoen het: Met dien verstande dat waar die eis likwied is of vir skuld is, geen getuienis nodig is nie, tensy die hof anders beveel.

RULE 38.

PROCURING EVIDENCE FOR TRIAL.

(1) Any party, desiring the attendance of any person to give evidence at a trial, may as of right, without any prior proceeding whatsoever, sue out from the office of the registrar one or more subpoenas for that purpose, each of which subpoenas shall contain the names of not more than four persons, and service thereof upon any person therein named shall be effected by the sheriff or his deputy in the manner prescribed by rule 4, and the process for subpoenaing such witnesses shall be, as nearly as may be, in accordance with Form 16 in the First Schedule.

If any witness has in his possession or control any deed, instrument, writing or thing which the party requiring his attendance desires to be produced in evidence, the subpoena shall specify such document or thing and require him to produce it to the court at the trial.

(2) The witnesses at the trial of any action shall be examined *viva voce*, but a court may at any time, for sufficient reason, order that all or any of the evidence to be adduced at any trial be given on affidavit or that the affidavit of any witness be read at the hearing, on such terms and conditions as to it may seem meet: Provided that where it appears to the court that any other party reasonably requires the attendance of a witness for cross-examination, and such witness can be produced, the evidence of such witness shall not be given on affidavit.

(3) A court may, on application on notice in any matter where it appears convenient or necessary for the purposes of justice, make an order for taking the evidence of a witness before or during the trial before a commissioner of the court, and permit any party to any such matter to use such deposition in evidence on such terms, if any, as to it seems meet, and in particular may order that such evidence shall be taken only after the close of pleadings or only after the giving of discovery or the furnishing of any particulars in the action.

(4) Where the evidence of any person is to be taken on commission before any commissioner within the Republic, such person may be subpoenaed to appear before such commissioner to give evidence as if at the trial.

(5) Unless the court ordering the commission directs such examination to be by interrogatories and cross-interrogatories, the evidence of any witness to be examined before the commissioner in terms of an order granted under sub-rule (3) shall be adduced upon oral examination in the presence of the parties, their advocates and attorneys, and the witness concerned shall be subject to cross-examination and re-examination.

(6) A commissioner shall not decide upon the admissibility of evidence tendered, but shall note any objections made and such objections shall be decided by the court hearing the matter.

(7) Evidence taken on commission shall be recorded in such manner as evidence is recorded when taken before a court and the transcript of any shorthand record or record taken by mechanical means duly certified by the person transcribing the same and by the commissioner shall constitute the record of the examination: Provided that the evidence before the commissioner may be taken down in narrative form.

(8) The record of the evidence shall be returned by the commissioner to the registrar with his certificate to the effect that it is the record of the evidence given before him, and shall thereupon become part of the record in the case.

RULE 39.

TRIAL.

(1) If, when a trial is called, the plaintiff appears and the defendant does not appear, the plaintiff may prove his claim so far as the burden of proof lies upon him and judgment shall be given accordingly, insofar as he has discharged such burden: Provided that where the claim is for a debt or liquidated demand no evidence shall be necessary unless the court otherwise orders.

(2) Wanneer 'n verweerder deur sy versuim belet is om te pleit en die saak vir verhoor ter rolle geplaas is en die versuim behoorlik bewys is, mag die verweerder nie, behalwe waar die hof billikheidshalwe anders beveel, hetsy persoonlik of deur 'n advokaat by die verhoor verskyn nie.

(3) As die verweerder by die uitroeping van 'n verhoor verskyn en die eiser nie verskyn nie, is die verweerder geregtig tot absolusie van die instansie met koste, maar hy kan getuienis lei om die hof te oortuig dat finale vonnis in sy guns gegee moet word en indien aldus oortuig, kan die hof so beveel.

(4) Subreëls (1) en (2) geld vir iedereen wat 'n eis instel (hetsy by wyse van teeneis of derdeparty-kennisgewing of op enige ander wyse) asof hy 'n eiser is, en subreël (3) geld vir iedereen teen wie 'n eis ingestel is, asof hy 'n verweerder is.

(5) Waar die bewyslas op die eiser rus, kan hy of een advokaat namens hom kortliks die feite wat hy wil bewys, uiteensit en dan voortgaan met die bewys daarvan.

(6) By die sluiting van die eiser se saak kan die verweerder absolusie van die instansie aanvra, in welke geval die verweerder of een advokaat namens hom die hof kan toespreek en die eiser of een advokaat namens hom kan antwoord. Die verweerder of sy advokaat kan dan antwoord op enigiets wat daaruit voortspruit.

(7) As absolusie nie gevra word of dit geweier word en die verweerder nie sy saak gesluit het nie, kan die verweerder of een advokaat namens hom kortliks die feite wat hy wil bewys, uiteensit en dan voortgaan met die bewys daarvan.

(8) Waar 'n party verteenwoordig is, word elke getuie ondervra, gekruisvra of herondervra, na gelang van die geval, deur slegs een advokaat van so 'n party, hoewel nie noodwendig dieselfde nie.

(9) As die bewyslas op die verweerder rus, het hy of sy advokaat dieselfde regte wat aan die eiser of sy advokaat ingevolge subreël (5) toekom.

(10) Nadat die sake aan beide kante gesluit is, kan die eiser of een of meer van sy advokate namens hom die hof toespreek, waarna die verweerder of een of meer van sy advokate namens hom dieselfde mag doen en die eiser of slegs een advokaat namens hom repliek mag lewer op enigiets wat daaruit voortspruit.

(11) Enigeen van die partye kan by die aanvang van die verhoor die hof vra om te beslis op wie die onus rus om getuienis aan te voer, en die hof kan na beredenering dit beslis: Met dien verstande dat die beslissing daarna gewysig kan word ten einde 'n onreg te voorkom.

(12) As daar een of meer derde partye is of verweerders op 'n teeneis is wat nie eisers in die aksie is nie, mag hulle hul sake open en hul getuienis lei nadat die getuienis van die eiser en van die verweerder afgesluit is en voordat enige toespraak na afloop van sodanige getuienis gelewer word. Behalwe vir sover die hof anders gelas, lei die verweerders op 'n teeneis wat nie eisers is nie, eerste hul getuienis en daarna lei derde partye hul getuienis in dieselfde volgorde as wat hulle derde partye geword het. As die onus om getuienis aan te voer op die aanspraakmaker teen die derde party of op die verweerder op 'n teeneis rus, reël die hof na goeddunke die volgorde waarin die partye hul sake moet voer en die hof moet toespreek, en hul onderskeie beurte om repliek te lewer. Subreël (11) geld *mutatis mutandis* vir alle geskilpunte aangaande die onus om getuienis aan te voer.

(13) Waar die onus om getuienis aan te voer op een of meer geskilpunte op die eiser rus en dié ten opsigte van ander geskilpunte op die verweerder, voer die eiser eerste sy getuienis aan en hy kan dan sy saak sluit. Die verweerder voer daarna sy getuienis aan, tensy absolusie

(2) When a defendant has by his default been barred from pleading, and the case has been set down for hearing, and the default duly proved, the defendant shall not, save where the court in the interests of justice may otherwise order, be permitted, either personally or by an advocate, to appear at the hearing.

(3) If, when a trial is called, the defendant appears and the plaintiff does not appear, the defendant shall be entitled to an order granting absolution from the instance with costs, but may lead evidence with a view to satisfying the court that final judgment should be granted in his favour and the court, if so satisfied, may grant such judgment.

(4) The provisions of sub-rules (1) and (2) shall apply to any person making any claim (whether by way of claim in reconvention or third party notice or by any other means) as if he were a plaintiff, and the provisions of sub-rule (3) shall apply to any person against whom such a claim is made as if he were a defendant.

(5) Where the burden of proof is on the plaintiff, he or one advocate for the plaintiff may briefly outline the facts intended to be proved and the plaintiff may then proceed to the proof thereof.

(6) At the close of the case for the plaintiff, the defendant may apply for absolution from the instance, in which event the defendant or one advocate on his behalf may address the court and the plaintiff or one advocate on his behalf may reply. The defendant or his advocate may thereupon reply on any matter arising out of the address of the plaintiff or his advocate.

(7) If absolution from the instance is not applied for or has been refused and the defendant has not closed his case, the defendant or one advocate on his behalf may briefly outline the facts intended to be proved and the defendant may then proceed to the proof thereof.

(8) Each witness shall, where a party is represented, be examined, cross-examined or re-examined as the case may be by only one (though not necessarily the same) advocate for such party.

(9) If the burden of proof is on the defendant, he or his advocate shall have the same rights as those accorded to the plaintiff or his advocate by sub-rule (5).

(10) Upon the cases on both sides being closed, the plaintiff or one or more of the advocates on his behalf may address the court and the defendant or one or more advocates on his behalf may do so, after which the plaintiff or one advocate only on his behalf may reply on any matter arising out of the address of the defendant or his advocate.

(11) Either party may apply at the opening of the trial for a ruling by the court upon the onus of adducing evidence, and the court after hearing argument may give a ruling as to the party upon whom such *onus* lies: Provided that such ruling may thereafter be altered to prevent injustice.

(12) If there be one or more third parties or if there be defendants to a claim in reconvention who are not plaintiffs in the action, any such party shall be entitled to address the court in opening his case and shall lead his evidence after the evidence of the plaintiff and of the defendant has been concluded and before any address at the conclusion of such evidence. Save insofar as the court shall otherwise direct, the defendants to any counter-claim who are not plaintiffs shall first lead their evidence and thereafter any third parties shall lead their evidence in the order in which they became third parties. If the onus of adducing evidence is on the claimant against the third party or on the defendant to any claim in reconvention, the court shall make such order as may seem convenient with regard to the order in which the parties shall conduct their cases and address the court, and in regard to their respective rights of reply. The provisions of sub-rule (11) shall *mutatis mutandis* apply with regard to any dispute as to the onus of adducing evidence.

(13) Where the onus of adducing evidence on one or more of the issues is on the plaintiff and that of adducing evidence on any other issue is on the defendant, the plaintiff shall first call his evidence on any issues in respect of which the onus is upon him, and may then close his case. The defendant, if absolution from the instance is not granted, shall, if he does not close his case, thereupon

van die instansie toegestaan word of tensy hy sy saak sluit.

(14) Nadat die verweerder sy getuienis aangevoer het, het die eiser die reg om weerleggende getuienis op enige geskilpunt ten opsigte waarvan die onus op die verweerder gerus het, aan te voer: Met dien verstande dat as die eiser getuienis aangevoer het op enige sodanige geskilpunte voordat hy sy saak gesluit het, hy geen verdere getuienis daarop mag aanvoer nie.

(15) Geen bepaling van subreël (13) of (14) verhinder die verweerder om 'n getuie wat in enige stadium deur die eiser op 'n geskilpunt geroep is, te kruisvra nie, en die eiser is geregtig om so 'n getuie te herondervra na so 'n kruisondervraging sonder om die reg aan hom by subreël (14) verleen om getuienis in 'n later stadium aan te voer op die geskilpunt waarop so 'n getuie gekruisvra is, aan te tas. Die eiser kan verder die getuie wat aldus herondervra is, roep om in 'n later stadium getuienis te gee oor enige sodanige geskilpunt.

(16) Aantekening moet gehou word van—

(*a*) 'n uitspraak of reëling van die hof;

(*b*) getuienis in die hof afgelê;

(*c*) 'n beswaar wat teen gelewerde of aangebode getuienis gemaak word;

(*d*) die verrigtinge van die hof in die algemeen (insluitende 'n inspeksie ter plaatse en iets deur 'n getuie in die hof gedemonstreer); en

(*e*) enige ander deel van die verrigtinge wat die hof in die besonder mag beveel om genotuleer te word.

(17) So 'n oorkonde word gehou met die middele wat die hof geskik ag en kan meer bepaald in snelskrif aangeteken of meganies opgeneem word.

(18) Die snelskrifnotas of meganiese opname moet deur die opnemer as juis gesertifiseer en by die griffier ingedien word. Transkripsie is nie nodig nie tensy die hof of 'n regter of 'n party wat appelleer dit verlang. As 'n transkripsie gemaak word, moet dit deur die transkriptor as juis gesertifiseer en saam met die snelskrifnotas en meganiese opname by die griffier ingedien word, en dit word geag juis te wees tensy die hof anders beslis.

(19) 'n Party tot 'n aangeleentheid waarvan in snelskrif of meganies aantekening gehou is, kan skriftelik deur die griffier by 'n regter aansoek doen om 'n transkripsie as dit nie reeds beveel is nie. As 'n transkripsie beveel word, is so 'n party geregtig tot 'n afskrif daarvan teen betaling van die voorgeskrewe gelde.

(20) Die hof kan te eniger tyd na goeddunke gelas dat geriefshalwe afgewyk word van die wyse van prosesvoering in hierdie reël voorgeskryf.

(21) Elke stenograaf wat in diens geneem is om aantekening van verrigtinge te hou, word geag 'n amptenaar van die hof te wees en moet vooraf die volgende eed aflê:

> Ek, A. B., verklaar onder eed dat ek getrou en na die beste van my vermoë die verrigtinge in enige saak waarin ek as amptenaar van die hof werksaam is, in snelskrif sal aanteken of meganies sal opneem, soos deur die regter voorgeskryf, en dat ek, indien daartoe gelas, my aantekeninge of opname en, sover dit in my vermoë is, ook dié van enige ander stenograaf, sal transkribeer.

(22) Die partye tot 'n verhoor mag by toestemming te eniger tyd voor die verhoor, op skriftelike aansoek by 'n regter deur die griffier, die saak na 'n landdroshof laat oorplaas mits dit binne die regsbevoegdheid van die landdros is, hetsy by toestemming of andersins.

(23) Die regter kan by afsluiting van die getuienis in verhoorsake met die advokate in sy kamers beraadslaag betreffende die vorm en duur van die toesprake aan die hof.

(24) As die hof meen dat die verrigtinge deur die suksesvolle party bowemate verleng is deur die roep van onnodige getuies of deur te lange ondervraging of kruis-

call his evidence on all issues in respect of which such onus is upon him.

(14) After the defendant has called his evidence, the plaintiff shall have the right to call rebutting evidence on any issues in respect of which the onus was on the defendant: Provided that if the plaintiff shall have called evidence on any such issues before closing his case he shall not have the right to call any further evidence thereon.

(15) Nothing in sub-rule (13) or (14) contained shall prevent the defendant from cross-examining any witness called at any stage by the plaintiff on any issue in dispute, and the plaintiff shall be entitled to re-examine such witness consequent upon such cross-examination without affecting the right given to him by sub-rule (14) to call evidence at a later stage on the issue on which such witness has been cross-examined. The plaintiff may further call the witness so re-examined to give evidence on any such issue at a later stage.

(16) A record shall be made of—

(*a*) any judgment or ruling given by the court,

(*b*) any evidence given in court,

(*c*) any objection made to any evidence received or tendered,

(*d*) the proceedings of the court generally (including any inspection *in loco* and any matter demonstrated by any witness in court); and

(*e*) any other portion of the proceedings which the court may specifically order to be recorded.

(17) Such record shall be kept by such means as to the court seems appropriate and may in particular be taken down in shorthand or be recorded by mechanical means.

(18) The shorthand notes so taken or any mechanical record shall be certified by the person taking the same to be correct and shall be filed with the registrar. It shall not be necessary to transcribe them unless the court or a judge so directs or a party appealing so requires. If and when transcribed, the transcript of such notes or record shall be certified as correct by the person transcribing them and the transcript, the shorthand notes and the mechanical record shall be filed with the registrar. The transcript of the shorthand notes or mechanical record certified as correct shall be deemed to be correct unless the court otherwise orders.

(19) Any party to any matter in which a record has been made in shorthand or by mechanical means may apply in writing through the registrar to a judge to have the record transcribed if an order to that effect has not already been made. Such party shall be entitled to a copy of any transcript ordered to be made upon payment of the prescribed fees.

(20) If it appears convenient to do so, the court may at any time make any order with regard to the conduct of the trial as to it seems meet, and thereby vary any procedure laid down by this rule.

(21) Every stenographer employed to take down a record of any proceedings shall be deemed to be an officer of the court and shall, before entering on his duties, take the following oath:

> I, A. B., do swear that I shall faithfully, and to the best of my ability, record in shorthand, or cause to be recorded by mechanical means, as directed by the judge, the proceedings in any case in which I may be employed as an officer of the court, and that I shall similarly, when required to do so, transcribe the same or, as far as I am able, any shorthand notes, or mechanical record, made by any other stenographer.

(22) By consent the parties to a trial shall be entitled, at any time before trial, on written application to a judge through the registrar, to have the cause transferred to the magistrate's court: Provided that the matter is one within the jurisdiction of the latter court whether by way of consent or otherwise.

(23) The judge may, at the conclusion of the evidence in trial actions, confer with the advocates in his chambers as to the form and duration of the addresses to be submitted in court.

(24) Where the court considers that the proceedings have been unduly prolonged by the successful party by the calling of unnecessary witnesses or by excessive

ondervraging of deur te uitvoerige beredenering, kan hy so 'n party by die toekenning van koste penaliseer.

REËL 40.

IN FORMA PAUPERIS.

(1) (*a*) Iemand wat 'n geding *in forma pauperis* wil instel of verdedig, kan die griffier nader, en as hy meen dat die aansoeker iemand is soos in paragraaf (*a*) van subreël (2) bedoel, moet hy hom na 'n prokureur verwys en terselfdertyd die plaaslike vereniging van advokate daarvan kennis gee.

(*b*) Die prokureur moet dan ondersoek instel na die persoon se vermoë en die verdienstelikheid van sy saak, en as hy oortuig is dat dit 'n geval is waar hy gevoeglik *in forma pauperis* kan optree, versoek hy die genoemde vereniging om 'n advokaat te benoem wat gewillig en in staat is om op te tree, en as hy benoem word, moet die advokaat die saak waarneem.

(*c*) As die prokureur of advokaat daarna nie meer in staat is om op te tree nie, kan die griffier of die genoemde vereniging, na gelang van die geval, op versoek 'n ander praktisyn in sy plek benoem.

(2) As daar, wanneer 'n geding ingestel word, by die griffier namens so iemand ingedien word—

(*a*) 'n beëdigde verklaring wat sy finansiële posisie volledig uiteensit en vermeld dat met uitsondering van huisraad, klere en ambagsgereedskap hy minder as R100 aan waarde besit en nie binne 'n redelike tyd so 'n bedrag uit sy verdienste sal kan bybring nie;

(*b*) 'n verklaring deur die voormelde advokaat en prokureur onderteken dat hulle, oortuig synde dat die betrokke persoon nie in staat is om professionele gelde te betaal nie, vir die persoon in hul onderskeie professionele hoedanighede kosteloos optree; en

(*c*) 'n sertifikaat van *probabilis causa* deur die genoemde advokaat,

moet die griffier alle prosesstukke in die geding vir die persoon uitreik en ontvang sonder om leges daarvoor te vorder.

(3) Alle pleitstukke, prosesstukke en dokumente ingedien deur 'n party wat *in forma pauperis* optree, moet dié feit in die opskrif vermeld.

(4) Die griffier hou in sy kantoor 'n lys van prokureurs en wanneer hy persone na praktisyns verwys soos bedoel in subreël (1), doen hy dit sover moontlik om die beurt.

(5) Die betrokke advokaat en prokureur tree daarna kosteloos vir die persoon in die geding op en hulle mag alleen met verlof van 'n regter die saak terugtrek, skik, tot 'n vergelyk daarin kom of hulle daaraan onttrek. In geval van onttrekking kan die regter voorskrifte gee betreffende die aanstelling van plaasvervangers.

(6) Wanneer iemand *in forma pauperis* dagvaar of verdedig deur middel van prosesstukke ingevolge hierdie reël uitgereik, het sy teenparty, benewens enige ander reg wat hy mag hê, die reg om te eniger tyd by kennisgewing 'n bevel by die hof aan te vra dat die eis of verweer afgewys word of dat die persoon belet word om *in forma pauperis* voort te gaan. By die aanhoor van so 'n aansoek kan die hof na goeddunke 'n bevel gee, ook betreffende koste.

(7) As aan die einde van die saak koste aan 'n gedingvoerder *in forma pauperis* toegeken word, kan sy prokureur by sy kosterrekening die gelde en uitgawes waartoe hy gewoonlik geregtig sou wees, insluit, en na ontvangs daarvan, in die geheel of gedeeltelik, moet hy in die volgende voorkeurorde uitbetaal: eerstens, aan die griffier soveel in inkomsteseëls as wat betaalbaar sou gewees het aan leges; tweedens, aan die adjunkbalju sy gelde vir die betekening en tenuitvoerlegging van prosesstukke; derdens, aan homself en die advokaat hul gelde soos by taksasie toegeken, *pro rata* indien nodig.

examination or cross-examination, or by over-elaboration in argument, it may penalize such party in the matter of costs.

RULE 40.

IN FORMA PAUPERIS.

(1) (*a*) A person who desires to bring or defend proceedings *in forma pauperis*, may apply to the registrar who, if it appears to him that he is a person such as is contemplated by paragraph (*a*) of sub-rule (2), shall refer him to an attorney and at the same time inform the local society of advocates accordingly.

(*b*) Such attorney shall thereupon enquire into such person's means and the merits of his cause and, upon being satisfied that the matter is one in which he may properly act *in forma pauperis*, he shall request the said society to nominate an advocate who is willing and able to act, and upon being so nominated such advocate shall act therein.

(*c*) Should such attorney or advocate thereafter become unable so to act, the registrar or the said society, as the case may be, may, upon request, nominate another practitioner to act in his stead.

(2) If when proceedings are instituted there be lodged with the registrar on behalf of such person—

(*a*) an affidavit setting forth fully his financial position and stating that, excepting household goods, wearing apparel and tools of trade, he is not possessed of property to the amount of R100 and will not be able within a reasonable time to provide such sum from his earnings;

(*b*) a statement signed by the advocate and attorney aforementioned that being satisfied that the person concerned is unable to pay fees they are acting for the said person in their respective professional capacities gratuitously in the proceedings to be instituted by him; and

(*c*) a certificate of *probabilis causa* by the said advocate;

the registrar shall issue all process and accept all documents in the said proceedings for the aforesaid person without fee of office.

(3) All pleadings, process and documents filed of record by a party proceeding *in forma pauperis* shall be headed accordingly.

(4) The registrar shall maintain in his office a roster of attorneys, and in referring persons desirous of bringing or defending proceedings *in forma pauperis* to practitioners in terms of sub-rule (1), he shall do so as far as possible in rotation.

(5) The said advocate and attorney shall thereafter act gratuitously for the said person in their respective capacities in the said proceedings, and shall not be at liberty to withdraw, settle or compromise such proceedings, or to discontinue their assistance, without the leave of a judge, who may in the latter event give directions as to the appointment of substitutes.

(6) When a person sues or defends *in forma pauperis* under process issued in terms of this rule, his opponent shall, in addition to any other right he might have, have the right at any time to apply to the court on notice for an order dismissing the claim or defence or for an order debarring him from continuing *in forma pauperis*; and upon the hearing of such application the court may make such order thereon, including any order as to costs, as to it seems meet.

(7) If upon the conclusion of the proceedings a litigant *in forma pauperis* is awarded costs, his attorney may include in his bill of costs such fees and disbursements to which he would ordinarily have been entitled, and upon receipt thereof, in whole or in part, he shall pay out in the following order of preference: first, to the registrar, such amount in revenue stamps as would have been due in respect of his fees of office; second, to the deputy sheriff, his charges for the service and execution of process; third, to himself and the advocate, their fees as allowed on taxation, *pro rata* if necessary.

REËL 41.

TERUGTREKKING, SKIKKING, STAKING, UITSTEL EN ABANDONNEMENT.

(1) Iemand wat 'n geding ingestel het, kan dit voor terrolleplasing te enige tyd en daarna met die toestemming van die partye of verlof van die hof terugtrek. In elke geval moet hy 'n kennisgewing van terugtrekking aflewer, en hy kan daarin inwillig om koste te betaal. Die takseermeester takseer die koste op versoek van die ander party.

As die kennisgewing nie 'n inwilliging tot betaling van koste bevat nie of die getakseerde koste word nie binne veertien dae na aanvraag betaal nie, kan die ander party by kennisgewing 'n kostebevel by die hof aanvra.

(2) 'n Party in wie se guns 'n beslissing of vonnis gegee is, kan dit geheel of gedeeltelik abandonneer deur 'n kennisgewing dienooreenkomstig af te lewer, en waar gedeeltelik afstand gedoen is, geld net die oorblywende gedeelte van die vonnis.

(3) Wanneer 'n skikking bereik is of die partye ooreenkom om uit te stel of terug te trek, is dit die plig van die eiser of applikant se prokureur om die griffier onmiddellik daarvan in kennis te stel.

(4) Tensy die geding teruggetrek is, mag 'n party tot 'n skikking wat op skrif maar nie uitgevoer is nie, vonnis in dier voege aanvra met minstens vier dae kennisgewing aan alle belanghebbende partye.

REËL 42.

WYSIGING EN HERROEPING VAN BEVELE.

(1) Die hof het benewens ander magte wat hy mag hê, die reg om *mero motu* of op aansoek van 'n party wat geraak word, bevele of vonnisse te wysig of te herroep.

(*a*) wat verkeerdelik aangevra of verkeerdelik gegee is sonder kennisgewing aan 'n party wat daardeur geraak word;
(*b*) wat 'n dubbelsinnigheid of 'n klaarblyklike fout of weglating bevat, maar slegs tot aansuiwering van die dubbelsinnigheid, fout of weglating;
(*c*) wat gegee is as gevolg van 'n gemeenskaplike fout van die partye.

(2) 'n Party wat regshulp ingevolge hierdie reël verlang, moet kennis van sy aansoek gee aan alle partye wie se belange deur die gevraagde wysiging geraak kan word.

(3) Die hof wysig of herroep nie 'n bevel of vonnis nie tensy hy oortuig is dat alle partye wie se belange geraak kan word, kennis dra van die voorgenome herroeping of wysiging.

REËL 43.

HUWELIKSAANGELEENTHEDE.

(1) Hierdie reël geld wanneer 'n getroude persoon een of meer van die volgende vorme van regshulp by die hof aanvra:

(*a*) onderhoud *pendente lite*;
(*b*) 'n bydrae tot die koste van 'n hangende huweliksgeding;
(*c*) tussentydse bewaring van 'n kind;
(*d*) tussentydse toegang tot 'n kind.

(2) Die applikant moet 'n onbeëdigde verklaring in die aard van 'n deklarasie aflewer, waarin die gevraagde regshulp en die gronde daarvoor uiteengesit word, tesame met 'n kennisgewing aan die respondent so na moontlik bewoord soos Vorm 17 in die Eerste Bylae. Die verklaring en kennisgewing, onderteken deur die applikant of sy prokureur, moet 'n adres vir betekening binne vyf myl van die hof af bevat en word deur die balju beteken.

(3) Die respondent moet binne sewe dae na ontvangs van die verklaring 'n onbeëdigde antwoord in die aard van 'n pleit aflewer, geteken en voorsien van 'n adres soos in subreël (2) bedoel, by gebreke waarvan hy *ipso facto* onder belet is.

RULE 41.

WITHDRAWAL, SETTLEMENT, DISCONTINUANCE, POSTPONEMENT AND ABANDONMENT.

(1) A person instituting any proceedings may at any time before the matter has been set down and thereafter by consent of the parties or leave of the court withdraw such proceedings, in any of which events he shall deliver a notice of withdrawal and may embody in such notice a consent to pay costs; and the taxing master shall tax such costs on the request of the other party.

If no such consent to pay costs is embodied in the notice of withdrawal or such taxed costs are not paid within fourteen days of demand, the other party may apply to court on notice for an order for costs.

(2) Any party in whose favour any decision or judgment has been given, may abandon such decision or judgment either in whole or in part by delivering notice thereof and such judgment or decision abandoned in part shall have effect subject to such abandonment.

(3) If in any proceedings a settlement or an agreement to postpone or withdraw is reached, it shall be the duty of the attorney for the plaintiff or applicant immediately to inform the registrar accordingly.

(4) Unless such proceedings have been withdrawn, any party to a written settlement shall, if the same has not been carried out, be entitled to apply for judgment in terms thereof on at least four days' notice to all interested parties.

RULE 42.

VARIATION AND RESCISSION OF ORDERS.

(1) The court may, in addition to any other powers it may have, *mero motu* or upon the application of any party affected, rescind or vary:

(*a*) An order or judgment erroneously sought or erroneously granted without notice to any party affected thereby;
(*b*) an order or judgment in which there is an ambiguity, or a patent error or omission, but only to the extent of such ambiguity, error or omission;
(*c*) an order or judgment granted as the result of a mistake common to the parties.

(2) Any party desiring any relief under this rule shall make application therefor upon notice to all parties whose interests may be affected by any variation sought.

(3) The court shall not make any order rescinding or varying any order or judgment unless satisfied that all parties whose interests may be affected have notice of the order proposed.

RULE 43.

MATRIMONIAL MATTERS.

(1) This rule shall apply whenever a spouse seeks relief from the court in respect of one or more of the following matters:

(*a*) Maintenance *pendente lite;*
(*b*) a contribution towards the costs of a pending matrimonial action;
(*c*) interim custody of any child;
(*d*) interim access to any child.

(2) The applicant shall deliver an unsworn statement in the nature of a declaration, setting out the relief claimed and the grounds therefor, together with a notice to the respondent as near as may be in accordance with Form 17 of the First Schedule. The statement and notice shall be signed by the applicant or his attorney, shall give an address for service within five miles of the court, and shall be served by the sheriff.

(3) The respondent shall within seven days of receiving the statement deliver an unsworn reply in the nature of a plea, signed and giving an address as aforesaid, in default of which he shall be *ipso facto* barred.

(4) So gou moontlik daarna bring die griffier die saak voor die hof vir summiere verhoor met sewe dae kennis aan die partye (tensy die respondent in verstek is).

(5) Die hof kan na goeddunke die getuienis tot dié van die partye beperk.

(6) Die hof kan met dieselfde prosedure sy beslissing wysig as daar 'n wesenlike verandering in die omstandighede van enigeen van die partye of van 'n kind ingetree het of as die bydrae tot koste onvoldoende blyk te wees.

(7) Advokaatsgelde in sake kragtens hierdie reël beloop hoogstens R15 as dit onbestrede is of R25 as dit bestrede is, tensy die hof in 'n uitsonderlike geval anders beveel.

REËL 44.

HERSTEL VAN HUWELIKSREGTE.

(1) (*a*) In 'n aksie om herstel van huweliksregte kan die eiser in die alternatief 'n egskeidingsbevel eis.

(*b*) In 'n aksie om herstel van huweliksregte kan die hof by bewys dat die verweerder die eiser kwaadwillig verlaat het, hom beveel om huweliksregte te herstel of om by gebreke daarvan op 'n dag in die bevel genoem te word, redes aan te voer waarom egskeiding nie toegestaan behoort te word nie. Die bevel moet, tensy die hof anders bepaal, persoonlik aan die verweerder beteken word.

(2) As dit op die keerdatum by beëdigde verklaring of andersins bewys word dat die verweerder versuim het om aan die bevel tot herstel van huweliksregte te voldoen, kan die hof egskeiding toestaan of 'n ander bevel gee wat hy billik ag.

(3) Wanneer die hof aan die eiser verlof gee om 'n herstelbevel by wyse van publikasie te beteken, moet dit so na moontlik soos Vorm 17a in die Eerste Bylae bewoord wees.

REËL 45.

UITWINNING.

ALGEMEEN EN ROERENDE GOED.

(1) Die party in wie se guns die hof vonnis gegee het, kan op eie risiko by die griffierskantoor een of meer lasbriewe vir tenuitvoerlegging daarvan uitneem, so na moontlik bewoord soos Vorm 18 in die Eerste Bylae: Met dien verstande dat behalwe waar onroerende goed spesiaal deur die hof uitwinbaar verklaar is, geen uitwinningslasbrief teen onroerende goed uitgereik word nie tensy daar eers ten opsigte van 'n lasbrief teen sy roerende goed gerelateer is dat die persoon nie genoeg roerende goed het om daaraan te voldoen nie.

(8) Not later than fourteen days prior to the date assigned for the hearing of the appeal, the party appealing shall serve upon the respondent two copies and file with the registrar three copies of the record on appeal which shall contain a complete index and copies of all papers, documents and exhibits in the case, except formal and immaterial documents which shall be omitted provided that such omission is referred to in the said index. Such copies shall be clearly typed on foolscap paper in double spacing, paginated and bound and in addition every tenth line on every page shall be numbered.

(9) By consent of the parties to the appeal, exhibits and annexures having no bearing on the point at issue in the appeal and immaterial portions of lengthy documents may be omitted. Such consent setting out what documents or parts of documents have been omitted shall be signed by the parties and shall be included in the record of appeal, provided that the court hearing the appeal may require the whole of the record of the case to be placed before it.

(10) When the decision of an appeal turns exclusively on a point of law the parties may agree to submit such appeal to the court in the form of a special case, in which event copies shall be made of only such portions of the record as may be necessary for a proper decision of the

wees vir behoorlike beslissing van die appèl, voorgelê word, met dien verstande dat die hof wat die appèl aanhoor, kan beveel dat die hele oorkonde voorgelê word.

(11) (*a*) Waar appèl aangeteken is of aansoek gedoen is om herroeping, regstelling, hersiening of wysiging van 'n bevel van 'n hoër hof, word die werking en tenuitvoerlegging daarvan opgeskort hangende die beslising van die appêl of aansoek, tensy die hof wat die bevel gegee het, op aansoek van 'n party anders bepaal.

(b) As die bevel in paragraaf (*a*) bedoel ten uitvoer gelê word en op las van die hof, moet die party wat die tenuitvoerlegging bewerkstellig, eers sekuriteit gee soos deur die partye ooreengekom of deur die griffier bepaal, vir die terugbetaling van 'n bedrag deur sodanige tenuitvoerlegging verkry, tensy die hof anders gelas. Die griffier se beslising is finaal.

(12) Tensy die respondent van sy reg tot sekuriteit afstand doen, moet die appellant, voor indiening van die appèl-oorkondes by die griffier, voldoende sekuriteit gee vir die respondent se koste van appèl. As die partye nie oor die bedrag kan ooreenkom nie, bepaal die griffier dit, en sy beslissing is finaal.

(13) Die Regering van die Republiek of 'n provinsiale administrasie of die administrasie van die gebied Suidwes-Afrika hoef nie sekuriteit te gee nie.

(14) Minstens ses dae voor die aanhoring van die appèl moet die appellant 'n bondige opgawe aflewer van die hoofpunte (sonder om daarop uit te brei) wat hy op appèl wil aanvoer. Minstens vier dae voor die aanhoring moet die respondent 'n dergelike opgawe aflewer. Drie addisionele eksemplare word in elke geval by die griffier ingedien.

REËL 50.

Siviele Appèlle van Landdroshowe.

(1) 'n Appèl by die hof teen die beslissing van 'n landdros in 'n siviele saak moet binne ses weke na die aantekening daarvan voortgesit word, anders word dit geag te verval het.

(2) Die voortsetting van 'n appèl behels *ipso facto* die voortsetting van 'n teenappèl wat behoorlik aangeteken is.

(3) As 'n teenappèl aangeteken is en die appèl verval, verval die teenappèl ook, tensy 'n datum vir die aanhoring daarvan binne drie weke na die verval van die appèl by die griffier aangevra word.

(4) Die appellant kan binne vier weke na aantekening van die appèl skriftelik by die griffier en met kennisgewing aan alle ander partye 'n datum van aanhoring aanvra. As hy dit nie doen nie, kan die respondent te eniger tyd voor verstryking van die voormelde tydperk van ses weke op dieselfde wyse 'n datum van aanhoring aanvra. Dan word die appèl of teenappèl geag behoorlik voortgesit te wees.

(5) By ontvangs van so 'n aansoek moet die griffier onverwyld 'n datum van aanhoring toeken, minstens ses weke later, tensy alle partye skriftelik tot 'n korter tyd toestem. Hy moet die applikant onverwyld skriftelik kennis van die datum gee, waarna die applikant dadelik 'n kennisgewing van terrolleplasing aflewer en die klerk van die hof skriftelik daarvan in kennis stel.

(6) Terrolleplasing van 'n hangende appèl is *ipso facto* terrolleplasing van 'n teenappèl en andersom.

(7) (*a*) By ontvangs van die kennisgewing van die datum van aanhoring van 'n appèl, moet die party wat dit aangevra het, twee afskrifte van die oorkonde maak en hulle minstens veertien dae voor die genoemde datum by die griffier indien: Met dien verstande dat as so 'n appèl deur meer as twee regters verhoor staan te word, die griffier die nodige addisionele afskrifte kan vorder.

(*b*) Die afskrifte moet duidelik met dubbele spasiëring op foliopapier getik word en moet gepagineer wees. Ook moet elke tiende reël op elke bladsy genommer word.

appeal, provided that the court hearing the appeal may require that the whole of the record of the case be placed before it.

(11) (*a*) Where an appeal has been noted or an application to rescind, correct, review, or vary an order of a superior court has been made, the operation and execution of the order in question shall be suspended pending the decision of such appeal or application, unless the court which gave such order otherwise directs on the application of any party.

(*b*) If the order referred to in paragraph (*a*) is carried into execution in terms of any direction of the court, the party causing such execution shall, unless the court otherwise orders, before such execution, enter into such security as the parties may agree or the registrar may decide for the restitution of any sum obtained upon such execution. The registrar's decision shall be final.

(12) Unless the respondent waives his right to security, the appellant shall, before lodging with the registrar copies of the record on appeal, enter into good and sufficient security for the respondent's costs of appeal. In the case of failure to agree on the amount of security the registrar shall fix the amount, and his decision shall be final.

(13) No security shall be required from the Government of the Republic or any Provincial Administration or the Administration of the territory of South West Africa.

(14) Not later than six days before the hearing of the appeal the appellant shall deliver a concise and succinct statement of the main points (without elaboration thereon) which he intends to argue on appeal. Not later than four days before such hearing the respondent shall deliver a like statement of the main points he intends to argue. Three additional copies shall in each case be filed with the registrar.

RULE 50.

Civil Appeals from Magistrates' Courts.

(1) An appeal to the court against the decision of a magistrate in a civil matter shall be prosecuted within six weeks after the noting of such appeal, and unless so prosecuted it shall be deemed to have lapsed.

(2) The prosecution of an appeal shall *ipso facto* operate as the prosecution of any cross-appeal which has been duly noted.

(3) If a cross-appeal has been noted, and the appeal lapses, the cross-appeal shall also lapse, unless application for a date of hearing for such cross-appeal is made to the registrar within three weeks of the date of the lapse of such appeal.

(4) The appellant may, within four weeks after noting the appeal, apply in writing to the registrar on notice to all other parties for a date of hearing. If he fails to do so, the respondent may at any time before the expiry of the aforesaid period of six weeks apply for a date of hearing in like manner. Upon such application, an appeal or cross-appeal shall be deemed to have been duly prosecuted.

(5) Upon receipt of such application for a date of hearing for an appeal or a cross-appeal, the registrar shall forthwith assign a date of hearing thereto, such day to be not less than six weeks from the date of such receipt (unless all parties thereto consent in writing to a shorter period). The registrar shall forthwith give the applicant for such date written notice of the date so assigned by him, whereupon the applicant shall, without delay, deliver a notice of set down and notify the clerk of the court in writing accordingly.

(6) A notice of set down of a pending appeal shall *ipso facto* operate as a set down of any cross-appeal and *vice versa*.

(7) (*a*) Upon receipt of such notice of the date assigned for the hearing of an appeal, the party who applied for the same shall prepare and lodge with the registrar not less than fourteen days prior to the said date two copies of the record, provided that if such appeal is to be heard by more than two judges, the registrar may call for such additional copies of the record as are required.

(*b*) Such copies shall be clearly typed on foolscap paper in double spacing, and the pages thereof shall be consecutively numbered. In addition every tenth line on each page shall be numbered.

(*c*) Die oorkonde moet 'n juiste en volledige afskrif bevat van die pleitstukke en die getuienis, en van alle ander dokumente wat nodig is vir die beregting van die appèl, sowel as 'n inhoudsopgawe daarvan. Die eksemplare wat by die griffier ingedien word, moet as juis gesertifiseer wees deur die prokureur of party wat hulle indien.

(*d*) Die party wat die afskrifte van die oorkonde indien, moet ook aan elk van die ander partye twee eksemplare daarvan verskaf, aldus gesertifiseer.

(8) (*a*) Behalwe vir sover hulle die meriete van 'n appèl raak, word getuiedagvaardings, kennisgewings van verhoor, toestemmings tot uitstel, opgawes van dokumente, kennisgewings om bloot te lê of insae toe te laat en ander dokumente van formele aard uit die oorkonde weggelaat, maar 'n lys daarvan word bygevoeg.

(*b*) Met toestemming van die partye kan bewysstukke wat geen betrekking op 'n geskilpunt in die appèl het nie en ontersaaklike gedeeltes van lang dokumente ook weggelaat word, in welke geval 'n deur die partye ondertekende toestemming waarin die weglatings vermeld word, by die griffier ingedien word saam met die oorkonde: Met dien verstande dat die hof wat die appèl aanhoor, altyd die oorspronklike oorkonde kan raadpleeg en kennis kan neem van alles wat daarin voorkom.

REËL 51.

Strafappèlle van Landdroshowe.

(1) 'n Appèl van 'n veroordeelde persoon teen 'n skuldigbevinding, vonnis of bevel van 'n landdroshof in 'n strafsaak waarin die Staat die aanklaer was, of 'n appèl van 'n prokureur-generaal of ander aanklaer teen 'n afwysing van 'n dagvaarding of aanklag of 'n ander beslissing van 'n landdroshof in so 'n saak, word deur die prokureur-generaal of die griffier by kennisgewing aan die appellant of sy prokureur ter rolle geplaas vir aanhoring op een van die dae in die termyn of die vakansie wat die regterpresident vir sulke sake bepaal het.

(2) 'n Appèl teen 'n skuldigbevinding, vonnis of bevel van 'n landdroshof in enige ander strafsaak word deur die griffier by kennisgewing aan alle partye vir aanhoring ter rolle geplaas soos van tyd tot tyd deur die regterpresident voorgeskryf.

(3) Die finale verantwoordelikheid om te verseker dat alle afskrifte van die appèl-oorkonde in alle opsigte behoorlik voor die hof is, rus op die appellant of sy prokureur.

REËL 52.

Strafappèlle na die Appèlafdeling.

(1) Wanneer—

(*a*) aan 'n beskuldigde ingevolge artikel *driehonderd drie-en-sestig* van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955) verlof gegee is om te appelleer; of

(*b*) 'n beskuldigde ingevolge artikel *driehonderd vyf-en-sestig* van die Wet appèl aangeteken het; of

(*c*) 'n hof ingevolge artikel *driehonderd ses-en-sestig* van die Wet 'n regsvraag wat by die verhoor van 'n beskuldigde ontstaan, voorbehou het—

(i) moet die griffier van die hof wat die beskuldigde verhoor het, by die griffier van die Appèlafdeling agt afskrifte van die oorkonde (waarvan een deur die eersgenoemde griffier gesertifiseer is) van die verrigtinge in die verhoorhof indien en soveel eksemplare aan die Staat verskaf as wat nodig geag mag word: Met dien verstande dat in plaas van die hele oorkonde, afskrifte (waarvan een deur die eersgenoemde griffier gesertifiseer is) van sodanige gedeeltes daarvan as waarop die beskuldigde en die Staat kan ooreenkom as voldoende, deurgestuur mag word, in welke geval die Appèlafdeling nietemin afskrifte van die hele oorkonde kan aanvra.

(*c*) The record shall contain a correct and complete copy of the pleadings, evidence and all other documents necessary for the hearing of the appeal, together with an index thereof, and the copies lodged with the registrar shall be certified as correct by the attorney or party lodging the same.

(*d*) The party lodging the copies of the record shall also furnish each of the other parties with two copies thereof, certified as aforesaid.

(8) (*a*) Save insofar as these affect the merits of an appeal, subpoenas, notices of trial, consents to postponements, schedules of documents, notices to produce or inspect, and other documents of a formal nature shall be omitted from the copies of the record prepared in terms of the aforegoing sub-rule. A list thereof shall be included in the record.

(*b*) By consent of parties, exhibits having no bearing on a point at issue in an appeal and immaterial portions of lengthy documents may likewise be omitted from such copies—in which event a written consent, setting forth what documents, or portions thereof, as the case may be, have been omitted, and signed by or on behalf of the parties shall be filed with the registrar when such copies are lodged, provided that the court hearing the appeal may at all times refer to the original record and take cognisance of all matters appearing therein.

RULE 51.

Criminal Appeals from Magistrates' Courts.

(1) An appeal by a convicted person against a conviction, sentence or order made by a magistrate's court in a criminal matter in which the prosecution has been at the public instance, or an appeal by an attorney-general or other prosecutor against a dismissal of a summons or charge or other decision of a magistrate's court in such a matter, shall be set down by the attorney-general or registrar on notice to the appellant or his attorney for hearing on such day in term time or vacation as the Julge-President may appoint for such matters.

(2) An appeal against a conviction, sentence or order made by a magistrate's court in any other criminal matter shall be set down for hearing by the registrar on notice to all parties in accordance with such directions as he may receive from the Judge-President from time to time.

(3) The ultimate responsibility for ensuring that all copies of the record on appeal are in all respects properly before the court shall rest on the appellant or his attorney.

RULE 52.

Criminal Appeals to the Appellate Division.

(1) Whenever—

(*a*) an accused has been granted leave to appeal in terms of section *three hundred and sixty-three* of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955); or

(*b*) an accused has noted an appeal in terms of section *three hundred and sixty-five* of the said Act; or

(*c*) a court has reserved a question of law arising on the trial of an accused in terms of section *three hundred and sixty-six* of the said Act—

(i) the registrar of the court which tried the accused shall lodge with the registrar of the Appellate Division eight copies of the record (one of which shall be certified by the first-named registrar) of the proceedings in the trial court and deliver such number of copies to the State as may be considered necessary: Provided that instead of the whole record, with the consent of the accused and the State, copies (one of which shall be certified by the first-named registrar) may be transmitted of such parts of the record as may be agreed upon by the accused and the State to be sufficient in which event the Appellate Division may nevertheless call for copies of the whole record.

(ii) Die beskuldigde mag teen betaling van die voorgeskrewe gelde van die griffier van die hof wat hom verhoor het, soveel eksemplare van die oorkonde of gedeeltes daarvan (na gelang van die geval), verkry as wat hy nodig het: Met dien verstande dat as hy te arm is om die voorgeskrewe gelde te betaal, hy die eksemplare kosteloos kan kry.

(2) Die griffier van die hof wat die beskuldigde verhoor het, moet beslis of hy te arm is om die voorgeskrewe gelde te betaal, en sy beslissing is finaal.

(3) Die woorde „die griffier van die hof wat die beskuldigde verhoor het" beteken, waar die verhoorhof 'n Rondgaande Plaaslike Afdeling was, die griffier van die afdeling van die Hooggeregshof in wie se bewaring die stukke van die betrokke Rondgaande Plaaslike Afdeling gegee is.

(4) Wanneer verlof om te appelleer in 'n strafsaak deur 'n afdeling van die Hoggeregshof gegee word, moet die griffier van daardie afdeling onverwyld die griffier van die Appèlafdeling daarvan in kennis stel.

REËL 53.

HERSIENINGS.

(1) Tensy dit by wet anders bepaal is, moet alle hersienings van beslissings of verrigtinge van 'n laer hof en van enige tribunaal, raad of beampte wat regterlike, kwasi-regterlike of administratiewe funksies verrig, geskied by wyse van kennisgewing van mosie wat deur die party wat die hersiening verlang, afgelewer en gerig word aan die landdros, voorsittende beampte of voorsitter van die hof, tribunaal of raad of aan die beampte, na gelang van die geval, en aan alle ander partye wat geraak word. Daarin word die betrokke persoon opgeroep om—

(*a*) redes aan te voer waarom die beslissing of verrigtinge nie hersien en reggestel of ter syde gestel behoort te word nie; en

(*b*) binne veertien dae na ontvangs van die kennisgewing van mosie aan die griffier die oorkonde van die verrigtinge te stuur tesame met sodanige redes as wat hy regtens moet of gevra kan word om te verstrek, en om die applikant in kennis te stel dat hy dit gedoen het.

(2) Die kennisgewing van mosie moet die betrokke beslissing of verrigtinge aangee en moet vergesel gaan van 'n beëdigde verklaring wat die gronde, feite en omstandighede bevat waarop die applikant steun vir tersydestelling of regstelling daarvan.

(3) Die griffier moet die bedoelde oorkonde aan die applikant beskikbaar stel op voorwaardes wat hy paslik ag om die veiligheid daarvan te verseker, en die applikant moet dan afskrifte laat maak van dié gedeeltes wat nodig mag wees vir die hersiening. Hy moet twee daarvan aan die griffier verskaf en een aan elk van die ander partye, in elke geval deur die applikant as juis gesertifiseer. Die koste van kopiëring, as daar is, word deur die applikant gedra en is koste in die geding.

(4) Die applikant kan binne sewe dae nadat die griffier die oorkonde aan hom beskikbaar gestel het, deur 'n kennisgewing en bygaande beëdigde verklaring af te lewer, sy kennisgewing van mosie wysig of uitbrei en die ondersteunende beëdigde verklaring aanvul.

(5) As die voorsittende beampte, voorsitter of beampte, na gelang van die geval, of 'n party wat daardeur geraak word, die bevel in die kennisgewing van mosie aangevra, wil bestry, moet hy—

(*a*) binne veertien dae na ontvangs van die kennisgewing van mosie of 'n wysiging daarvan, 'n kennisgewing aan die applikant aflewer dat hy wil bestry, en daarin 'n adres binne vyf myl van die griffierskantoor aangee waar hy betekening van alle prosesstukke in die geding sal aanvaar; en

(ii) The accused shall be entitled, on payment of the prescribed fees, to obtain from the registrar of the court which tried him such number of copies of the record or parts of the record (as the case may be) as may be necessary for his purpose: Provided that if he is unable by reason of poverty to pay the prescribed fees he shall be entitled to obtain the same without payment of any fees.

(2) Any question arising as to the accused's inability to pay the prescribed fees shall be decided by the registrar of the court which tried the accused. The registrar's decision shall be final.

(3) The words "the registrar of the court which tried the accused" shall mean, where the trial court was a Circuit Local Division, the registrar of the division of the Supreme Court in whose custody the records of the Circuit Local Division concerned are lodged.

(4) If leave to appeal in a criminal case is granted by any division of the Supreme Court the registrar of that division shall without delay notify the registrar of the Appellate Division of that fact.

RULE 53.

REVIEWS.

(1) Save where any law otherwise provides, all proceedings to bring under review the decision or proceedings of any inferior court and of any tribunal, board or officer performing judicial, quasi-judicial or administrative functions shall be by way of notice of motion directed and delivered by the party seeking to review such decision or proceedings to the magistrate, presiding officer or chairman of the court, tribunal or board or to the officer, as the case may be, and to all other parties affected—

(*a*) calling upon such persons to show cause why such decision or proceedings should not be reviewed and corrected or set aside, and

(*b*) calling upon the magistrate, presiding officer, chairman or officer, as the case may be, to despatch, within fourteen days of the receipt of the notice of motion, to the registrar the record of such proceedings sought to be corrected or set aside together with such reasons as he is by law required or desires to give or make, and to notify the applicant that he has done so.

(2) The notice of motion shall set out the decision or proceedings sought to be reviewed and shall be supported by affidavit setting out the grounds and the facts and circumstances upon which applicant relies to have the decision or proceedings set aside or corrected.

(3) The registrar shall make available to the applicant the record despatched to him as aforesaid upon such terms as the registrar thinks appropriate to ensure its safety, and the applicant shall thereupon cause copies of such portions of the record as may be necessary for the purposes of the review to be made and shall furnish the registrar with two copies and each of the other parties with one copy thereof, in each case certified by the applicant as true copies. The costs of transcription, if any, shall be borne by the applicant and shall be costs in the cause.

(4) The applicant may within seven days after the registrar has made the record available to him, by notice and accompanying affidavit amend, add to or vary the terms of his notice of motion and supplement the supporting affidavit, and shall deliver the said notice and affidavit.

(5) Should the presiding officer, chairman, or officer, as the case may be, or any party affected desire to oppose the granting of the order prayed in the notice of motion, he shall—

(*a*) within fourteen days of the receipt by him of the notice of motion or any amendment thereof deliver notice to the applicant that he intends so to oppose and shall in such notice appoint an address within five miles of the office of the registrar at which he will accept notice and service of all process in such proceedings, and

(*b*) binne een-en-twintig dae na verstryking van die tyd in subreël (4) genoem, beëdigde verklarings aflewer wat hy in antwoord op die applikant se beweringe wil aanbied.

(6) Die applikant het die regte en verpligtinge betreffende repliserende beëdigde verklarings wat in reël 6 uiteengesit is.

(7) Die bepalings van reël 6 betreffende die terrolleplasing van aansoeke geld *mutatis mutandis* vir die terrolleplasing van hersienings.

REËL 54.

STRAFVERRIGTINGE—PROVINSIALE EN PLAASLIKE AFDELINGS.

(1) Die prosesstuk waarby 'n beskuldigde opgeroep word om op 'n akte van beskuldiging te antwoord, is 'n lasbrief uitgeneem deur die hoofklerk van die prokureur-generaal wat die akte van beskuldiging voorlê, of in die geval van 'n private vervolging, deur die aanklaer of sy prokureur, en dit word aan die adjunk-balju gerig: Met dien verstande dat in die geval van die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling en die Plaaslike Afdeling Griekwaland-Wes die lasbrief by die kantoor van die griffier uitgeneem kan word deur die adjunk-prokureur-generaal, Johannesburg, of die staatsaanklaer, Kimberley, na gelang van die geval.

(2) Wanneer iemand wat kragtens artikel *vyf-en-sewentig* van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955) vir vonnis verwys is, voor 'n hoër hof aangekla word, kan hy vir vonnis voorgebring word by enige strafsitting van die hof waarin hy aangekla word.

(3) Die prokureur-generaal of ander aanklaer of sy prokureur moet op elke akte van beskuldiging en elke afskrif daarvan wat aan die adjunk-balju vir betekening afgelewer word, 'n kennisgewing van verhoor endosseer of dit daaraan heg, waarin die hof waarin en die besondere sitting en tyd wanneer die beskuldigde moet verskyn, aangegee word.

(4) Die prokureur-generaal of ander aanklaer of sy prokureur moet aan die adjunk-balju die lasbrief, 'n afskrif van die akte van beskuldiging en die kennisgewing van verhoor vir betekening aflewer, een van elk vir elke beskuldigde. In die geval van 'n private vervolging moet die aanklaer of sy prokureur terselfdertyd aan die adjunk-balju die koste betaal wat regtens gevorder kan word vir die betekening.

(5) Die getuiedagvaarding of prosesstuk vir die verkryging van die aanwesigheid van iemand voor 'n hoër hof (nie synde 'n rondgaande hof nie) om getuienis in 'n strafsaak af te lê of om boeke, dokumente of voorwerpe in te lewer, word by die griffierskantoor van daardie hof deur die hoofklerk van die prokureur-generaal uitgeneem (of waar die vervolging deur 'n private party ingestel word, deur homself of sy prokureur). Dit word aan die adjunk-balju by sy kantoor afgelewer vir betekening, tesame met 'n afskrif vir elk van die persone aan wie betekening moet geskied. In die geval van die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling en die Plaaslike Afdeling Griekwaland-Wes kan die prosesstukke ook deur die adjunk-prokureur-generaal, Johannesburg, of die staatsaanklaer, Kimberley, na gelang van die geval, uitgeneem en aan die betrokke adjunk-balju gelewer word.

(6) Die getuiedagvaarding moet aan die getuie (*a*) persoonlik beteken word of (b) by sy woon-, besigheids- of werksplek deur dit af te lewer aan iemand aldaar wat skynbaar minstens sestien jaar oud is en skynbaar daar woon of werk.

(7) Die betekenaar moet desgewens aan die betrokke persoon die oorspronklike van die getuiedagvaarding toon.

(8) As die persoon aan wie 'n getuiedagvaarding beteken moet word, sy woon- of besigheidsplek gesluit hou ten einde die betekening te verhinder, is dit voldoende om 'n afskrif daarvan aan die buite- of hoofdeur van die woon- of besigheidsplek te heg.

(9) Wanneer 'n hof iemand weens minagting van die hof beboet vanweë sy versuim om te verskyn of iets anders, en die boete word nie behoorlik betaal nie, moet die griffier aan die adjunk-balju besonderhede van die boete gee en

(*b*) within twenty-one days of the expiry of the time referred to in sub-rule (4) hereof, deliver any affidavits he may desire in answer to the allegations made by the applicant.

(6) The applicant shall have the rights and obligations in regard to replying affidavits set out in rule 6.

(7) The provisions of rule 6 as to set down of applications shall *mutatis mutandis* apply to the set down of review proceedings.

RULE 54.

CRIMINAL PROCEEDINGS—PROVINCIAL AND LOCAL DIVISIONS.

(1) The process for summoning an accused to answer any indictment shall be by writ sued out by the chief clerk to the Attorney-General who presents the indictment, or in the case of a private prosecution by the prosecutor or his attorney, and shall be directed to the deputy-sheriff: Provided that in the case of the Witwatersrand and Griqualand West Local Divisions the writ may be sued out of the office of the registrar of such Divisions by the Deputy Attorney-General, Johannesburg, or the State Prosecutor, Kimberley, as the case may be.

(2) When any person committed for sentence under the provisions of section *seventy-five* of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955), is indicted before a superior court he may be brought up for sentence at any sitting for criminal business of the court before which he is indicted.

(3) The attorney-general or other prosecutor or his attorney shall endorse on, or annex to, every indictment and every copy of any indictment delivered to the deputy-sheriff for service thereof, a notice of trial, which notice shall specify the court before which, and the particular session and time when, he will bring the accused to trial on the said indictment.

(4) The attorney-general or other prosecutor or his attorney shall deliver to the deputy-sheriff for service the writ, a copy of the indictment and notice of trial or, if there are more than one accused, as many writs and copies of the indictment and notice of trial as there are accused. In the case of a private prosecution the prosecutor or his attorney shall at the same time hand to the deputy-sheriff his lawful costs and charges for serving the same.

(5) The subpoena or process for procuring the attendance of any person before a superior court (other than a Circuit Court) to give evidence in any criminal case or to produce any books, documents or things, shall be sued out of the office of the registrar of that court, by the chief clerk to the attorney-general (or where the prosecution is at the instance of a private party, by himself or his attorney); and the same shall be delivered to the deputy-sheriff, at his office, for service thereof, together with so many copies of the subpoena or process as there are persons to be served. In the case of the Witwatersrand and Griqualand West Local Divisions, the process may also be sued out by the Deputy Attorney-General, Johannesburg, or the State Prosecutor, Kimberley, as the case may be, and delivered to the deputy-sheriff concerned.

(6) The subpoena shall be served upon the witness (*a*) personally, or (*b*) at his residence or place of business or employment by delivering it to some person thereat who is apparently not less than sixteen years of age and apparently residing or employed thereat.

(7) The person serving the subpoena shall, if required by the person upon whom it was served, exhibit to him the original.

(8) If the person to be served with a subpoena keeps his residence or place of business closed so as to prevent the service of the subpoena it shall be sufficient service to affix a copy thereof to the outer or principal door of such residence or place of business.

(9) When a court imposes upon any person whatsoever a fine for contempt of court for default in appearance or otherwise, and such fine is not duly paid, the registrar of the court shall furnish the deputy-sheriff with particulars of such fine and deliver to him a completed warrant.

'n voltooide lasbrief aan hom aflewer, wat hy dadelik ten uitvoer moet lê.

(10) 'n Aansoek kragtens artikel *honderd een-en-vyftig* van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955) om verandering van die plek van verhoor, kan by kennisgewing deur of namens die prokureur-generaal of deur die beskuldigde by die hof gedoen word en die hof kan daarop na goeddunke 'n bevel gee.

REËL 55.

STRAFSAKE—RONDGAANDE HOF.

(1) Die prosesstuk waarmee enigiemand, hetsy beskuldigde of getuie, opgeroep word om in 'n strafsaak in 'n rondgaande hof in enige distrik te verskyn, kan te eniger tyd uitgeneem word, ook al is die datum vir die sitting van die hof nog nie bepaal nie. Dit kan deur die griffier van die provinsiale afdeling of van die rondgaande hof uitgereik word, of, wanneer laasgenoemde nie op die plek is waar die hof sal sit nie, deur die klerk van die landdroshof van die distrik of deur die klerk van 'n regter in die rondgaande hof: Met dien verstande dat die prosesstuk vir die oproeping van iemand wat deur die prokureur-generaal of sy adjunk as a getuie in 'n strafsaak in 'n rondgaande hof benodig word, nie deur of namens die prokureur-generaal geëndosseer of formeel uitgeneem hoef te word nie.

(2) Die prosesstuk van die rondgaande hof vir enige distrik vir die arres en aanhouding onder borgtog van iemand om te verseker dat hy voor die hof sal verskyn, word deur die landdros van die distrik of deur 'n regter uitgereik.

(3) Alle prosesstukke van die rondgaande hof word gedateer op die dag waarop hulle uitgereik word, geattesteer in die naam van een van die regters, geteken deur die beampte wat hulle uitreik, geëndosseer deur die persoon wat hulle uitneem en aan die adjunk-balju gerig.

(4) Die griffier van elke rondgaande hof moet by die afsluiting daarvan aan die balju 'n lys laat deurstuur van alle lasbriewe tot tenuitvoerlegging van vonnisse in strafsake wat deur hom uitgereik is.

(5) In alle sake waarin 'n prosesstuk vir die tenuitvoerlegging van 'n vonnis, uitspraak of bevel van 'n rondgaande hof in 'n strafsaak benodig word nadat die oorkondes daarvan by die kantoor van die griffier van die provinsiale afdeling in bewaring gegee is, kan 'n prosesstuk van daardie afdeling vir die doel uitgereik word aan die person wat die tenuitvoerlegging verlang.

(6) Wanneer 'n rondgaande hof enigiemand beboet weens minagting van die hof deurdat hy versuim het om te verskyn of andersins, en die boete word nie op tyd betaal nie, moet die griffier van die rondgaande hof aan die adjunk-balju besonderhede van die boete gee en 'n lasbrief ten opsigte daarvan aan hom lewer.

(7) Die griffier van 'n rondgaande hof moet onmiddellik na afsluiting van die hof in elke sentrum 'n opgawe van al die boetes opstel wat die hof aldaar opgelê het, met aangifte van die name van die persone, die bedrag van die boete, die datum van oplegging, die datum wanneer 'n lasbrief aan die adjunk-balju gelewer is vir die invordering daarvan, enige vermindering as daar was, en of dit sonder uitreiking van 'n lasbrief betaal is. Die opgawe stuur hy aan die griffier van die provinsiale afdeling.

(8) Wanneer 'n rondgangdistrik meer as een landdrosdistrik omvat, moet die klerk van die landdroshof van elke sodanige distrik binne sy distrik die pligte uitvoer wat deur hierdie reëls aan klerke van landdroshowe opgedra word.

REËL 56.

STRAFSAKE—ALGEMEEN.

(1) Prosesstukke of dokumente in reëls 54 en 55 genoem kan deur 'n lid van 'n polisiemag bedoel in subartikel (4) van artikel *driehonderd sewe-en-sewentig* van die Strafproseswet, 1955 (Wet. No 56 van 1955) beteken word.

(2) Subreëls (16) tot (19) en (21) van reël 39 geld *mutatis mutandis* vir alle verrigtinge in strafsake.

The deputy-sheriff, immediately on such warrant being delivered to him, shall execute it.

(10) An application under section *one hundred and fifty-one* of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955) to change the place of trial in criminal proceedings may be made to the court, upon notice, by or on behalf of the Attorney-General or the accused. The court may thereupon make such order thereon as to it seems meet.

RULE 55.

CRIMINAL PROCEEDINGS—CIRCUIT COURT.

(1) The process of a Circuit Court for any district for summoning any person, either as an accused or as a witness in any criminal case before such court, may be sued out at any time, whether the date for holding such court shall have been appointed or not. It may be issued by the registrar of the Provincial Division or of the Circuit Court or when the latter is not in the place where the court is to be held then by the clerk of the magistrate's court of the district or by the clerk to any judge in that court: Provided that the process for summoning any person required by the Attorney-General or his deputy as a witness in a criminal case in such court need not be endorsed or formally sued out by or on behalf of the Attorney-General.

(2) The process of the Circuit Court for any district for arresting and holding to bail any person in order to compel his appearance before such court shall be issued by the magistrate for such district, or by any judge.

(3) All process of the Circuit Court shall be dated on the day on which it is issued, shall be witnessed in the name of one of the judges, shall be signed by the officer issuing it, shall be endorsed by the person suing out the same and shall be directed to the deputy-sheriff.

(4) The registrar of every Circuit Court shall, on the closing of the same, cause to be transmitted to the sheriff a list of all warrants of execution in criminal cases which have been issued by him.

(5) In all cases wherein process is required for the execution of any sentence, judgment, or order of any Circuit Court in a criminal case, after the records thereof have been deposited in the office of the registrar of the Provincial Division, the process of that division for the execution of any such sentence, judgment or order may be issued to the party requiring the execution of the same.

(6) When a Circuit Court imposes upon any party whatsoever a fine for contempt of court, for default of appearance or otherwise, and such fine is not duly paid, the registrar of the Circuit Court shall furnish to the deputy-sheriff the particulars of such fine, and deliver to him a warrant in respect thereof.

(7) The registrar of every Circuit Court shall, immediately upon the closing of the court in each circuit town, make out and transmit to the registrar of the Provincial Division a return showing all the fines which have, during the sitting of the court in that town, been imposed by the said court, specifying therein the names of the parties, the amount of the fine, the date when imposed, and the date when a warrant was delivered to the deputy-sheriff for its levy, the extent, if any, to which the fine was remitted, and whether it was paid without issue of a warrant.

(8) Whenever a Circuit Court district comprises more than one magisterial district, the clerk of the magistrate's court of each such magisterial district shall, within the limits of his district, perform the duties devolving on clerks of magistrates under these rules.

RULE 56.

CRIMINAL PROCEEDINGS—GENERAL.

(1) Any process or document referred to in rules 54 and 55 may be served by a member of a police force referred to in sub-section (4) of section *three hundred and seventy-seven* of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955).

(2) The provisions of sub-rules (16)-(19) and (21) of rule 39 shall apply *mutatis mutandis* to all proceedings in criminal cases.

REËL 57.

GEREGTELIKE ONDERSOEK NA GEESTESTOESTAND, AANSTELLING VAN KURATORS VIR HANDELINGS-ONBEVOEGDES EN VRYSTELLING VAN KURATELE.

(1) Iemand wat 'n bevel by die hof wil aanvra waarby 'n ander persoon (hierna „die pasiënt" genoem) geestelik verstoord verklaar word en derhalwe onbekwaam om sy belange te behartig, en waarby 'n kurator vir die pasiënt of sy goed aangestel word, moet eers die aanstelling van 'n kurator *ad litem* vir die pasiënt by die hof aanvra.

(2) So 'n aansoek geskied *ex parte* en moet volledig uiteensit—

(*a*) die gronde waarop die applikant aanspraak maak op *locus standi* om so 'n aansoek te doen;

(*b*) die gronde waarop beweer word dat die hof jurisdiksie het;

(*c*) die pasiënt se ouderdom en geslag, volle besonderhede van sy besittings en van sy algemene liggaamlike gesondheidstoestand;

(*d*) die verwantskap (as daar is) tussen die pasiënt en die applikant, en die tydsduur en mate van vertroulikheid in hul omgang (as daar is);

(*e*) die feite en omstandighede wat as bewys moet dien dat die pasiënt geestelik verstoord is en nie sy belange kan behartig nie;

(*f*) die name, beroepe en adresse van die onderskeie persone wat vir aanstelling as kurator *ad litem* en daarna as kurator vir die pasiënt se persoon of goed voorgestel word, en 'n verklaring dat hierdie persone genader is en te kenne gegee het dat hulle, indien aangestel, in staat en gewillig sal wees om in die onderskeie hoedanighede te dien.

(3) Die aansoek moet sover moontlik gesteun word deur—

(*a*) 'n beëdigde verklaring van minstens een persoon wat die pasiënt goed ken, met besonderhede oor die pasiënt se geestestoestand waarvan die deponent persoonlik kennis dra. As so iemand aan die pasiënt verwant is of persoonlike belang by die bepalings van 'n aangevraagde bevel het, moet volledige besonderhede van die verwantskap of belang gegee word;

(*b*) beëdigde verklarings van minstens twee mediese praktisyns, een van wie waar doenlik 'n psigiater moet wees wat die pasiënt kort tevore ondersoek het ten einde oor sy geestestoestand verslag te doen. Die verklarings moet al hulle waarnemings insake die pasiënt se geestestoestand bevat, asook hul menings oor die aard, omvang en waarskynlike duur van die geestesverstoring of -gebrek wat hulle gevind het, met hul redes daarvoor, gevolg deur 'n opinie of die pasiënt bekwaam is om sy belange te behartig. Die mediese praktisyns moet sover moontlik nie aan die pasiënt verwant wees nie en geen persoonlike belang by die bepalings van 'n aangevraagde bevel hê nie.

(4) By die aanhoring van die aansoek in subreël (1) bedoel kan die hof die voorgestelde person of enige ander geskikte persoon as kurator *ad litem* aanstel, die aansoek van die hand wys of na goeddunke 'n ander bevel gee. Meer bepaald kan die hof as goeie gronde aangevoer is en van weë dringendheid of ander besondere omstandighede, enige van die vereistes van hierdie reël oor die hoof sien.

(5) Na sy aanstelling moet die kurator *ad litem* (wat waar doenlik 'n advokaat of anders 'n prokureur moet wees) onverwyld 'n onderhoud met die pasiënt voer en hom die doel en aard van die aansoek meedeel tensy hy na raadpleging van een van die mediese praktisyns in paragraaf (*b*) van subreël (3) bedoel, meen dat dit die pasiënt se gesondheid sal benadeel. Hy moet sodanige verdere navrae doen as wat in die saak nodig skyn te wees en 'n verslag aan die hof opstel waarin hy ook alle verdere feite wat hy mog vasgestel het aangaande die pasiënt se geestestoestand, sy middele en omstandighede vermeld, en die aandag vestig op enige oorweging wat hy meen die

RULE 57.

DE LUNATICO INQUIRENDO, APPOINTMENT OF CURATORS IN RESPECT OF PERSONS UNDER DISABILITY AND RELEASE FROM CURATORSHIP.

(1) Any person desirous of making application to the court for an order declaring another person (hereinafter referred to as "the patient") to be of unsound mind and as such incapable of managing his affairs, and appointing a curator to the person or property of such patient shall in the first instance apply to the court for the appointment of a curator *ad litem* to such patient.

(2) Such application shall be brought *ex parte* and shall set forth fully—

(*a*) the grounds upon which the applicant claims *locus standi* to make such application;

(*b*) the grounds upon which the court is alleged to have jurisdiction;

(*c*) the patient's age and sex, full particulars of his means, and information as to his general state of physical health;

(*d*) the relationship (if any) between the patient and the applicant, and the duration and intimacy of their association (if any);

(*e*) the facts and circumstances relied on to show that the patient is of unsound mind and incapable of managing his affairs;

(*f*) the name, occupation and address of the respective persons suggested for appointment by the court as curator *ad litem*, and subsequently as curator to the patient's person or property, and a statement that these persons have been approached and have intimated that, if appointed, they would be able and willing to act in these respective capacities.

(3) The application shall, as far as possible, be supported by—

(*a*) an affidavit by at least one person to whom the patient is well known and containing such facts and information as are within the deponent's own knowledge concerning the patient's mental condition. If such person is related to the patient, or has any personal interest in the terms of any order sought, full details of such relationship or interest, as the case may be, shall be set forth in his affidavit; and

(*b*) affidavits by at least two medical practitioners, one of whom shall, where practicable, be an alienist, who have conducted recent examinations of the patient with a view to ascertaining and reporting upon his mental condition and stating all such facts as were observed by them at such examinations in regard to such condition, the opinions found by them in regard to the nature, extent and probable duration of any mental disorder or defect observed and their reasons for the same and whether the patient is in their opinion incapable of managing his affairs. Such medical practitioners shall, as far as possible, be persons unrelated to the patient, and without personal interest in the terms of any order sought.

(4) Upon the hearing of the application referred to in sub-rule (1), the court may appoint the persons suggested or any other suitable person as curator *ad litem*, or may dismiss the application or make such further or other order thereon as to it may seem meet and in particular on cause shown, and by reason of urgency, special circumstances or otherwise, dispense with any of the requirements of this rule.

(5) Upon his appointment the curator *ad litem* (who shall if practicable be an advocate, or failing such, an attorney), shall without delay interview the patient, and shall also inform him of the purpose and nature of the application unless after consulting a medical practitioner referred to in paragraph (*b*) of sub-rule (3) he is satisfied that this would be detrimental to the patient's health. He shall further make such enquiries as the case appears to require and thereafter prepare and file with the registrar his report on the matter to the court, at the same time furnishing the applicant with a copy thereof. In his report

hof sal beïnvloed betreffende die bepalings van die aangevraagde bevel. Die verslag moet hy by die griffier indien en terselfdertyd aan die applikant 'n afskrif daarvan verskaf.

(6) By ontvangs van die verslag moet die applikant dit tesame met afskrifte van die verklarings in subreëls (2) en (3) bedoel, aan die Weesheer wat jurisdiksie het, vir oorweging en verslag aan die hof voorlê.

(7) In sy verslag moet die Weesheer tot die beste van sy vermoë kommentarieer oor die pasiënt se middele en algemene omstandighede en die -al of nie-geskiktheid van die persoon wat as kurator van die pasiënt of sy goed voorgestel is, en aanbevelings doen oor die verskaffing van sekuriteit en die instuur van rekeninge deur die kurator en die magte wat na sy mening aan hom toevertrou behoort te word. 'n Afskrif van die verslag moet aan die kurator *ad litem* verskaf word.

(8) By ontvangs van die verslag van die Weesheer kan die applikant die saak op dieselfde stukke vir aanhoring ter rolle plaas om 'n bevel aan te vra waarin verklaar word dat die pasiënt geestelik verstoord is en derhalwe onbekwaam om sy belange te behartig, en waarin die voorgestelde persoon aangestel word as kurator vir die persoon of goed van die pasiënt, of albei. Die applikant moet kennis van die terrolleplasing aan die kurator *ad litem* gee, wat dit desverkiesend aan die pasiënt kan meedeel.

(9) Die hof kan beveel dat die applikant, die pasiënt en andere die aanhoring moet bywoon om mondelinge getuienis af te lê of inligting te verskaf wat die hof mag verlang.

(10) By oorweging van die aansoek, die verslae van die kurator *ad litem* en van die Weesheer en sodanige verdere inligting of getuienis as wat mondeling of andersins voorgelê mog wees, kan die hof gelas dat die aansoek aan die pasiënt beteken word of hy kan die pasiënt geestelik verstoord verklaar en onbekwaam om sy eie belange te behartig, en 'n geskikte persoon as kurator vir hom of sy goed of albei aanstel, met die voorbehoude wat hy goedvind, of hy kan die aansoek van die hand wys of in die algemeen na goeddunke 'n bevel gee (insluitende 'n bevel dat die koste van die verrigtinge uit die bates van die pasiënt betaal word).

(11) Verskillende persone kan, mits iedereen die vereistes van hierdie reël nagekom het, voorgestel en afsonderlik aangestel word as kurator vir die persoon en kurator vir die goed van iemand wat verklaar is geestelik verstoord te wees en onbekwaam om sy eie belange te behartig.

(12) Subreëls (1), (2) en (4) tot en met (10) geld, vir sover hulle daarop toegepas kan word, ook *mutatis mutandis* vir 'n aansoek om aanstelling deur die hof van 'n kurator ingevolge artikel *twee-en-sestig* van die Wet op Geestesgebreken, 1916 (Wet No. 38 van 1916) vir die goed van iemand wat aangehou word as geestelik verstoord of gebrekkig of wat as sodanig verklaar is, of wat aangehou word as 'n geestelik verstoorde of gebrekkige gevangene of as 'n pasiënt wat die beskikking van die Staatspresident afwag en wat onbekwaam is om sy belange te behartig.

(13) Behalwe vir sover as wat die hof op aansoek anders mag voorskryf, geld subreëls (1) tot (11) *mutatis mutandis* vir elke aansoek om aanstelling van 'n kurator *bonis* vir iemand op grond daarvan dat hy vanweë 'n gebrek, geestelik of liggaamlik, onbekwaam is om sy belange te behartig.

(14) Iemand wat deur die hof geestelik verstoord verklaar is en onbekwaam om sy eie belange te behartig, en vir wie se persoon of goed 'n kurator aangestel is, en wat by die hof aansoek wil doen om 'n verklaring dat hy nie meer geestelik verstoord is en onbekwaam om sy eie belange te behartig nie, of wat vrygestel wil word van kuratele, na gelang van die geval, moet veertien dae kennis van so 'n aansoek aan die kurator en die Weesheer gee.

(15) By die ontvangs van so 'n kennisgewing en na oorweging van die aansoek en sodanige ander inligting as wat hy het, moet die Weesheer onverwyld verslag daaroor aan die hof doen en kommentarieer op enige aspek van

the curator *ad litem* shall set forth such further facts (if any) as he has ascertained in regard to the patient's mental condition, means and circumstances and he shall draw attention to any consideration which in his view might influence the court in regard to the terms of any order sought.

(6) Upon receipt of the said report the applicant shall submit the same, together with copies of the documents referred to in sub-rules (2) and (3) to the master of the Supreme Court having jurisdiction for consideration and report to the court.

(7) In his report the master shall, as far as he is able, comment upon the patient's means and general circumstances, and the suitability or otherwise of the person suggested for appointment as curator to the person or property of the patient, and he shall further make such recommendations as to the furnishing of security and rendering of accounts by, and the powers to be conferred on, such curator as the facts of the case appear to him to require. The curator *ad litem* shall be furnished with a copy of the said report.

(8) After the receipt of the report of the master, the applicant may, on notice to the curator *ad litem* (who shall if he thinks fit inform the patient thereof) place the matter on the roll for hearing on the same papers for an order declaring the patient to be of unsound mind and as such incapable of managing his affairs and for the appointment of the person suggested as curator to the person or property of the patient or to both.

(9) At such hearing the court may require the attendance of the applicant, the patient, and such other persons as it may think fit, to give such evidence *viva voce* or furnish such information as the court may require.

(10) Upon consideration of the application, the reports of the curator *ad litem* and of the master and such further information or evidence (if any) as has been adduced *viva voce*, or otherwise, the court may direct service of the application on the patient or may declare the patient to be of unsound mind and incapable of managing his own affairs and appoint a suitable person as curator to his person or property or both on such terms as to it may seem meet, or it may dismiss the application or generally make such order (including an order that the costs of such proceedings be defrayed from the assets of the patient) as to it may seem meet.

(11) Different persons may, subject to due compliance with the requirements of this rule in regard to each, be suggested and separately appointed as curator to the person and curator to the property of any person found to be of unsound mind and incapable of managing his own affairs.

(12) The provisions of sub-rules (1), (2) and (4) to (10) inclusive shall in so far as the same are applicable thereto, also apply *mutatis mutandis* to any application for the appointment by the court of a curator under the provisions of section *sixty-two* of the Mental Disorders Act, 1916 (Act No. 38 of 1916), to the property of a person detained as or declared mentally disordered or defective, or detained as a mentally disordered or defective prisoner or as a State President's decision patient and who is incapable of managing his affairs.

(13) Save to such extent as the court may on application otherwise direct, the provisions of sub-rules (1) to (11) shall, *mutatis mutandis*, apply to every application for the appointment of a curator *bonis* to any person on the ground that he is by reason of some disability, mental or physical, incapable of managing his affairs.

(14) Every person who has been declared by a court to be of unsound mind and incapable of managing his affairs, and to whose person or property a curator has been appointed and who intends applying to court for a declaration that he is no longer of unsound mind and incapable of managing his affairs or for release from such curatorship, as the case may be, shall give fourteen days' notice of such application to such curator and to the master.

(15) Upon receipt of such notice and after due consideration of the application and such information as is available to him, the master shall, without delay, report thereon to the court, at the same time commenting upon

die saak waarop na sy mening die hof se aandag gevestig behoort te word.

(16) Subreëls (14) en (15) geld ook vir 'n aansoek om vrystelling van kuratele deur iemand wat ingevolge artikel *nege-en-vyftig* van die Wet op Geestesgebreken, 1916 (Wet No. 38 van 1916) uit 'n inrigting waar hy aangehou is, ontslaan is maar ten opsigte van wie 'n kurator *bonis* deur die hof ingevolge artikel *twee-en-sestig* van die genoemde Wet aangestel is.

(17) Na die aanhoring van 'n aansoek in subreëls (14) en (16) bedoel, kan die hof die applikant vry van geestesverstoring verklaar en bekwaam om sy belange te behartig en hom van kuratele onthef, of die aansoek van die hand wys, of *mero motu* 'n kurator *ad litem* aanstel om volgens goedvinde van die hof navrae te doen en daaroor te rapporteer, of hy kan sodanige verdere getuienis as wat hy wenslik ag, aanvra en die verdere aanhoring van die saak uitstel in afwagting van so 'n verslag, beëdigde verklaring of getuienis, na gelang van die geval, of hy kan die aangeleentheid *sine die* uitstel en na goeddunke 'n kostebevel gee.

REËL 58.

TUSSENPLEIT.

(1) Waar iemand, in hierdie reël „die applikant" genoem, beweer dat hy aangespreek staan te word deur twee of meer partye wat strydige eise het (in hierdie reël „die aanspraakmakers" genoem) kan hy 'n kennisgewing wat in hierdie reël 'n „tussenpleitkennisgewing" genoem word, aan die aanspraakmakers aflewer. In die geval van strydige aansprake op goed waarop vir uitwinning beslag gelê is, het die adjunk-balju die regte van 'n applikant en 'n vonnisskuldeiser die regte van 'n aanspraakmaker.

(2) (*a*) By aansprake op geld moet die applikant by aflewering van die kennisgewing die geld aan die griffier betaal, wat dit moet hou totdat die strydige aansprake beslis is.

(*b*) By aansprake op 'n voorwerp wat gelewer kan word, moet die applikant dit aan die griffier aanbied wanneer hy die tussenpleit-kennisgewing aflewer of hy moet volgens voorskrifte van die griffier sorg dat dit beskikbaar bly.

(*c*) By aansprake op onroerende goed moet die applikant die titelbewyse daarvan, as hy hulle het, aan die griffier gee wanneer hy die tussenpleitkennisgewing aflewer tesame met 'n onderneming om alle dokumente wat nodig is om transport van die onroerende goed te gee, te onderteken ooreenkomstig 'n bevel wat die hof mag gee of 'n ooreenkoms tussen die aanspraakmakers.

(3) Die tussenpleit-kennisgewing moet—

(*a*) die aard van die aanspreeklikheid, eiendom of aanspraak waaroor die geskil gaan, vermeld;
(*b*) die aanspraakmakers oproep om binne die tyd in die kennisgewing gestel, synde minstens veertien dae na betekening daarvan, besonderhede van hul eise af te lewer; en
(*c*) vermeld dat op 'n latere datum, synde minstens veertien dae na die datum in die kennisgewing genoem vir die aflewering van aansprake, die applikant by die hof aansoek sal doen om te beslis oor sy aanspreeklikheid of die geldigheid van die onderskeie aansprake.

(4) Tesame met die tussenpleit-kennisgewing moet die applikant 'n beëdigde verklaring aflewer waarin hy sê dat hy—

(*a*) geen ander belang by die onderwerp van die geskil het as om sy koste daaruit te dek nie;
(*b*) nie met enige van die aanspraakmakers saamspan nie;
(*c*) gewillig is om met die onderwerp van die geskil te handel soos die hof mag voorskryf.

(5) As 'n aanspraakmaker aan wie 'n tussenpleitkennisgewing en beëdigde verklaring behoorlik afgelewer is, nalaat om besonderhede van sy aanspraak binne die gestelde tyd af te lewer, of nadat hy dit wel gedoen het, nie in die hof verskyn ter ondersteuning van sy aanspraak nie, kan die hof beveel dat die aanspraak van hom en van almal wat deur hom eis, verval het teenoor die applikant.

any aspect of the matter to which, in his view, its attention should be drawn.

(16) The provisions of sub-rules (14) and (15) hereof shall also apply to any application for release from curatorship by a person who has been discharged under section *fifty-nine* of the Mental Disorders Act, 1916 (Act No 38 of 1916), from detention in an institution, but in respect of whom a curator *bonis* had been appointed by the court under section *sixty-two* of the said Act.

(17) Upon the hearing of any application referred to in sub-rules (14) and (16) hereof the court may declare the applicant as being no longer of unsound mind and as being capable of managing his affairs, order his release from such curatorship, or dismiss the application, or *mero motu* appoint a curator *ad litem* to make such enquiries as it considers desirable and to report to it, or call for such further evidence as it considers desirable and postpone the further hearing of the matter to permit of the production of such report, affidavit or evidence, as the case may be, or postpone the matter *sine die* and make such order as to costs or otherwise as to it may seem meet.

RULE 58.

INTERPLEADER.

(1) Where any person, in this rule called "the applicant", alleges that he is under any liability in respect of which he is or expects to be sued by two or more parties making adverse claims, in this rule referred to as "the claimants", in respect thereto, the applicant may deliver a notice, in terms of this rule called an "interpleader notice", to the claimants. In regard to conflicting claims with respect to property attached in execution, the deputy-sheriff shall have the rights of an applicant and an execution creditor shall have the rights of a claimant.

(2) (*a*) Where the claims relate to money the applicant shall be required, on delivering the notice mentioned in sub-rule (1) hereof, to pay the money to the registrar who shall hold it until the conflicting claims have been decided.

(*b*) Where the claims relate to a thing capable of delivery the applicant shall tender the subject matter to the registrar when delivering the interpleader notice or take such steps to secure the availability of the thing in question as the registrar may direct.

(*c*) Where the conflicting claims relate to immovable property the applicant shall place the title deeds thereof if available to him, in the possession of the registrar when delivering the interpleader notice and shall at the same time hand to the registrar an undertaking to sign all documents necessary to effect transfer of such immovable property in accordance with any order which the court may make or any agreement of the claimants.

(3) the interpleader notice shall—

(*a*) state the nature of the liability, property or claim which is the subject matter of the dispute;
(*b*) call upon the claimants within the time stated in the notice, not being less than fourteen days from the date of service thereof, to deliver particulars of their claims; and
(*c*) state that upon a further date, not being less than fourteen days from the date specified in the notice for the delivery of claims, the applicant will apply to court for its decision as to his liability or the validity of the respective claims.

(4) There shall be delivered together with the interpleader notice an affidavit by the applicant stating that—

(*a*) he claims no interest in the subject matter in dispute other than for charges and costs;
(*b*) he does not collude with any of the claimants;
(*c*) he is willing to deal with or act in regard to the subject matter of the dispute as the court may direct.

(5) If a claimant to whom an interpleader notice and affidavit have been duly delivered fails to deliver particulars of his claim within the time stated or, having delivered such particulars, fails to appear in court in support of his claim, the court may make an order declaring him and all persons claiming under him barred as against the applicant from making any claim on the subject matter of the dispute.

(6) As 'n aanspraakmaker besonderhede van sy eis aflewer en voor die hof verskyn, kan die hof—

(*a*) nadat hy die getuienis wat hy nodig ag, aangehoor het, die aanspraak dadelik beslis;

(*b*) beveel dat 'n aanspraakmaker as verweerder gevoeg word in enige aksie wat reeds 'n aanvang geneem het ten opsigte van die onderwerp van die geskil, in plaas van of bykomstig tot die applikant;

(*c*) beveel dat 'n geskil tussen die aanspraakmakers by wyse van 'n gestelde saak of op 'n ander wyse gestel word vir verhoor, en vir daardie doel bepaal wie die eiser sal wees wie die verweerder;

(*d*) as hy meen dat dit nie 'n geskikte geval vir 'n tussenpleit is nie, die aansoek van die hand wys;

(*e*) na goeddunke 'n bevel gee oor koste en oor die uitgawes (as daar is) deur die applikant ingevolge paragraaf (*b*) van subreël (2) aangegaan.

(7) As 'n tussenpleit-kennisgewing deur 'n verweerder in 'n aksie uitgereik word, word die verrigtinge in daardie aksie opgeskort hangende die beslissing van die tussenpleitgeding, tensy die hof op aansoek van enige ander party tot die aksie anders beveel.

REËL 59.

BEËDIGDE VERTALERS.

(1) Enige afdeling van die Hooggeregshof kan 'n meerderjarige wat hom oortuig dat hy daartoe bevoegd is, toelaat en laat inskryf as 'n beëdigde vertaler in 'n amptelike taal van die Republiek van Suid-Afrika en in enige vreemde taal.

(2) Niemand word as 'n beëdigde vertaler toegelaat en ingeskryf nie tensy sy bedrewenheid in die taal wat hy wil oorsit, na behore skriftelik gesertifiseer is op grond van 'n eksamen wat hoogstens ses maande voor die datum van aansoek deur 'n bevoegde beëdigde vertaler van minstens sewe jaar status afgeneem is: Met dien verstande dat as daar nie 'n beëdigde vertaler van voldoende status in sy regsgebied is nie, die hof iemand wat na sy mening behoorlik gekwalifiseer is om so 'n eksamen af te neem, as eksaminator kan aanstel.

(3) Elke behoorlik toegelate en ingeskrewe beëdigde vertaler word vir die betrokke tale geag 'n beëdigde vertaler vir alle afdelings van die Hooggeregshof te wees, en die griffier van die afdeling waarin hy toegelaat is, moet die griffiers van alle ander afdelings in kennis stel van die toelating en van die vertaler se adres.

(4) (*a*) Iemand wat kragtens subreël (1) toegelaat en ingeskryf is, moet voordat hy sy ampswerksaamhede begin uitvoer, onderstaande eed of plegtige verklaring aflê en onderteken—

„Ek ..... verklaar
(volle naam)
hierby onder eed/plegtig en opreg dat ek in my hoedanigheid as vertaler van die Hooggeregshof van Suid-Afrika enige dokument getrou en korrek na die beste van my kennis en vermoë sal vertaal in 'n amptelike taal van die Republiek van Suid-Afrika uit enige ander taal ten opsigte waarvan ek as vertaler toegelaat en ingeskryf is.".

(*b*) So 'n eed of plegtige verklaring word afgelê voor 'n regter van die afdeling van die Hooggeregshof waarin die vertaler toegelaat en ingeskryf word, en die betrokke regter endosseer daaronder dat dit voor hom afgelê is en die datum van aflegging, en onderteken dit.

REËL 60.

VERTALING VAN DOKUMENTE.

(1) 'n Dokument wat in 'n ander taal as 'n amptelike taal van die Republiek in die hof voorgelê word, moet vergesel gaan van 'n vertaling wat deur 'n beëdigde vertaler as juis gesertifiseer is.

(6) If a claimant delivers particulars of his claim and appears before it, the court may—

(*a*) then and there adjudicate upon such claim after hearing such evidence as it deems fit;

(*b*) order that any claimant be made a defendant in any action already commenced in respect of the subject matter in dispute in lieu of or in addition to the applicant;

(*c*) order that any issue between the claimants be stated by way of a special case or otherwise and tried, and for that purpose order which claimant shall be plaintiff and which shall be defendant;

(*d*) if it considers that the matter is not a proper matter for relief by way of interpleader notice dismiss the application;

(*e*) make such order as to costs, and the expenses (if any) incurred by the applicant under paragraph (*b*) of sub-rule (2), as to it may seem meet.

(7) If an interpleader notice is issued by a defendant in an action, proceedings in that action shall be stayed pending a decision upon the interpleader, unless the court upon an application made by any other party to the action otherwise orders.

RULE 59.

SWORN TRANSLATORS.

(1) Any person of full age may be admitted and enrolled by any division of the Supreme Court as a sworn translator in an official language of the Republic of South Africa and in any foreign language upon satisfying the court as to his competency.

(2) No person shall be admitted and enrolled as a sworn translator unless his proficiency in the language which he intends to translate has been duly certified in writing, after examination, held not more than six months before the date of his application by a competent sworn translator of not less than seven years' standing: Provided that, if there be no sworn translator of sufficient standing within its jurisdiction, the court may appoint as examiner any person whom it considers to be duly qualified to hold such examination.

(3) Every sworn translator duly admitted and enrolled shall, to the extent of such admission and enrolment, be deemed to be a sworn translator for all divisions of the Supreme Court, and the registrar of the division in which he is admitted shall notify the registrars of all other divisions of such admission and enrolment, and furnish his address.

(4) (*a*) Any person admitted and enrolled under sub-rule (1) shall before commencing to exercise the functions of his office take an oath or make an affirmation which shall be subscribed by him, in the form set out below, namely—

"I ..... do hereby swear/
(full name)
solemnly and sincerely affirm and declare that I will in any capacity as a translator of the Supreme Court of South Africa faithfully and correctly translate, to the best of my knowledge and ability, any document into an official language of the Republic of South Africa from any other language in respect of which I have been admitted and enrolled as a translator.".

(*b*) Any such oath or affirmation shall be taken or made before a judge of the division of the Supreme Court of South Africa admitting and enrolling the translator and the judge concerned shall at the foot thereof endorse a statement of the fact that it was taken or made before him and of the date on which it was so taken or made and append his signature thereto.

RULE 60.

TRANSLATION OF DOCUMENTS.

(1) If any document in a language other than an official language of the Republic is produced in any proceedings, it shall be accompanied by a translation certified to be correct by a sworn translator.

(2) 'n Vertaling aldus gesertifiseer word *prima facie* geag 'n juiste vertaling te wees en is as sodanig by voorlegging toelaatbaar.

(3) As 'n beëdigde vertaler nie beskikbaar is nie of dit na die hof se meninig nie in die belang van die regspleging sal wees om 'n beëdigde vertaling te verkry nie, hetsy vanweë die uitgawe, ongerief of vertraging daarby betrokke, kan die hof ondanks die bepalings van subreël (1) 'n vertaling as bewys toelaat wat as juis gesertifiseer is deur iemand van wie die hof oortuig is dat hy daartoe bevoegd is.

REËL 61.

VERTOLKING VAN GETUIENIS.

(1)As getuienis afgelê word in 'n taal wat die hof of 'n party of sy verteenwoordiger nie voldoende verstaan nie, moet dit vertolk word deur 'n bevoegde tolk wat 'n eed afgelê het om getrou en na die beste van sy vermoë in die betrokke tale te tolk.

(2) Voordat iemand as 'n tolk gebruik word, kan die hof desverskiesend of as 'n party op redelike gronde dit verlang, homself oortuig van die bevoegdheid en integriteit van so iemand deur getuienis aan te hoor of op 'n ander wyse.

(3) Wanneer 'n tolk in 'n geding gebruik word, volg die koste van vertolking (as daar is) die uitslag tensy die hof anders gelas: Met dien verstande dat waar die verteenwoordiger van 'n party getuienis uit een van die amptelike tale van die Republiek wil laat vertolk, die koste daarvan deur die betrokke party betaal word.

REËL 62.

INDIENING, VOORBEREIDING EN INSAE VAN STUKKE.

(1) As 'n saak deur meer as een regter verhoor moet word, moet 'n afskrif van alle pleitstukke, belangrike kennisgewings, aanhangsels, beëdigde verklarings en dergelike vir die gebruik van elke addisionele regter ingedien word.

(2) Alle stukke wat by die hof ingedien word behalwe oorspronklike bewysstukke en aanhangsels moet duidelik gedruk of getik word in permanente swart of blou-swart ink net op een kant van die papier, wat van foliogrootte en goeie gehalte moet wees. 'n Stuk word geag getik te wees as dit duidelik op geskikte paper deur duplikasie, litografie, fotografie of enige ander kopieermetode gereproduseer is.

(3) Gestelde sake, petisies, beëdigde verklarings, appèlgronde en dergelike moet in bondige, genommerde paragrawe verdeel word.

(4) 'n Applikant moet minstens drie dae voor die verhoor alle afgelewerde stukke rangskik, pagineer, gerieflik vasmaak en 'n inhoudsopgawe daarvan voorsien en aflewer.

(5) Op die eerste bladsy van elke beëdigde verklaring wat deur of namens 'n respondent by die griffier ingedien word, moet as hy verteenwoordig is, die naam en adres van die indienende prokureur verskyn.

(6) Die griffier kan 'n stuk wat nie aan die vereistes van hierdie reël voldoen nie, verwerp.

(7) 'n Party tot 'n geding en enigiemand wat persoonlike belang daarby het, kan met verlof van die griffier na aanvoering van goeie redes, in die griffier se kantoor alle stukke insien en kopieer.

REËL 63.

WAARMERKING VAN DOKUMENTE WAT BUITE DIE REPUBLIEK EN SUIDWES-AFRIKA VERLY IS VIR GEBRUIK IN DIE REPUBLIEK EN SUIDWES-AFRIKA.

(1) In hierdie reël, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

„dokument" 'n akte, kontrak, volmag, beëdigde verklaring of ander geskrif, maar dit sluit nie 'n beëdigde of plegtige of geattesteerde verklaring in wat voor 'n by

(2) A translation so certified by a sworn translator shall be deemed *prima facie* to be a correct translation and admissible as such upon its production.

(3) If no sworn translator is available or if, in the opinion of the court, it would not be in the interests of justice to require a sworn translation, whether by reason of the expense, inconvenience or delay involved, the court may, notwithstanding the provisions of sub-rule (1), admit in evidence a translation certified to be correct by any person who it is satisfied is competent to make such translation.

RULE 61.

INTERPRETATION OF EVIDENCE.

(1) Where evidence in any proceedings is given in any language with which the court or a party or his representative is not sufficiently conversant, such evidence shall be interpreted by a competent interpreter, sworn to interpret faithfully and to the best of his ability in the languages concerned.

(2) Before any person is employed as an interpreter the court may, if in its opinion it is expedient to do so, or if any party on reasonable grounds so desires, satisfy itself as to the competence and integrity of such person after hearing evidence or otherwise.

(3) Where the services of an interpreter are employed in any proceedings, the costs (if any) of interpretation shall, unless the court otherwise orders be costs in the cause: Provided that where the interpretation of evidence given in one of the official languages of the Republic is required by the representative of a party, such costs shall be at such party's expense.

RULE 62.

FILING, PREPARATION AND INSPECTION OF DOCUMENTS.

(1) Where a matter has to be heard by more than one judge, a copy of all pleadings, important notices, annexures, affidavits and the like shall be filed for the use of each additional judge.

(2) All documents filed with the court, other than the originals of exhibits and annexures, shall be clearly and legibly printed or typewritten in permanent black or blue-black ink on one side only of suitable paper of foolscap size and of good quality. A document shall be deemed to be typewritten if it is reproduced clearly and legibly on suitable paper, by a duplicating, lithographic, photographic or any other method of reproduction.

(3) Stated cases, petitions, affidavits, grounds of appeal and the like shall be divided into concise paragraphs which shall be consecutively numbered.

(4) An applicant shall not later than three days prior to the hearing of the matter collate, and number consecutively, and suitably secure, all pages of the documents delivered and shall prepare and deliver a complete index thereof.

(5) Every affidavit filed with the registrar by or on behalf of a respondent shall, if he is represented, on the first page thereof bear the name and address of the attorney filing it.

(6) The registrar may reject any document which does not comply with the requirements of this rule.

(7) Any party to a cause, and any person having a personal interest therein, with leave of the registrar on good cause shown, may at his office, examine and make copies of all documents in such cause.

RULE 63.

AUTHENTICATION OF DOCUMENTS EXECUTED OUTSIDE THE REPUBLIC AND SOUTH WEST AFRICA FOR USE WITHIN THE REPUBLIC AND SOUTH WEST AFRICA.

(1) In this rule, unless inconsistent with the context—

"document" means any deed, contract, power of attorney, affidavit or other writing, but does not include an affidavit or solemn or attested declaration purporting to have been made before an officer prescribed by

artikel *agt* van die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963 (Wet No. 16 van 1963) voorgeskrewe amptenaar afgelê heet te wees nie;

„waarmerking", wanneer op 'n dokument toegepas, die bevestiging van 'n handtekening daarop.

(2) 'n Dokument wat op 'n plek buite die Republiek en Suidwes-Afrika verly is, word geag voldoende gewaarmerk te wees vir doeleindes van gebruik in die Republiek en Suidwes-Afrika indien dit behoorlik gewaarmerk is op so 'n vreemde plek deur die handtekening en ampseël—

(*a*) van die hoof van 'n Suid-Afrikaanse diplomatieke of konsulêre missie of van iemand in die administratiewe of vakkundige afdeling van die staatsdiens wat by 'n Suid-Afrikaanse diplomatieke, konsulêre of handelskantoor in die buiteland diens doen of van 'n Suid-Afrikaanse buitelandse diensbeampte Graad X of 'n Suid-Afrikaanse ere-konsul-generaal, konsul, vise-konsul of handelskommissaris; of

(*b*) van 'n diplomatieke of konsulêre beampte van enige Regering wat die waarmerking van dokumente namens die Republiek waarneem in die land waar die dokument verly is; of

(*c*) van 'n staatsinstansie van so 'n vreemde plek wat met die waarmerking van dokumente ingevolge die reg van daardie vreemde land belas is; of

(*d*) van 'n notaris of iemand anders in so 'n vreemde plek wat volgens 'n sertifikaat van 'n persoon in paragraaf (*a*), (*b*) of (*c*) genoem of van 'n diplomatieke of konsulêre beampte van so 'n vreemde land in die Republiek en Suidwes-Afrika behoorlik gemagtig is om so 'n dokument ingevolge die reg van daardie vreemde land te waarmerk; of

(*e*) van 'n notaris in die Verenigde Koninkryk van Groot Brittanje en Noord-Ierland of in Rhodesië, Basoetoland, die Betsjoeanaland Protektoraat of Swaziland; of

(*f*) van 'n offisier van die Suid-Afrikaanse Weermag soos omskryf in artikel een van die Verdedegingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), in die geval van 'n dokument wat deur iemand op aktiewe diens verly is.

(3) As iemand wat 'n dokument ingevolge subreël (2) waarmerk geen ampseël het nie, moet hy in dier voege daarop onder sy handtekening sertifiseer.

(4) Ondanks die bepalings van hierdie reël, kan 'n geregshof of openbare kantoor 'n dokument wat tot die bevrediging van so 'n geregshof of die beampte in beheer van so 'n openbare kantoor werklik geteken blyk te wees deur die persoon deur wie dit heet geteken te wees as behoorlik gewaarmerk aanvaar indien, daarbenewens, die genoemde hof of beampte oortuig is dat, met inagneming van die omstandighede wat op die tyd en plek van verlyding heers, dit vir so iemand onmoontlik was om sonder onredelike vertraging of onkoste die dokument op die by hierdie reël voorgeskrewe wyse te verly.

(5) Vir 'n volmag in Basoetoland, die Betsjoeanaland Protektoraat of Swaziland verly en bedoel as magtiging aan iemand om enige geregtelike verrigtinge in 'n landdroshof in die Republiek of Suidwes-Afrika in te stel of te verdedig of daarin toe te tree, word geen waarmerking vereis nie: Met dien verstande dat so 'n volmag behoorlik onderteken en die ondertekening deur twee bevoegde getuies geattesteer skyn te wees.

REËL 64.

VERNIETIGING VAN STUKKE.

As 'n saak nie deur die hof of 'n regter beslis is en nie teruggetrek is nie, kan die griffier, behoudens die bepalings van die Argiefwet, 1962 (Wet No. 6 van 1962), na verloop van drie jaar vanaf die datum waarop die laaste stuk ingedien is, die vernietiging van die betrokke stukke wat by hom ingedien is, magtig.

REËL 65.

KOMMISSARISSE VAN DIE HOF.

Iedereen wat behoorlik aangestel is as 'n kommissaris van 'n afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika vir die afneem van beëdigde verklarings op 'n plek buite die Republiek, word uit hoofde van so 'n aanstelling 'n

section *eight* of the Justices of the Peace and Commissioners of Oaths Act, 1963 (Act No. 16 of 1963);

"authentication" means, when applied to a document, the verification of any signature thereon.

(2) Any document executed in any place outside the Republic and South West Africa shall be deemed to be sufficiently authenticated for the purpose of use in the Republic and South West Africa if it be duly authenticated at such foreign place by the signature and seal of office—

(*a*) of the head of the South African diplomatic or consular mission or a person in the administrative or professional division of the public service serving at a South African diplomatic, consular or trade office abroad or a South African foreign service officer grade X or an honorary South African consul-general, consul, vice-consul or trade commissioner; or

(*b*) of a diplomatic or consular officer of any Government authenticating documents on behalf of the Republic in the country where such document is executed; or

(*c*) of any Government authority of such foreign place charged with the authentication of documents under the law of that foreign country; or

(*d*) of any notary public or other person in such foreign place who shall be shown by a certificate of any person referred to in paragraph (*a*), (*b*) or (*c*) or of any diplomatic or consular officer of such foreign country in the Republic and South West Africa to be duly authorised to authenticate such document under the law of that foreign country; or

(*e*) of a notary public in the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland or in Rhodesia, Basutoland, the Bechuanaland Protectorate or Swaziland; or

(*f*) of a commissioned officer of the South African Defence Force as defined in section *one* of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), in the case of a document executed by any person on active service.

(3) If any person authenticating a document in terms of sub-rule (2) has no seal of office, he shall certify thereon under his signature to that effect.

(4) Notwithstanding anything in this rule contained, any court of law or public office may accept as sufficiently authenticated any document which is shown to the satisfaction of such court or the officer in charge of such public office, to have been actually signed by the person purporting to have signed such document if, in addition, the said court or officer is satisfied that, having regard to the conditions prevailing at the time and place of execution, it was not possible without unreasonable delay or expense for such person to execute the document in the manner prescribed by this rule.

(5) No power of attorney, executed in Basutoland, the Bechuanaland Protectorate or Swaziland, and intended as an authority to any person to take, defend or intervene in any legal proceedings in a magistrate's court within the Republic or South West Africa, shall require authentication: Provided that any such power of attorney shall appear to have been duly signed and the signature to have been attested by two competent witnesses.

RULE 64.

DESTRUCTION OF DOCUMENTS.

In any matter which has not been adjudicated upon by the court or a judge, and has not been withdrawn, the registrar may, subject to the provisions of the Archives Act, 1962 (Act No. 6 of 1962), after the lapse of three years from the date of the filing of the last document therein, authorize the destruction of the documents filed in his office relating to such matter.

RULE 65.

COMMISSIONERS OF THE COURT.

Every person duly appointed as a commissioner of any division of the Supreme Court of South Africa for taking affidavits in any place outside the Republic shall, by virtue

kommissaris van die Hooggeregshof en gevolglik geregtig om deur die griffier van elke ander afdeling as 'n kommissaris daarvan ingeskryf te word. Ten einde inskrywing te vergemaklik, moet die griffier van elke afdeling die name en adresse van diegene wat as kommissarisse van sy afdeling aangestel is, aan die griffiers van al die ander afdelings stuur. Niemand wat in die Republiek woon, word hierna as kommissaris aangestel nie.

REËL 66.

VERJARING.

(1) Na verloop van drie jaar vanaf die dag waarop 'n uitspraak gedoen is, kan geen lasbrief vir tenuitvoerlegging uitgereik word nie tensy die skuldenaar toestem of tensy die vonnis deur die hof hernieu word. Dit kan geskied met kennisgewing aan die skuldenaar, maar geen nuwe bewyse van die skuld is nodig nie. In die geval van 'n vonnis vir periodieke betalings word die drie jaar ten opsigte van enige betaling bereken vanaf die vervaldatum daarvan.

(2) Lasbriewe vir tenuitvoerlegging van 'n vonnis wat eenmaal uitgereik is, bly van krag en kan, behoudens die bepalings van subparagraaf (ii) van paragraaf (*e*) van subartikel (2) van artikel *drie* van die Verjaringswet, 1943 (Wet No. 18 van 1943), ter eniger tyd ten uitvoer gelê word sonder hernuwing totdat daar ten volle aan die vonnis voldoen is.

REËL 67.

TARIEF VAN HOFGELDE.

Die hofgelde betaalbaar ten opsigte van die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings (uitgesonderd die afdeling Suidwes-Afrika) is soos volg:

		R c.
(*a*)	(i) Op elke oorspronklike eerste dokument waardeur 'n aksie ingestel of 'n aansoek ingelei word	3.00
	(ii) op elke kosterekening wat getakseer moet word en wat nie verbonde is aan 'n aksie of aansoek wat reeds in die hof geregistreer is nie	3.00
	(iii) op elke prokurasie (wat by die griffier ingedien moet word) om teen die uitspraak van 'n laerhof te appelleer, behalwe in strafsake	3.00
	(iv) op elke kennisgewing van appèl teen die uitspraak van 'n enkele regter na die volle hof ... Met dien verstande dat geen gelde gehef word op die dokument waardeur 'n *in forma pauperis*-aksie ingestel word nie.	3.00
(*b*)	vir die sertifikaat van die griffier op gewaarmerkte afskrifte van dokumente (elk)	0.20

REËL 68.

TARIEF VIR ADJUNK-BALJU'S.

(1) Die gelde in die onderstaande tarief kan deur adjunk-balju's gevorder word: Met dien verstande dat geen gelde gehef word vir die betekening van prosesstukke in *in forma pauperis*—verrigtinge nie behalwe die nodige uitgawes daaraan verbonde.

(2) Waar 'n besondere handeling op meer as een wyse kan geskied, moet die goedkoopste manier gevolg word tensy daar redelike beswaar teen is of die party ten behoewe van wie prosesstukke uitgevoer word, op eie koste 'n bepaalde wyse verkies.

(3) Geskille oor die opeisbaarheid of omvang van enige gelde of koste, en vergoeding vir noodsaaklike werk en noodsaaklike uitgawes waarvoor geen voorsiening gemaak is nie, word beslis deur die takseermeester van die hof waarvan die prosesstukke uitgegaan het.

TARIEF.

	R c.
1. Registrasie van 'n dokument vir betekening of tenuitvoerlegging, by ontvangs daarvan	0.20
2. Betekening of gepoogde betekening van dagvaardings, petisies tesame met kennisgewing van mosie of van ter rolle plasing, ander kennisgewings, bevele of enige ander dokumente, elk	1.00

of such appointment, become a commissioner of the said Supreme Court, and shall, as such, be entitled to be enrolled by the registrar of every other division as a commissioner thereof. For the purpose of facilitating such enrolment the registrar of each division shall transmit the names of those who are appointed as commissioners of such division, as well as their respective addresses, to the registrars of all the other divisions: Provided that no person residing within the Republic shall hereafter be appointed as such commissioner.

RULE 66.

SUPERANNUATION.

(1) After the expiration of three years from the day whereon a judgment has been pronounced, no writ of execution may be issued unless the debtor consents to the issue of the writ or unless the judgment is revived by the court on notice to the debtor, but in such case no new proof of the debt shall be required. In the case of judgment for periodic payments, the three years shall run, in respect of any payment, from the due date thereof.

(2) Writs of execution of a judgment once issued remain in force, and may, subject to the provisions of subparagraph (ii) of paragraph (*e*) of sub-section (2) of section *three* of the Prescription Act, 1943 (Act No. 18 of 1943), at any time be executed without being renewed until judgment has been satisfied in full.

RULE 67.

TARIFF OF COURT FEES.

The court fees payable in respect of the various provincial and local divisions (except the South West Africa division) are as follows:

		R c.
(*a*)	(i) On every original initial document whereby an action is instituted or application is made	3.00
	(ii) on every bill of costs to be taxed which is not related to an action or application already registered in the court	3.00
	(iii) on every power of attorney (to be filed with the registrar) to appeal against the judgment of an inferior court, excluding appeals in criminal cases	3.00
	(iv) on every notice of appeal against the judgment of a single judge to the full court ... ... Provided that no fee shall be levied on the document whereby an *in forma pauperis* action is instituted.	3.00
(*b*)	For the registrar's certificate on certified copies of documents (each)	0.20

RULE 68.

TARIFF FOR DEPUTY SHERIFFS.

(1) The fees and charges contained in the appended tariff shall be chargeable by and allowed to deputy-sheriffs, provided that no fees may be charged for the service of process in *in forma pauperis* proceedings (but the necessary disbursements for the purpose of such service may be recovered).

(2) Where there are more ways than one of doing any particular act, the least expensive way shall be adopted unless there is some reasonable objection thereto, or unless the party at whose instance process is executed desires any particular way to be adopted at his expense.

(3) Where any dispute shall arise as to the validity or amount of any fees or charges, or where necessary work is done and necessary expenditure incurred for which no provisions is made, the matter shall be determined by the taxing officer of the court whose process is in question.

TARIFF.

	R c.
1. For registration of any document for service or execution, upon receipt thereof	0.20
2. For service, or attempted service, of summonses, petitions together with notice of motion or notice of set down, notices, orders or any other documents, each	1.00

R c.

Met dien verstande dat—

(i) wanneer 'n dokument saam met 'n prosesstuk beteken moet word en in die prosesstuk genoem word of 'n aanhangsel daarvan is, geen addisionele gelde gevorder mag word vir betekening van die dokument nie. Owerigens mag R1 gevorder word vir elke afsonderlike dokument wat beteken word;

(ii) 'n gepoogde betekening van meer as een dokument aan dieselfde persoon beskou word as 'n gepoogde betekening van slegs een dokument; en

(iii) geen geld vir 'n aparte dokument gevorder word by die betekening van prosesstukke in strafsake nie.

3. **Reistoelae:**

(*a*) Vir die afstand werklik en noodsaaklikerwys deur die adjunk-balju of sy verteenwoordiger afgelê, bereken van die kantoor van die adjunk-balju af vir die heen- en terugreis, per myl of deel van 'n myl 0.15

(*b*) Wanneer twee of meer dagvaardings of ander prosesstukke, in opdrag van dieselfde party of van verskillende partye, met een en dieselfde reis beteken kan word, moet die reistoelae redelik en billik verdeel word tussen die verskillende sake met inagneming van die afstand wat die onderskeie partye aan wie die prosesstukke gerig is van die kantoor van die adjunk-balju af woon, maar die gelde is betaalbaar vir elke betekening of gepoogde betekening.

(*c*) Hierdie toelae is alleen betaalbaar in gevalle waar die betrokke diens meer as een myl van die kantoor van die adjunk-balju af verrig moet word: Met dien verstande dat as die kantoor van die adjunk-balju meer as drie myl van die landdroskantoor van sy distrik is, die afstand van een myl van die landdroskantoor af gemeet word.

(*d*) Die beperking opgelê deur die voorbehoud by die voorgaande subparagraaf 3 (*c*) kan deur die Minister van Justisie na goeddunke verslap word waar omstandighede dit regverdig en op aanbeveling van die balju van die betrokke provinsie, in welke geval die balju die aanbevole toegewing ten tyde van die aanstelling van die adjunk-balju moet meld.

4. (*a*) Posgeld in siviele sake, volgens die postarief.

(*b*) In strafsake, posvry.

LET WEL.—Indien moeilikheid ondervind word om koeverte wat „Amptelik" gemerk is deur die plaaslike posowerheid aangeneem te kry, kan die adjunk-balju die posstukke na die griffier van die Hooggeregshof neem, of as daar geen griffier in sy dorp of stad is nie, na die landdros, wat die koevert met sy amptelike frankeerstempel moet merk.

5. **Tenuitvoerlegging van enige lasbrief—**

(*a*) (i) vir die arres van 'n persoon insluitende die vervoer van hom na die hof, na die prokureur se kantoor of na die gevangenis, per persoon 4.20

(ii) vir vervoer van die verweerder na die hof van die plek van aanhouding op 'n dag na die dag van arres, en bywoning van die hof, R1.05 per uur, met 'n minimum van R2.10 maar hoogstens 4.20

(*b*) vir uitsetting R1.50 per uur, onderworpe aan 'n minimum van ... ... 5.25 (benewens redelike uitgawes noodsaaklikerwys aangegaan)

(*c*) teen onroerende goed:

(i) vir tenuitvoerlegging, insluitende betekening van kennisgewing van beslaglegging aan die eienaar van die onroerende goed en die registrateur van aktes of ander beampte belas met registrasie van sodanige goed en as die onroerende goed deur iemand anders geokkupeer word, ook aan die okkupant 3.05

(ii) vir kennisgewing van beslaglegging aan 'n enkele huurder of bewoner 1.05

Identiese kennisgewings waar daar meer as een huurder, bewoner of eienaar is vir elkeen na die eerste 0.25

(iii) vir waardasie of verslag vir die doel van 'n verkoping 5.00

(iv) waar 'n adjunk-balju gemagtig is om goed te verkoop en die goed nie verkoop word nie omdat die beslaglegging teruggetrek word of die skuldenaar se boedel insolvent verklaar word, afgesien van die bedrag van die lasbrief 2.10

Die nodige kennisgewing van terugtrekking van beslaglegging, die eerste 1.05

Ander identiese kennisgewings vir elkeen na die eerste 0.25

R c.

Provided that—

(i) whenever any document to be served with any such process is mentioned in the process or forms an annexure thereto, no additional fee shall be charged for the service of such document, otherwise a fee of R1 may be charged in respect of each separate document served;

(ii) an attempted service of more than one document on the same person shall be treated as an attempted service of one document only; and

(iii) no fee for the service of a separate document shall be charged in respect of the service of process in criminal cases.

3. Travelling allowance:

(*a*) For the distance actually and necessarily travelled by the deputy-sheriff or his officer reckoned from the office of the deputy-sheriff, both on the forward and the return journey, per mile or fraction of a mile 0.15

(*b*) When two or more summonses or other process, whether at the instance of the same party or or of different parties, are capable of being served on one and the same journey, the travelling allowance for performing the round of service shall be fairly and equitably apportioned among the several cases, regard being had to the distance at which the parties against whom such process is directed respectively reside from the office of the deputy-sheriff, but the fee for service shall be payable for each service made or attempted to be made.

(*c*) This allowance shall be payable only in cases where the duty in question is to be performed beyond a radius of one mile from the office of the deputy-sheriff: Provided that if the office of the deputy-sheriff is situate more than three miles from the office of the magistrate of his district, the allowance shall be payable only where such duty is to be performed beyond a distance of one mile from the magistrate's office.

(*d*) The restriction imposed by the proviso in the preceding sub-paragraph 3 (*c*) may however be relaxed by the Minister of Justice, in his discretion, where circumstances warrant it and on the recommendation of the sheriff of the province concerned, in which event the extent thereof shall be specially mentioned in the appointment of the deputy-sheriff.

4. (*a*) Postage in civil matters, as per postal tariff.

(*b*) Postage in criminal matters, free.

NOTE.—If difficulty is experienced in having envelopes marked "Official" accepted by the local postal authorities the deputy-sheriff may take the postal matter to the registrar of the Supreme Court, or if there is no registrar in his town or city, to the magistrate, who shall frank the envelope with his official franking stamp.

5. For the execution of any writ—

(*a*) (i) of personal arrest, including conveying defendant to court, to attorney's office or to a prison, per person 4.20

(ii) for conveying defendant to court from place of custody on a day subsequent to the day of arrest and attending at court, R1.05 per hour with a minimum of R2.10 but not exceeding 4.20

(*b*) of ejectment: R1.50 per hour, subject to a minimum fee of ... ... 5.25 (in addition to reasonable expenses necessarily incurred)

(*c*) against immovable property:

(i) for execution, including service of notice of attachment upon the owner of the immovable property and upon the registrar of deeds or other officer charged with the registration of such property and if the property is in occupation of some person other than the owner, also upon such occupier 3.05

(ii) for notice of attachment to a single lessee or occupier 1.05

Identical notices when there are several lessees, occupiers or owners, for each after the first 0.25

(iii) for making valuation or report for purposes of sale 5.00

(iv) when a deputy-sheriff has been authorized to sell property and the property is not sold by reason of the fact that the attachment is withdrawn or the debtor's estate made insolvent, irrespective of the amount of the writ 2.10

The necessary notice for the withdrawal of the attachment, the first 1.05

Other identical notices for each after the first 0.25

	R c.
(v) vir die vasstelling en aantekening van watter verband of ander beswarings teen die eiendom geregistreer is, asook die name en adresse van die persone in wie se guns dit geregistreer is, insluitende briefwisseling in verband daarmee	6.00
(vi) om vonnisskuldeiser in kennis te stel van verbande of beswarings en van die name en adresse van die persone in wie se guns dit geregistreer is	0.50
(vii) vir oorweging van bewys dat preferente skuldeiser aan die vereistes van paragraaf (*a*) van subreël (5) van reël *ses-en-veertig* voldoen het	0.50
(viii) vir die in subreël (6) van reël *ses-en-veertig* bedoelde kennisgewing	1.05
(ix) vir oorweging van kennisgewing van verkoping wat deur vonnisskuldeiser in oorleg met adjunk-balju opgestel word	2.10
(x) vir nagaan van aangeduide koerante en die *Staatskoerant* waarin kennisgewing van verkoping geplaas is	0.50
(xi) vir die stuur van 'n eksemplaar van die kennisgewing van verkoping aan elke vonnisskuldeiser wat op die onroerende goed beslag laat lê het en aan elke verbandhouer wie se adres bekend is, vir elke eksemplaar	0.25
(xii) vir die aanbring van 'n eksemplaar van die kennisgewing van verkoping op die kennisgewingbord van die in paragraaf (*e*) van subreël (7) van reël *ses-en-veertig* bedoelde landdroshof en op of so na moontlik aan die plek waar die verkoping sal plasvind, 'n omvattende geld van	1.05
(xiii) vir oorweging van die verkoopsvoorwaardes	1.05
(xiv) by die verkoop van onroerende goed deur die adjunk-balju as afslaer, twee en 'n half persent van die opbrengs van die verkoping, betaalbaar deur die koper, met 'n minimum van ... ... Dit sluit in opwagting om die gelde wat ten opsigte van die koopprys ontvang is op die depositorekening van die landdros van die distrik in te betaal.	20.00
(xv) vir enige by subreël (2) van reël *ses-en-veertig* bedoelde verslag	2.10
(xvi) vir die gee van transport aan die koper	1.05
(xvii) vir die opstel van 'n distribusieplan van die opbrengs (insluitende nodige afskrifte) en afsending van afskrif aan griffier	7.00
(xviii) vir kennisgewing aan partye wat lasbriewe ingedien het en aan die vonnisskuldenaar dat distribusieplan ter insae sal lê, vir elke kennisgewing	0.50
(xix) vir versoek aan landdros om ooreenkomstig distribusieplan uit te betaal	0.50
(*d*) Teen roerende goed—	
(i) Wanneer 'n lasbrief by aanbieding betaal word, 1 persent van die bedrag aldus betaal met 'n minimum van	2.10
(ii) Onsuksesvolle poging om beslag te lê, insluitende opsporing vir een uur en navraag	2.10
(iii) Waar 'n lasbrief teruggetrek word of die skuldenaar se boedel insolvent verklaar word voordat beslag gelê is	2.10
